

'N TRANSKRIPSIE VAN DIE MANUSKRIP VAN

DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE

(SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEK: G 4 B 17)

MET 'N UITVOERIGE ALGEMENE INLEIDING.

Jo-ann Frances Lilley (neé Johnstone)

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van  
die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die Departement Afrikaans-Nederlands  
Universiteit van Kaapstad

April 1992.

DEEL I

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die graad  
Magister Artium aan die Universiteit van Kaapstad deur my  
ingedien word, nie voorheen deur my vir 'n graad aan enige ander  
universiteit/ fakulteit ingedien is nie en dat dit my eie werk  
is.

Philly.....

## ABSTRACT

The manuscript of DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE presently in the possession of the South African Library was exhibited in Brussels in 1990. Its miniature formed the logo for the exhibition and the manuscript was cited as leading attraction. This particular manuscript has never before been transcribed. This study is an introduction to a diplomatic transcription of the manuscript.

Topics covered include a general introduction to the study, a discussion of the text as a Mediaeval literary work, an exposition of evidence pertaining to the possible identification of the author and a brief historical overview of research in this area. An attempt is made to place the manuscript within the generic tree of other manuscripts containing the same text. The study concludes with a brief description of the manuscript and text.

## VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie verhandeling wil ek graag dank betuig teenoor diegene en instansies wat dit moontlik gemaak het.

Aan my hooggeagte promotor prof. R. H. Pfeiffer vir hulp, geduld, vriendelike leiding en aanmoediging.

Drs. P. Huygens-van Beek, vir kosbare raad en aansporing om hierdie taak aan te pak.

Aan mej. D. Smuts, vir hulp met Latyn.

Aan die personeel van die Suid-Afrikaanse Biblioteek.

Aan die Instituut vir Navorsingsontwikkeling (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing) vir finansiële steun.

Aan my man Patrick, my skoonouers en ouers vir baie geduld, opoffering en ondersteuning.

Aan my skepper.

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ten opsigte van die koste van hierdie navorsing word hierby erken. Menings in hierdie werk uigespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skryfster en moet in geen geval geskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

Opgedra aan my man, Patrick,  
my ouers en skoonouers.

April 1992

## INDEKS

### AEDELING I

	Bladsy
1. INLEIDING	1
2. "DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE" AS MIDDELEEUSE REISVERHAAL:	
	4
2.1. Bronne	4
2.2. As 'n bron van kennis	7
2.3. As 'n literêre werk	18
2.3.1. Reisverhaal, reisboek of reisjoernaal?	18
2.3.2. Skryfmotief	22
2.3.3. Verteltegniek	25
2.3.4. Verhaalstruktuur	31
2.3.5. Gewildheid gedurende die Middeleeue.	37
3. ENKELE PROBLEME IN VERBAND MET DIE TEKS:	42
3.1. Die identiteit van die outeur	42
3.1.1. Gegewens	43
3.1.2. 'n Vlugtige historiese oorsig	49
3.1.3. Slot: Wat bly oor?	68



3.2.	Die reiservaring van die skrywer.	71
3.3.	Die betroubaarheid van die teks as natuurwetenskaplike bron	82
3.3.1.	Oor die roetes na Jerusalem	86
3.3.2.	Oor die hemelligame	87
3.3.3.	Oor die vorm van die aarde	90
3.3.4.	Oor die posisie van Jerusalem	93
3.3.5.	Fantasie of feit	94
3.3.6.	Slot	100
3.4.	Die alfabette	101
4.	DIE POSISIE VAN DIE TEKS BINNE DIE GENERIESE BOOM	106
4.1.	Die Franse tekste: indeling	107
4.2.	'n Middelnederlandse aftakking	112
4.2.1.	Die alfabette	115
4.2.2.	Hoofstukindeling en die plasing van die opskrifte	115
4.2.3.	Opskrifte en inhoudsopgawes	116
4.2.4.	Intepolasies en Weglatings	117
4.2.5.	Taalkundige ontleding	117
4.3.	Samevatting	120

5. BESKRYWING VAN DIE MANUSKRIP:	121
5.1. Herkoms	121
5.2. Beskrywing van die manuskrip	122
5.2.1. Die kodeks	122
5.2.2. Bladwagters	127
5.2.3. Signaturen	128
5.2.4. Die miniatuur	129
5.2.5. Die inisiaal	133
5.2.6. Rubrikasie	134
5.3. Die paleografie van die teks	135
5.3.1. Wat is 'n diplomatiese afskrif?	135
5.3.2. Paragraaftekens	137
5.3.3. Die letters	138
5.3.4. Interpunksie	139
5.3.5. Spellingsvorme	139
5.3.6. Leesprobleme	141
5.3.7. Afkortings	142
5.3.8. By die lees van die transkripsie	147
5.3.9. Opsomming	150
BIBLIOGRAFIE	151

AFDELING 11

6. 'N DIPLOMATIESE TRANSKRIPSIE VAN <u>DE REIS VAN JAN VAN</u>	1
<u>MANDEVILLE</u> (Suid-Afrikaanse Biblioteek, G 4 b 17	
AANTEKENINGE	238
INDEKS	255

## I. INLEIDING

"EN TOCH WAS ZE ROND... MIDDELEEUWS MENS- EN WERELDBEELD", was die naam van 'n tentoonstelling van Middeleeuse manuskripte wat vanaf 3 Maart tot 28 April 1990 in die UFSAL te Brussel plaasgevind het, om sy twintigste akademiese bestaansjaar te vier. Die plakkate hiervan het 'n Middeleeuse miniatuur vertoon van 'n man op reis, wat in 'n Middeleeuse manuskrip van die beroemde verhaal, DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE, (in besit van die Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad) voorkom. Dié manuskrip, gekoop deur Sir George Grey, goewerneur van die Kaapkolonie (1854-1860/1), is ~~by~~ sy vertrek aan die biblioteek saam met nog sowat 119 geïllumineerde manuskripte, geskenk. Alhoewel Cramer (1908), Lodewyckx (1910) en Letts (1949) reeds daarna gekyk, verwys en 'n algemene wetenskaplike beskrywing van die manuskrip besorg het, is daar tot dusver nog nie 'n fyner diplomatiese uitgawe van hierdie manuskrip uitgewerk nie. Hiermee sal daar dus gepoog word om 'n algemene inleiding oor die verhaal te skryf, asook om 'n diplomatiese transkripsie van die teks soos dit in die manuskrip voorkom, te verstrek. Omdat die aard van hierdie studie deur die lengte voorgeskryf word, moet daar in gedagte gehou word, dat dié inleiding in baie opsigte oorsigtelik is ten koste van fyner besonderhede.

DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE neem sy plek binne die letterkunde van die reisverhaal in, maar sy waarde gedurende die Middeleeue

was beslis nie daartoe beperk nie. In die vroeëre jare van sy bestaan, het die boek eerstens populariteit as 'n bron van kennis geniet, en eers na die ontdekkingsreise het dit meer literêre aandag geniet en is dit daarvoor waardeer.

Die reisverhaal het, in die Middeleeue, as 'n metafoer vir die siel se reis deur hierdie fisiese wêreld gedien. Mandeville gebruik die reisverhaal om die algemene menslikheid van alle volke voor die lig te hou. Sy verhaal word gekenmerk deur 'n simpatieke, intelligente en bedagsame redesoekende verteller, vir wie God in die natuurlike orde geopenbaar word. Die wonder wat deur ander alreeds beskryf is, word vir hom deel van die algehele wonder van die wêreld. Deur alle volke te kenmerk met menslikheid, wys hy op die antropologiese beginsel, dat die snaakse of besondere maniere en gewoontes van ander eers verstaanbaar word, wanneer mens daardie persoon se gebare ondersoek in terme van die kultuur of konteks waarbinne dit uitgespeel word.

Alhoewel daar nog heelwat kennis ontbreek oor die grootste gedeelte van die lewe van die skrywer, kan daar met sekerheid gesê word dat hy toegang gehad het tot heelwat boeke en dat hy 'n baie belese man moes gewees het. Ondanks die feit dat die teks saangestel is uit 'n aantal verskillende bronne, wys die manier waarop dit gerangskik en gebruik is op die kunstenaar in die skrywer en getuig dit van 'n talent wat die van 'n normale

opsteller by verreweg uitsteek. Die belang van die teks lê nie net in sy hoedanigheid as aardrykskundige bron nie, maar veral as literatuur, nieteenstaande die tendens by sommiges om die teks af te maak as 'n spul geplagiaseerde leuens.

Daar word baie getwis oor die identiteit van die outeur. Die twee hoofargumente word deur J. W. Bennett en M. Letts aangevoer. Bennett se werk gaan uit van dit wat self in die teks staan, terwyl Letts twee "geskiedkundige" monumente as basis vir sy argument gebruik. Of hy self gereis het, is moeilik om vas te stel vanweë sy grootskaalse gebruik van sy bronne. Deur sy betroubaarheid as aardrykskundige en taalkundige outoriteit te ondersoek, sal daar miskien lig op dié saak gewerp word.

In die derde gedeelte van hierdie inleiding sal daar gepoog word om die teks binne die generiese boom van die talle ander manuskripte te plaas deur hul taal, inhoud en struktuur te vergelyk.

L. W.!!! Alle reëlverwysings na die teks gaan terug op die diplomatiëse uitgawe van die Kaapse manuskrip, wat daarna in onderafdeling 6 van afdeling twee beskryf word.

## 2. "DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE" AS MIDDELEEUSE REISVERHAAL.

### 2.1. BRONNE

Die skrywer van die reisverhaal het van die kant van Malte-Brun, d'Avezac, Vivien de Saint-Martin, Sir Henry Yule, dr. A Bovenschen ("eines großen litterarischen Fälschers.....eine charakterlose Persönlichkeit"), en Sir G. Warner (Cramer; 1908: v - vii), onder hewige kritiek gekom as gevolg van sy gebruik van sy bronne; hy is skuldig bevind aan 'n moderne misdaad: letterdiewery of plagiaat.

Gedurende die tydperk waarin Mandeville geskryf het, was dit geen misdaad om van die outoriteite oor te neem nie. Inderdaad, dit het geloofwaardigheid aan die geskrif verleen. Hy is dus as 'n ensiklopedis, 'n geleerde waardeer. (Sien ook 2.2.). Mandeville haal nie net uit die Latynse Heilige Skrif aan nie; toe Mandeville geskryf het, was daar geen tekort aan reisboeke en verhale oor die Ooste nie, wat in albei Latyn en Frans beskikbaar was. Dit is daarom moeilik om sy bronne te identifiseer, (Bennett; 1954: 20) maar, as gevolg van die werk van vakkundiges, is die mees waarskynlike bronne waaruit hy oorgeneem het, opgespoor. Hulle sluit in:

Albert van Aix: HISTORIA HIEROSOLOMITANAE EXPEDITIONIS,

Jacques de Vitry: HISTORIA HIEROSOLOMITANA,

Hayton van Armenia: FLEURS DES HISTORES D'ORIENT,  
 Arabanus Maurus: DE INVENTIONE LINGUARUM (vir sy alfabette),  
 Pape Jan se brief,  
 Uittreksels van Jan van Plano de Carpini, Plinius en Solinus,  
 Willem van Rubroek: ITINERARIUM  
 Willem van Tripoli: DE STATU SARACENORUM, en moontlik ook,  
 Buchard van Berg Sion: DESCRIPTIO TERRAE SANCTAE,  
 Johannes de Sacrobosco: DE SPHAERA, en  
 Brunetto Latini: LIVRE DU TRESOR.

Bostaande bronne is die wat gemeen onder vooraanstaande vakkundiges staan. Slegs een gedeelte is *duidelik* teruggespoor tot Marco Polo se verhaal: die vertelling van die mense van Ormuz wat in water sit om koel te bly (Letts; 1953: xxxiii). Baie van bogenoemde is te vinde in Vincent van Beauvais se SPECULUM NATURALE se onderafdelings: "Naturale" en "Historiale". (Letts: 1949; xxxii) Volgens Bennett, is die drie belangrikste bronne dié van

- Willem van Boldensele (vir die reis deur Palestina en Egipte) geskryf omtrent 1336;
- 'n anonieme ITINERARIUM geskryf 1330 (vir die reis vanaf Betlehem deur Galilee tot Damascus) en;
- Odoric van Pordenone se ITERARIUS van omtrent 1330 (vir die reis na die Middel en Verre Ooste). Die geselskap deur die Duiwelsvallei sluit twee Lombaardse monnike in, asof om voor te gee dat Mandeville self met Odoric gereis het, en in



die Latynse weergawe is daar dikwels verwysings na Odoric ingestop (Letts; 1949: 35).

Van die sestig plekname in die Verre Ooste, is drie-en-vyftig oorgeneem uit die destydse literatuur. Die oorblywende sewe is afkomstig uit antieke bronne (Janssens: 1990; 28). Die skrywer word dus as 'n belese man geopenbaar. Hy het nie alleen kennis gedra van die Europese bronne tot sy beskikking nie, maar ook van dië vanuit die Arabiese wêreld. (Sien sy proefnemings met die astrolabium: reëls 8 338 - 8 391.) Dit sal dus blyk dat hy wel moeite gedoen het om van die beste beskikbare bronne gebruik te maak.

Mandeville was nie die eerste leunstoelreisiger nie: Francesco Petrarca se werk, ITINERARIUM SIRIACUM is op dieselfde manier geskryf en sodoende het Mandeville slegs 'n vroeëre outoriteit gevolg. (Howard; 1980: 32) Gedurende die Middeleeue het die imitatio gedagte gegeld as 'n deug, en nuwe idees of oorspronklikheid is gou as kettery veroordeel (Van Cauwenberghe; 1990: 82). Wanneer die inhoud van Mandeville se boek waarmee hy teen die kerkvaders te staan gekom het, in ag geneem word, is sy swaar steun op outoriteite verstaanbaar. (Hy het nie net beweer dat die wêreld wel rond is nie, maar ook dat die antipodestreek wel bereikbaar is - daar bestaan geen ondeurganklike hittegordel nie!!) Vir die koper van 'n Middeleeuse manuskrip was die gedagtes van die skrywer nie van belang nie; hy wou eerder 'n

herskepping hê van wat vanuit ouer skrywers se werk belangrik was (Lewis; 1964: 180-1).

## 2.2. AS 'N BRON VAN KENNIS

Ondanks die literêre waarde van die boek, is DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE eers as aardrykskundige bron deur die Middeleeuers waardeer. Huizinga se stelling dat:

*"Wanneer met den tijd de oude levensdroom is voorbijgegaan, en de heiligheid en de hartstocht zijn vergaan als de geur van een roos, dan eerst begint het kunstwerk zuiver als kunst te werken, dat wil zeggen, door zijn middelen van uitdrukking, door zijn stijl, zijn bouw, zijn harmonie."*  
(Huizinga; 1963: 346)

kan suksesvol op Mandeville se boek toegepas word. Tot en gedurende die era van die ontdekkingsreise van mense soos Christopher<sup>1492</sup> Columbus, het die werk van Mandeville aandag geniet vanweë die kennis wat die boek oorgedra het. Hy is een van die eerste om die aardrykskundige en astrologiese kennis van die dag aan die breër publiek in 'n omgangs-moedertaal beskikbaar te stel. Die kennis van die Grieke en Arabiere is herontdek gedurende die twaalfde-eeuse Renaissance, maar dit was nog steeds verberg in die taal van die geleerdes: Latyn. In sy proloog word daar geskryf:

*"... Ende wet  
dat ic dit boec hadde gemaect  
in latine om der cortheit wille  
maer om dattie meneghe bat  
dietsch versteet dan latijn soe*

*hebbict in dietsche gheset om  
dat elc mach verstaen ende oec  
om dattie heren en riddersen  
ende andre edele liede die geen  
latijn en connen ende oec ouer  
zee gheweest hebben mogen  
weten oft ic waer segge of niet."*

(reëls 301 - 312)

Mandeville se sosiale kommentaar in vergelyking met dié van die geskifte van die vorige eeu, kom nie voor as uiters streng moraliserend nie, derhalwe dat sy estetiese waarde miskien net deur 'n handvol van sy tydgenote waardeer is. Hy is in die eerste plek waardeer as 'n bron van geografiese, astrologiese en natuurwetenskaplike kennis. Dit is eers toe dié kennis as onwaar bestempel is, dat sy literêre waarde na vore gebring en herken is. Dat die boek heelwat populêr was, nie net in die jare na die Middeleeue nie, maar ook in die Middeleeue self, daarvan getuig die 250 manuskripte wat die "weggooi" van die era van die uitvinding van papier en die drukkuns oorleef het, en nie verlore gegaan het nie as gevolg van die oorloë, brande en natuurrampe nie (Huygens; 1988: 66). Moseley (1974: 13) wys daarop dat mense toe eerder na 'n weergawe sou luister as om te lees - geen verkorter sou sy tyd verspeel op 'n boek wat nie heelwat populariteit geniet het nie - en dat daar reeds op 'n vroeëre datum in die Latyn, die taal van die geleerdes, 'n weergawe daarvan gemaak is (1983: 29).

Ten spyte van die feit dat sommige tekste saam met ander op 'n willekeurige wyse gebind is in 'n kodeks, getuig die volgende dat Mandeville wel beroemdheid geniet het vanweë die kennis wat sy werk beskikbaar gestel het:

Jan sonder Vrees gee opdrag vir 'n versameling tekste wat hy in 1413 as 'n Nuwejaarsgeskenk aan sy oom, Jean de Berry voorlê. Hierdie versameling bestaan uit 'n aantal reisverhale wat vandag as "waar" bestempel word en wat verband hou met die Ooste. Die boekversameling bevat:

- die reis van Marco Polo
- die reis van Odoric van Pordenone
- die reis van Willem van Boldensele
- 'n brief van 'n Mongoolse Khan aan Benedictus XII, die antwoord daarop en 'n beskrywing van China deur 'n dominikaan, Johannes van Cori,
- die reis van Jan van Mandeville
- die LIVRE DES HYSTOIRES DES PARTIES D'ORIENT (1307) van die Armeense prins, Jehan Hayton, en
- 'n reisverslag van dominikaan Ricoldo van Montecroce.

(Janssens; 1990: 149)

Die versameling staan bekend as die LIVRE DES MERVEILLES. Die reisverhaal het dus toe aandag geniet as gevolg van sy kennis van die Verre Ooste en het die status van 'n outoriteit aangaande reis geniet.

Christopher Columbus se boekversameling het, volgens sy historicus, Andrés Bernaldez, ook die boek ingesluit, benewens dié van Marco Polo, Strabo se GEOGRAPHICA, Ptolemeus se GEOGRAPHIA, Plinius se HISTORIA NATURALIS en Pierre d'Ailly se IMAGO MUNDI. Bennett wys hoedat die skrywer van die verhaal, 'n onnoemenswaardige rol gespeel het in die ontdekkingsreise deurdat Mandeville nie net voorgelou het dat die aarde rond was nie, maar ook het hy die stelling met die woord van outoriteite van die dag probeer staaf, en met proewe en 'n verhaal probeer bewys.

Toe Leonardo da Vinci van Milan in 1499 vertrek het, was daar van die groot aantal reisboeke wat hy moontlik kon aangeskaf en saamgeneem het (vanweë die uitvinding van die drukkuns), net een wat hy saamgeneem het: DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE (Moseley; 1983: 9).

Michel Velser se Duitse vertaling van ca. 1393, is saam met 'n versameling astrologiese werke gebind, vermoedelik vanweë sy gedeelte oor die Poolster (Moseley: 1974;7).

Dit is as bron vir die Katalaanatlas (1375) gebruik en Mercator het sy omvaringsteorie aanvaar toe hy hom as bron vir sy kaart gebruik het (Moseley 1983: 31-32).

Die eerste weergawe van Hakluyt se PRINCIPALL NAVIGATIONS (1598) was spesifiek opgestel om 'n bron van kennis oor die Ooste te wees, en dit het Mandeville ingesluit.

'n Portret van Mandeville kom voor op die titelblad van PURCHAS HIS PILGRIMES (1625) saam met onder andere, Columbus en koning Salomo (Moseley: 1983; 30).

Mandeville was nie die eerste om voor te gee dat die wêreld rond is nie - dit was 'n bekende feit onder die geleerdes in die Middeleeue as gevolg van die kontak met Griekse tekste veral via die Moslems in Spanje; maar dit het in direkte kontras met die Kerk se teorie dat die wêreld plat was, gestaan. Verder was die bestaan van die teenvoeters vir die Kerkvaders onbegryplik en moes dit teengestaan word, want dit sou hul taak op aarde bemoeilik vanweë die vurige hitteband wat hulle van die res van die gekende wêreld geskei het. Hulle kon nie kans sien vir 'n groot Christelike uitreik na daardie gedeelte van die wêreld nie en sou dus nie hul plig volgens Markus (16:15) in die Bybel kon voltooi nie. Augustinus (354 - 430) het alreeds geskryf dat

*"Zelfs al zou de aarde sfeervormig zijn, dan wil dit nog niet zeggen dat er aan de overkant droog land uit het water steekt en indien toch, dat er daar mensen zouden zijn omdat alle mensen uit Adam stammen en die leven hier."*

(Van Cauwenberghe: 1990; 83)


Dat die Kerk se invloed so groot was, getuig die feit dat latere redakteurs van die verhaal bygevoeg het dat die verhaal deur die Pous goedgekeur is (Bennett; 1954: 73) en vandag word daar nog in

skoolhandboeke voorgegee dat die mense toe geglo het dat die aarde 'n plat skyf is. Hierdie siening is geïntensiver deur die twee-dimensionele afbeelding van die wêreld van destyds. Hul besef van die wêreld is gebaseer hoofsaaklik op 'n letterlike interpretasie van gegewens wat in die Bybel voorkom. Dié het aanleiding gegee tot die geloof in 'n aardse paradys aan die toppunt (ooste) van die wêreld en dat Jerusalem die middelpunt van die aarde aandui (Esegiël 5:5). In teenstelling daarmee was die Arabiese benadering tot die aardrykskunde wetenskaplik, spekulatief en vooruitstrewend.

Hierdie twee denkrigtings word geopenbaar in die verskillende kaartsoorte wat in twee hoofkategorieë val:

Die OT-kaart was 'n ideologiese afbeelding van die wêreld volgens die siening van die kerkvaders. Dit stel die aarde as 'n ronde skyf voor, met Jerusalem in die middel (Esegiël:5:5) en die aardse paradys bo-op in die Ooste. Die landmassa omring deur water, word hoofsaaklik in drie verdeel deur middel van water wat dit volgens 'n T-vorm binnedring. Daarmee word die land volgens die verdeling van die land tussen Gam, Sem en Jafet voorgestel (Genesis 9:18)(reels 9 750 - 775). In die ooste word Asië voorgestel. Dit word deur die Dnieper en die Nyl van Europa en Afrika onderskeidelik geskei en die twee word vertikaal deur die Middellandse see geskei. Vanuit die Aardse Paradys vloei die Nyl asook die Physon en die Ganges wat deur Indië loop, en die

Eufraat wat deur Persië loop, wat soms ook voorgestel word (reëls 13 003 - 13 116)



Daarnaas het die praktiese land- en seekaart bestaan wat as gids vir die reisigers en pelgrims bedoel is. Daarop is gepoog om die roetes, stede, hawens en kuslyne vir werklike reisdoeleindes betroubaar weer te gee, byvoorbeeld die "Gough"-kaart van omstreeks 1350 (Howard; 1980: 20).

Hierdie tweede siening dat die wêreld wel rond was, is hoofsaaklik egter net onder die geleerde's bestry. Dat die Kerk destyds baie invloedryk was onder die gemene skare, getuig Mandeville self in die teks:

" .... Waert datmen  
voere van scepen ende van lie-  
den vonse die al die wereld om  
wouden varen men mochte te..."

(reëls 8.097 - 8 100)



En toe Christophers Columbus geseil het in 1492 was dit nog steeds dieselfde vrees onder die matrose, dat hulle van die einde van die wêreld sou afval, wat aanleiding gegee het tot baie van die probleme wat hy met hulle ondervind het. In sy joernaal skryf hy:

*"I comforted them with great promises of lands and riches. To sustain their hope and dispel their fears of a long voyage, I decided to reckon fewer leagues than we actually made. I did this that they may not think themselves so great a distance from Spain as they really were. For myself I will keep a confidential accurate reckoning." (Sunday, 9 September 1492)*

en weer later:

*"I am having serious trouble with the crew, .... All day long and all night long those who are awake and able to get together never cease to talk to each other in circles, complaining that they will never be able to return home. They have said that it is insanity and suicidal on their part to risk lives following the madness of a foreigner. They have said that not only am I willing to risk my life just to become a great Lord, but that I have deceived them to further my ambition. They have also said that because my proposition has been contradicted by so many wise and lettered men who considered it vain and foolish, they may be excused from whatever might be done in the matter. Some feel that they have already arrived where men have never dared to sail and that they are not obliged to go to the end of the world, especially if they are delayed anymore and will not have sufficient provisions to return ...." (vetdruk van my)*  
(Fuson; 1987: 66-67)

Waar Odoric skryf dat hy sy sig op die Noordelike ster verloor, neem Mandeville oor en brei sy beroemde teorie oor die rondheid van die aarde uit. (Bennett; 1954: 36). Mandeville het egter empiriese wetenskaplike bewyse daarvoor probeer gee, wat hy oënskynlik deur middel van 'n astrolabium, 'n Arabiese instrument verkry het. Hierdie teoretiese instrument is ook gebruik om sy stand met betrekking tot die suidelike ster, Antartika, uit te

lig. Verder haal hy die Psalms as outoriteit aan ("Deus operatus est salutem in medio terrae") asook die verhaal van die man wat om die wêreld geseil het. Alhoewel sy metings nou bevestig is as ongegrond en nie op vaste selfbeproeving gebaseer nie, nogtans was dit genoeg om ander aanleiding te gee om te glo dat die wêreld wel rond is. Daarnaas is die boek as geheel ten ondersteuning van die stelling dat dieselfde natuurlike prinsipes dwarsdeur die wêreld geld, ongeag waarheen mens reis en dat alles wat mens teëkom deur die mens gerasionaliseer kan word volgens Jeremia 33:25. (Moseley; 1983: 29) Sy verhaal het onder andere Columbus, Frobisher en Raleigh aangespoor om hul angs te bemeester en onder seil te gaan. Die legendes wat sy boek bevat, het gedien om ontdekkingsreisigers te inspireer en te lei. Sodoende, volgens Bennett, het Mandeville 'n aansienlike rol gespeel in die aardrykskundige bevordering. (Bennett; 1954: 232-3)

DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE is as ensiklopedie gebruik omdat hy beide standpunte weergee. Dat reëls 8 068 - 255 wat oor die rondheid van die aarde handel en wat deur die astrolabium-proefneming opgevolg word, direk deur die gedeelte oor die sentrale posisie van Jerusalem gevolg word, is vir Janssens 'n illustrasie van hoe die skrywer die twee probeer versoen het in sy boek. Sy teks is nie 'n aanval op die Kerk se siening nie, dit kom eerder voor as 'n aanvulling daarvan. Hy stel 'n aarde voor wat uit die bekende en bewoonde halfgrond bestaan, waarvan

die Heilige Stad die middel vorm en van waaruit 'n mens na die bolrand afdaal. (Janssens; 1990: 28) Dat die seën van die Kerk belangrik vir die leserpubliek van boeke was, is sonder twyfel vanweë die groot invloed wat die Kerk uitgeoefen het. Die Engelse weergawes van die verhaal bevat 'n inlassing deur 'n latere redakteur wat voorgee dat die boek in Rome deur die Pous goedgekeur is. Dit was onmoontlik want teen daardie tyd was die Pous te Avignon. Dat die Kaapse manuskrip 'n OT-kaart ryk is, wys hoedat die opsteller daarvan gepoog het om die oordra van die kerklike kennis te probeer beklemtoon.

Aardrykskunde en astrologie was nie die enigste vakke waarvoor die boek as bron gebruik is nie. Dit is ook gebruik as 'n godsdienstige handboek. Latere uitgawes van die boek is bewerk om die Heilige Land en die wonderweke van die verskillende Heiliges te beklemtoon, byvoorbeeld, albei die kort berymde weergawes van DE REIS naamlik, BM MS ADDIT, 37049, en die Bodliaanse ms Ashmole 751, is hoofsaaklik ekstrakte wat te doen het met Christelike toewyding (Moseley; 1974: 11). Dit was ook 'n bron van Christelike godsdienstige verhale: Bybellegendes, mirakelstories, die lewensverhale van heiliges asook gegewens oor een of ander wonderwerk deur die relikwieë van die een of ander Heilige. Laasgenoemde het gewoonlik met genesing te doen gehad (Southern, 1953; 247).

Die boek is ook 'n samevatting van legendes van die verskillende streke in die Ooste waarvan die skrywer kennis gedra het. Soms

word twee verskillende legendes oor dieselfde gebeurtenis weergegee, byvoorbeeld die twee stories wat handel oor Muhammad se verbod op wyn (Sien reëls 6 280 - 6 329).

Vir die taalkundige hou Mandeville ook iets interessants in: Bennett(1954; 61-2) wys hoe van die vreemde eiename en benoemings van vreemde verskynsels deur Mandeville weergegee, die eintlike name eggo of suggereer. Die groot aantal inheemse name van plekke en goedere onderskei dit van vorige reisverhale. Warner wys daarop dat "al katran" alleen deur hom aangeteken is. Van waarde sou ook die ses alfabelle gewees het, wat later deur oorskrywers en redakteurs verdraai is. Hulle sluit in dié van die Grieke, die Egiptenare, Jode, Sarasene, Perse en Chaldeërs. Bennett wys ook daarop dat geen voormalige of vroeëre reisiger dieselfde belangstelling daarvoor getoon het nie. Nieteenstaande was dit een van die bekoringe van die boek, want die tweede redakteur het nog twee (Sjinees en dié van die land van Pape Jan) en nog een vir die ou man van die berg bygevoeg, en in die Nederlandse weergawe, kom daar sewentien alfabelle voor en by die gedeelte oor Golgotha (reëls 3 386 - 3 458) word nog twee Griekse opskrifte verskaf (Bennett: 1954; 65-66). Deur sy eiename en deur middel van sy alfabelle, gee hy uiting aan die bewuswording van taalverskeidenhede onder die verskillende volke en dat die Middellandse seegebied sy sentrale rol moes begin afstaan in die bewussyn van die Europese mens (Janssens; 1990: 29).

## 2.3. AS LITERÊRE WERK

### 2.3.1. Reisverhaal, reisboek of reisjoernaal?

Boeke oor reise kan in drie kategorieë gedeel word:

- die reisverhaal wat hoofsaaklik epies van aard is;
- die reisboek, wat minder persoonlik en meer informatief is oor pryse, praktiese besonderhede, woordelyste;
- die reisjoernaal, wat klem op die dagboek-kwaliteite lê.

(Van Heerden: 1969;54)

Daar is diegene wat DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE binne die kategorieë van die reisboek of die reisjoernaal probeer stop en as gevolg daarvan word die teks as 'n swak reisgids veroordeel. En hoekom dan nie, want dit sal altyd as reisgids misluk - dit was nie die bedoeling van die skrywer nie!

Bennett wys daarop dat die boek nie as 'n handboek vir 'n pelgrimstog bedoel word nie omdat baie van die inligtingsbrokkies wat wel in so 'n boek tuishoort, naamlik praktiese wenke in verband met kos, drank, verkoopsplekke en pryse, ontbreek. Alhoewel Mandeville Odoric as bron noukeurig volg, word al die besonderhede in verband met tipiese Middeleeuse reisbenodighede en wonderwerk-stories oorgeslaan (Bennett; 1954: 32). 'n Tipiese

pelgrimstog het 'n spesifieke bestemming voor die oë gehad - òf die Heilige Land, òf 'n spesifieke tempel. Nadat die bestemming bereik is, en die plig voltooi is, was daar niks meer om te doen as om huis toe te gaan nie. Mandeville se reis verskil hiervan deurdat dit nie net op verskillende plekke en mense konsentreer nie, maar omdat dit verder as die Heilige Land gaan en daardeur verkry dit 'n figuurlike literêre betekenis (Sien 2.3.4. Die Verhaalstruktuur).

Dat hy as hoofsaak geskryf het tot behoud van die aanbiddingsoorde en om die behoeftes van die pelgrims te steun (Letts; 1949: 42) is ook nie juis nie; hy gee voor dat hy besorg is oor die toestand, die instandhouding en verdediging van die plekke, maar dit is nie sy hoofmotief nie. Wat eerder wel in ag geneem moet word, is wat self in die teks staan, omdat dit die skrywer se motief openbaar. In 'n teks soos dié, spreek die verteller self die doel van die outeur uit:

*" ... Ende sonderlinge  
om der geenre wille die  
noch menighe hebben te  
visenteerne dese heyleghe  
stat van iherusalem ende die  
ander stede die daer omtrent  
sijn den welken ic sal seggen  
ende wisen wat weghe si daer  
toe houden moeten."*

(reëls 289 - 297)

Mandeville skryf om die pad te wys: in die Middeleeue het die tog na Jerusalem as simbool van die mens se reis deur die wêreld

bestaan. Dat die letterlike betekenis van die die woorde nie die belangrikste is nie, word verderaan duideliker wanneer hy skryf:

*"Ende eest dat ic oec iet dalende  
ben in mein redene meds ver-  
ghetelicheit of anders waer  
omme dat si dit boec corrigeeren  
mogen ende setten in rechten  
weghe der waerheit. Want  
dinghen diemen ouer lanc  
ghesien heeft werden wel ver-  
gheten entie memorie des  
mensen en mach alle dinc  
niet verstaen no onthouden ..."*

(reëls 313 - 323)

Hy is dus bereid om verbeterings te aanvaar. Weer aan die einde skryf hy:

*"Ende ic nemende solaes  
in mine keytiueghe rustinge pen  
sende om den tijt die leden es soe  
hebbic dit boek ghescreuen ende  
daer in gesit dat ic gesien hebbe  
na dien dat mi gedinken mach ..."*

(reëls 13 399 - 44)

Dit dui aan dat sy verhaal op herinneringe uit die verlede berus. DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE is dus hoofsaaklik 'n reisverhaal. Tot 'n sekere mate voldoen dit aan die eise van 'n reisjoernaal, deurdat dit iets van die verskillende roetes vertel, alhoewel Bennett daarop wys dat hy soms die verkeerde aanwysings gee vir roetes, byvoorbeeld sy opnoem van die stede langs die Palestynse kus loop in die verkeerde rigting soos hy sy outoriteit volg, maar dit bewys maar weer 'n slag dat dit nie die motief van die skrywer was nie. Die boek bevat ook kenmerke van die reisboek of

-gids deurdat dit van die verskillende geldsoorte, plekke, woordgebruik en mylafstande weergee, maar in teenstelling met ander werkliker reisigers van sy tyd, wat reisboeke en reisjoernale geskryf het, wat statistieke en koue nugter en praktiese reiskennis meegedeel het, het die outeur 'n boeiende reisverhaal geskep, wat die mensdom van die Middeleeue en vreemde buitewêreld nader aan mekaar gebring het en daarmee 'n selfbespieëlende ondersoek van die Westerse mens self aangebied.

Toe Mandeville geskryf het, het reisboeke groot populariteit geniet vanweë die Johaniete, wat in 1343 daarin geslaag het om Smyrna te herwin (Bennett; 1954: 56). Mandeville kon net so wel nog 'n reisboek geskryf het, maar hy het verkies om die stof te gebruik om 'n literêre werk van hoë gehalte te skep. Verder is DE REIS met verhale soos die van SIR GOWTHER, JOSEPH OF ARIMATHEA, ALEXANDER en DIE REIS VAN ST. BRANDAAN geklassifiseer. Dit is 'n romanse, soos die vertaling in Frans getuig: LE ROMANT DE MANDEVILLE (Bennett; 1954: 83 - 4)

Die skrywer slaag daarin om die leser se aandag te behou soos hy nie net op reis gaan om nuwe lande en mense te leer ken nie, maar ook om die aangename geselskap van die verteller te geniet en om homself uiteindelik as mens beter te leer ken.



### 2.3.2. Skryfmotief

In die eerste plek, word daar dus geskryf om mense op die regte pad te hou, so te sê. Gedurende die tydperk waarin die reise vermoedelik plaasgevind het, was Engeland en Frankryk in stryd met mekaar. Mandeville skryf om te wys op 'n gemene vyand, wat die eise hoër as die aardse stel. Die Heilige Land, die geseëndste plek op die aarde, is van die Christendom beroof en sal eers herwin word wanneer die prinse hul verskille tersy kan lê en saamwerk om hul goddelike plig (om die volke te lei) nakom. Die Heilige Land sal eers deur opregtheid herwin word:

*" ... Maer hede opten dach soe  
heeft houerdicheit ghiricheit  
ende nijt alsoe die herten der  
lantsheren ontsteken ende doen  
bernen ende beuaen datsi meer  
haer meinge hebben enen an-  
dren te onteruene dan si heb-  
ben te calengeerne of te win-  
nene haer recht proper eerue  
Ende dat ghemene volc dat  
goede wille heeft daer vore  
te settene lijf ende goet si en mo-  
ghen niet doen sonder die ouer-  
ste heren. Want vergaderinge  
vanden gemeinen volke sonder  
hoet te hebbene van heren  
es als een cudde scape sonder  
herde die hem sceden ende en we-  
ten niet waer si gaen ofte wat  
si doen selen. maer waert dat  
sake dat bequamelijc ware  
onsen heyleghen vader den  
paeus want gode waert wel  
bequame dat die ertsche prin-  
cen van acorde ende met enen  
dele van hare ghemeinten wou-  
bestaen die heyleghe vaert  
van ouer zee. Jc wane seker*

*sijn. dat in corten tiden dathey-  
leghe lant der gheloeften soude  
sijn ghewonnen ende gheset  
inder hande der gherechter erf-  
ghenamen dats der kerstene  
nde om dat lange es leden  
dat ghemeine vaert ouer  
zee ghedaen en wert ende  
vele liede hebben genoechte  
in spreken te horne van desen  
heyleghen lande. .i."*

(reëls 215 - 253)

Hierdeur sluit hy aan by die digters sedert die dertiende eeu, wat die wansukses van die kruistogte aan die selfsugtigheid van die adel toegeskryf het (Pleij; 1984: 53). Bennett wys daarop, dat toe die skrywer van die boek grootgeword het, die twee dryfkragte van die reis na die Ooste en kruistogte gierigheid en godsdiens was. Mandeville roep dus nie op tot 'n nuwe kruistog nie, maar doen 'n beroep op mense om siel en gewete te ondersoek.

Die verteller se houding teenoor ander volke en hul maniere ontbreek aan etnosentrisiteit. Gedurende die Middeleeue was daar glad nie sprake van verdraagsaamheid ten opsigte van ander volke nie (Southern; 1953: 41). Na Mandeville se mening, egter, is alle vreemde gewoontes eers verstaanbaar wanneer hierdie gewoontes in kultuurverband waargeneem word. Sy verdraagsaamheid laat hom toe om uiteindelik alle menslike wesens (met die Jode as enigste uitsondering) te respekteer en probeer liefkry omdat:

*" ... wi en weten niet  
die welke God mint ofte haet*

*want hi en haet gene creaturen  
die hi heeft ghemaect...*"

(reëls 12 742 - 45)

Sy gebrek aan vooroordele laat hom toe om ander kulture te gebruik om kommentaar op sy eie samelewing te suggereer, byvoorbeeld, in die Bragman se kannibaalse ritueel weerklank deur sy verteltegniek, die Christelike offer gedurende die mis, terwyl dieselfde gewoonte deur Odoric as laag en afskuwelik beskou word (Howard: 1980; 75).

Mandeville skryf om twee prinsipes te bewys, naamlik, dat alles aan dieselfde ordenende magte in die wêreld onderhewig is, en tweedens, dat God daardeur geopenbaar word. Wat as seksuele afwykings geklassifiseer kon gewees het, verwys hy slegs na as 'n wonder van die planeet, byvoorbeeld, die dubbelslagtige volk, en die maagdelike taboe. Hulle word nie beoordeel nie en daar word nie in fyner besonderhede nagegaan om hom eers daarin te verlustig en dit dan later te verdoem nie (Bennett; 1954: 75). In die Middeleeue is sy werk ook saam met die ROMAN DE FAUVEL saamgelees, 'n satire van die maatskappy (Bennett: 1954; 84). Sy werk is dus as 'n werk van maatskaplike kommentaar ook waardeer. Die boek se waarde het dus daarin gelê dat dit kennis met vermaaklikheid oorgedra het. Dat hy die boek met 'n oproep tot 'n nuwe kruistog begin het, is glad nie verbasend nie, wanneer mens in ag neem eerstens, dat teen die tyd dat Mandeville geskryf het dié alreeds 'n cliché geword het vir boeke wat handel het

oor die Heilige Land, en tweedens dat dit ook saamhang met die persoonlikheid van die verteller.

### 2.3.3. Verteltegniek

Die kruistogte het daartoe gelei dat ridders hul gesien het as die dienaars of vasalle van 'n veronregte God, wie se algehele plan hulle letterlik help uitvoer. Reeds teen die dertiende eeu was die ridderorde gesetel in die kerklike : die seremonie van die totstandkoming van 'n ridder het in 'n kerk plaasgevind en is gewoonlik op 'n feesdag na 'n nagwaak gehou. Dit het 'n heilige plig vir elke edelman geword om na die bevryding van die Heilige Land te streef (Pleij; 1984: 52).

Die verteller speel 'n belangrike bindende rol binne 'n reisverhaal. Hier slaag die skrywer om die verteller op die regte balans te bring: hy is nóg selfverheerlikend, nóg neerbuigend. Hy besit die nodige ewewig om van hom 'n "mededeelsame waarnemer" (Van Heerden; 1969: 54) te maak.

Jan van Mandeville stel homself voor as 'n ou ridder wat in Engeland in "Aubain" gebore en grootgemaak is. Hy het daarvan in 1322 op "St Mychiels" dag vertrek en lank oorsee gebly waar hy baie lande te sien gekry het. Hy hoop om daarvan te vertel as die tyd hom dit toelaat. Ons leer dat hy verskeie lande besoek

het en dat hy as soldaat vir die Groot Khan asook die Sultan van Egipte gedien het. Die hand van 'n prinses is deur die Sultan aan hom aangebied in ruil waarvoor hy sy geloof moes prysgee. Hy het geweer en verder op reis gegaan en ook 'n ruk lank aan die hof van Pape Jan deurgebring. Dit is eers teen die einde van die boek dat die ou jigtige ridder homself aan ons openbaar. Hy skryf:

*"... en nu benic  
comen te rusten Jegen minen danc  
mids fledersine ende articlcn die mi  
verworgen..."*

(reëls 13 436 - 9)

Met verloop van die verhaal, word die verteller al hoe meer betroubaar as getuie en as mededeler van wat hy ervaar en gehoor het, en belangriker, van wat wel bestaan maar wat hy self nie ervaar het nie. Van die aardse paradys skryf hy dat hy self nie daar was nie, omdat hy nie daarvoor verdienstelik genoeg is nie, maar dat hy wel die pad daarnatoe kan wys en dit van buite kan beskryf (Letts; 1949: 99).

Sy eie twyfelsug maak van hom 'n geloofwaardige persona wat hom die gawe verleen om die leser se vertrouwe geleidelik te wen. Deur minder geloofbare stories op 'n skeptiese manier te behandel, beklemtoon en verleen hy outoriteit aan die stories wat hy wel glo (Howard; 1980: 64). Bennett wys daarop dat hy die enigste voor 1727 is om die egtheid van die kruis in bewaring in Cyprus te betwyfel. Mandeville vestig die leser se aandag daarop, dat dit nie die ware Kruis is nie, maar eerder dat dit

die van die Goeie Dief is (Bennett; 1954: 56). Hy is in relieke geïnteresseerd en respekvol daarteenoor, maar nie liggelowig of onnosel nie. Van die "wondere" wat hy op pad Jerusalem toe ondervind, word deur hom in twyfel getrek, byvoorbeeld, dat dit moontlik is om Noag se ark te betas en hy voeg by dat die enigste persoon wat daarin geslaag het was 'n monnik as gevolg van die hulp wat 'n engel hom verleen het. Ander wonderbaarlike verskynsels word deur hom op 'n logiese en nugtere manier verklaar, byvoorbeeld sy verklaring vir die benoeming van die "Rooi See".

Hy is nie geneig om die wonder van die Ooste te oordryf nie, byvoorbeeld, van die miere volg hy nie die brief van Pape Jan wat hulle voorsien van vleuels, ses voete en slagande wat groter as die van wilde varke is nie, maar skryf net dat hulle so groot as honde was (Letts 1949: 98). Hierdie relativerende houding van Mandeville is veral van groot waarde in 'n tyd toe die wonder en mirakels voortdurend vermenigvuldig het. Dit was 'n faset van die eweneens groeiende aantal gebede en klein besonderhede wat ingevoer is deur die Kerk en wat uiteindelik sou lei tot die oproep tot hervorming.

Deur die loop van die verhaal voer hy die leser van een onderwerp na die ander, met sy ondersoekende en kritiese gees as kleurlens. Sy oog dien as fokus. Vreemde gebruike en gewoontes word in verband met die bekende werklikheid of norme van die leser

gebring. Hierdie soort vergelyking maak die lees van die verhaal deurdringend en geloofwaardig, byvoorbeeld, van die vrouens van Chaldee skryf Odoric dat hulle kort rokke met lang moue wat op die grond vee, dra, en Mandeville voeg daarby "soos die rok van 'n monnik"(Bennett 1954: 30). Daardeur, slaag hy daarin om die genot van die leser te wen, asook sy belangstelling om verder te wil lees.

Die verteller se gesonde verstand maak hom onmisbaar vir die leser wat sy weg moet vind tussen al die stories en legendes waarmee hy in kontak gebring word, byvoorbeeld, hy wis dat as die serpente uitgebrand moes word, dat die peper ook waarskynlik sou gebrand het. Daarom gee hy nog 'n verklaring vir hoe die serpente uitgeroei word (Letts; 1949: 57). Anders as sommige van sy voorgangers, is die verteller bereid om die mense en monsters wat hy teëkom te ondersoek en 'n plek vir hulle binne die goedgeskape natuur te vind. Oor die wondere aan die hof van die Groot Khan, stel hy die leser gerus dat hulle nie duiwelswerke is nie maar dat daar 'n rasonale verduideliking daarvoor bestaan (Moseley; 1983: 18). Dat alles aan dieselfde natuurlike prinsipes onderhewig is, vind sy hoogtepunt in sy teorie dat die wêreld wel rond is.

Die grootste deel van die boek is op 'n feitlike manier meegedeel, wat 'n waarheidsillusie skep en vol vertroue voorgee dat die skrywer/verteller self daar moes gewees het: hy sê nie

dat hy op die magneetsee gevaar het nie, maar hy sê dat hy die wrakke van ver af gesien het en van Noag se ark vertel hy ook dat dit moontlik is om dit op 'n helder dag van ver af te sien. Soms blyk dit dat die geloofwaardigheid van die leser tot sy uiterste beproef word, maar hy verseker ons dat hy dit self nie sou geglo het nie, as hy dit nie self gesien het nie.

Verskeie persoonlike besonderhede word die leser meegedeel omtrent die karakter van die ridder om die geloofwaardigheid van die reis te bevestig. Hy vertel van die brief van die Sultan wat hy rondegedra het en wat hom toegang gegee het tot besondere plekke wat andersins vir hom ontoeganklik sou gewees het.

Bennett vestig aandag daarop dat Mandeville se private gesprek met die Sultan 'n algemene literêre tegniek was, en dat Mandeville Marco Polo volg, wat geskryf het van 'n soortgelyke ontmoeting met Kublai Khan (Bennett; 1954: 64). By die Duiwelsvallei leer ons dat hy van sy eie ervaring met die duiwels 'n groot litteken opgedoen het.

Bennett identifiseer Mandeville se vertelwyse met die van reisigers soos Solinus, Plinius en Strabo omdat dit dieselfde styl openbaar: dit is eenvoudig, helder, en maak gebruik van sintuiglike beskrywings en van vergelykings om die ongewone met die bekende te skakel (Bennett; 1954: 48).



Alhoewel dit 'n bekende feit is dat Mandeville van sy bronne woord vir woord oorgeneem het, wys Moseley (1983: 19) dat dit uiters moeilik is om presies te sê waar hy van die een afskeid neem en by die ander aansluit. Die skrywer het daarin geslaag om van sy bronne op so 'n manier gebruik te maak, dat hy die een met die ander kan inweef. Hy openbaar sy eie skryfkuns deur middel van sy beskrywings van die vreemde, byvoorbeeld, die paleis van die Groot Khan en sy waarnemings van vreemde verskynsels word op so 'n manier weergegee, dat daar 'n weerklank is van eie gewoontes in die leser se geheue. Alhoewel hy van bronne gebruik gemaak het, is die kunswerk van sy vertelling sonder twyfel sy eie.

#### 2.3.4. Verhaalstruktuur

Ten spyte van sy aardrykskundige waarde destyds, is DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE ook 'n literêre werk wat 'n besondere verhaalstruktuur openbaar en daarin slaag dit om kommentaar oor die samelewing van die dag te lewer. Die basis van die geloofsdenkrigting is dié, dat alle volke tog mense en die skeppinge van God, wat homself nie net deur die Katolieke Kerk openbaar nie maar ook deur die natuur, is. Hierdie denkrigting is gesetel in die Middeleeue wat die BESTIARIUM as lering voorgehou het, maar Mandeville volg ook die intellektuele skool, wat nie dié van ander geloof veroordeel het nie, maar deur hulle ook iets van God se genade probeer leer het. Hy skryf hulle nie af as ketters nie, maar hul aksies word voor die lig gehou binne die konteks van hulle geloof. Moseley wys daarop dat die manier waarop hy die Sarasene, Muslims, Jakobiete, Grieke en Bragmanne uitbeeld, merkwaardig is, omdat hy hulle as gevolg van die kennis wat hy aan sy lesers oordra, nie as duiwels voorstel nie. Hulle word aan die leser as interessant, opreg en op 'n simpatieke manier voorgestel, deur hul rituele en leer met Bybelse verwysings te staaf (Moseley; 1983: 27).

Hy weef ook die storie volgens 'n verhaallyn, wat op so 'n manier gerangskik is, dat dit kommentaar lewer op sy eie samelewing. Aan die einde van die verhaal, word die idil<sup>ie</sup>iese bewoners van Riboth en hul geloof aan die leser voorgestel. Hul geloof staan

naaste aan die Christelike mis, en hiermee het Mandeville die  
leser se kringloop om die wêreld voltooi, deur die twee uiterstes  
bymekaar te bring en hom voor homself te<sup>=staan-</sup>laat kom. —

Die storie beweeg op twee vlakke binne die verhaalstruktuur:  
Op die eerste vlak beweeg die verhaal op 'n liniêre maar  
progressiewe manier. Die tempels wat hy ondersoek op weg na die  
Heilige Land en die Bybelstories wat hy gebruik, dra daartoe by  
(Howard; 1980: 68). Howard vergelyk die eerste gedeelte van die  
boek wat oor die Heilige Land handel, met 'n relieke vanweë die  
lang lys van plekke en tempels wat as ongestruktureerd voorkom en  
die holderstebolder manier waarop brokkies kennis en  
wetenskaplikhede aan die leser bekendgemaak word. Dit weerspieël  
die Middeleeue deurdat hierdie selfde neiging van hulle om  
relieke te versamel uiteindelik as die godsdiens van die laat  
Middeleeue bestempel is, en op skandaal uitgeloop het.

Die tweede gedeelte van die boek noem Howard 'n "quasi- or anti-  
pilgrimage"(1980: 72) omdat dit 'n reis is terug na die eerste  
AETAS van die wêreld (Lewis; 1964: 184) - die van 'n vervalde  
NATUUR.

Die leser word van die heel bekendste verder en verder gevoer tot  
die Verre Ooste, waar hy die heel (volgens sy mening) vreemdste  
volke leer ken. Hy laat ook sy leser sien, dat net soos ons  
hulle vreemd vind, net so vreemd sou ons vir hulle lyk as hulle

vir die eerste keer in aanraking met die Westerse beskawing sou gekom het. Dit word veral duidelik gemaak wanneer hy die alfabette van die verskillende volke weergee. Howard wys daarop dat hy van die bekende na die vreemde beweeg. Heel aan die einde van die vreemdste alfabet, vestig Mandeville die aandag daarop dat selfs dié alfabet nie oor die twee ekstra letters van die Engelse alfabet, naamlik thorn en yogh beskik nie (Howard; 1980: 69). Die implikasie is dit dat die Weste net so vreemd, miskien nog vreemder is as die lande wat hy besig is om te beskryf. Hoe verder die reisverhaal die leser wegneem van sy eie westerse lande na dié van al hoe vreemder mense en kulture, hoe nader beweeg die leser aan die besef dat die mees eksotiese en barbaarse volke van die Ooste die naaste aan homself staan: op die eiland van Rybothe, ontdek die leser 'n godsdienst wat 'n pous en 'n fantastiese kannibalistiese ritueel bevat. Die kannibalisme is op so 'n manier voorgestel, dat dit die Christelike Nagmaal op 'n skokkende maar heilige manier na-aap en die aggressiwiteit van die aktiwiteit word sodoende verminder. Bennett het dit as 'n Zoroastriese begrafnisdiens herken, maar sy voeg daarby dat daar niks van die gebruik van die skedels in hul ritueel tot dusver opgelet is nie (Bennett: 1954; 47). Hierdie "vervaardiging" van Mandeville word ingevoeg om as parodie van die Christelike geloof te dien. Die ritueel word in alle erns opgeteken en daar is geen sprake van spot nie. Hierdie wederkerende uiteenlopendheid hang saam met Mandeville se teorie oor die rondheid van die aarde en dat die Verre Ooste glad nie so

ver van die Weste verwyderd is nie. Inteendeel, in terme van die Ooste, staan die Weste self ten ooste.

Die tweede vlak waarop die verhaal beweeg, hang hiermee saam. Mandeville is gedurig besig om nie net die twee wêrelddele te kontrasteer nie, dit wil sê, die Weste en die Ooste, maar hy kontrasteer ook verskillende temas binne die bou van die verhaal: Howard (1971: 6) wys hoe die eerste twee tradisionele streekstories teenoor mekaar staan om die beeld van die dood te illustreer: albei verhale handel oor 'n dame, 'n ridder en 'n monster, maar in die eerste storie spreek dit van hoop waar die dood oorwin kan word. In die tweede, is die walglike kant van die dood beklemtoon, en die onnatuurlike gebruik van die liggaam, wellus en die dood word met die ewige dood gekoppel. Die tema van verlossing en verdoemenis word daarmee uitgelig. Bogenoemde gebruik van die legendariese skryf Letts toe aan die skrywer se verwarring (Letts: 1949; 43), maar dat dit wat Mandeville geskryf het geen verwarring of toeval was nie, word deur die volgende geïllustreer:

Reëls 399 - 432 vertel van Justinus te Constantinopel wat 'n appel eens in sy hand gehou het. Letts (1949: 42) wys daarop dat toe Boldensele daar was, 'n sfeer nog steeds in die regterhand van Justinus gehou is en dat dit daar gebly het tot 1420; in 1317 was dit net die kruis op die sfeer wat afgewaai het. Die verskil tussen die historiese gegewens en Mandeville se weergawe

daarvan skryf hy toe aan 'n verwarring van feite. Wat Mandeville egter met sy gegewens gedoen het, was om sy stof te verander sodat hy daardeur kommentaar kon lewer:

*"...Dese ronden  
den appel bediet die heerscapie  
die hi hadde inde werelt die ront  
es. Ende dander hant heefti  
op geheuen ieghen oest te  
tekene datti es dreygende die  
mesdadegne..."*

(reëls 425 - 431)

Die idee van die appel impliseer die sondeval en die verbode vrug, en die simbolisme het geëis dat die appel uit sy hand geval het (Bennett; 1954: 51). Dat alles natuurlik sal saamwerk tot die voordeel van die Christen as hy net 'n goeie lewe sou lei en hom by sy prinsipes sou hou, vind weer weerklank in reëls 7 156 - 62) wat oor die krag van edelstene handel:

*"...Die dyamant geeft coen-  
heit den ghenen diene draecht ende  
stoutheit ende behoet die lede...  
...op dattie sake recht si. Ende..."*

Weer later in reëls 7 261 - 70 word daar vertel:

*"...Maer het gheualt wel  
sulkentijt dat een herde goet  
diamant verliest wel sine  
cracht ouer mids der oncuus-  
sheit vanden ghene diene  
dragen. Ende dan moetmen  
weder sine macht doen ver-  
halen of hi en soude niet soe  
goet sijn ende van mnre doeget  
ende macht..."*

Aan die einde van die verhaal, word versoeking onder die aandag gebring: die vals geskape aardse paradys lok sommige om te val, maar ander om dit te vernietig, net soos die Duiwel se vallei sommige betrap en ander nie. Die twee plekke word daarmee gelykgestel. Vanweë die aard van hierdie studie, kan daar nie in groot besonderheid op al die aspekte van die verhaal ingegaan word nie, maar om die bou van die verhaal uit te pluig en dan 'n vergelyking met nog 'n ander Middeleeuse reis te vergelyk, sou 'n interessante studie kon uitmaak.

Alhoewel Mandeville wel hier en daar besonderhede en historiese gegewens ingevoeg het, kan sy verhaal hoofsaaklik as 'n kommentaar op sy eie maatskappy beskou word. In 'n tydperk van oorlog, gee hy die beeld van 'n wêreld waarin allerhande mense naas mekaar kan saamleef, waar alle mense werk, kos en vrye tyd kan hê. Dié plek was nie verafgeleë nie, maar dit kon moontlik in die heel Ooste, dit wil sê in die Weste, bestaan. Die verskillende gemeenskappe wat ontmoet word, word dus soos speëls opgehou om op Christelike praktyke en tekortkominge kommentaar te lewer (Moseley: 1983; 24). Die Christen se beheptheid met die dood, die pessimisme, selfontsegging, kastyding, marteling en sy verering van relieke word in hul groteske gewoontes weerspieël (Howard; 1971: 14). Hierdeur slaag Mandeville in sy digterlike taak om 'n bepaalde algemene waarheid op 'n effektiewe manier onder woorde te bring, naamlik, dit staan ons nie vry om ander te veroordeel nie, want ons is almal maar menslik ongeag ons

verskillende kulture, ons is almal wesens van God; en bowe al: kennis van wie naaste aan God staan, is nie aan ons toevertrou nie.

#### 2.3.5. Gewildheid gedurende die Middeleeue

Dat DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE beroemdheid geniet het gedurende die Middeleeue is sonder twyfel: die groot hoeveelheid manuskripte om en by die veertiende/vyftiende eeuwisseling getuig hiervan, asook die feit dat dit teen 1400 in al die hoofale beskikbaar was (Bennett; 1954: 419). Volgens Janssens is daar 250 bewaarde manuskripte waarvan ons weet en Bennett (1954: 219) vestig die aandag op die feit dat daar meer as drie maal die hoeveelheid manuskripte van Mandeville bestaan as van dié van òf Odoric òf Marco Polo. Dit is algemene kennis dat baie van die manuskripte òf skoonveld verdwyn het, òf vernietig is toe Middeleeuse handskrifte as bygelowig en ouderwets beskou is. Verder, toe die drukkuns en die gedrukte boek oorneem, het mense vanweë die nuwe mode, manuskripte weggegooi omdat hulle geglo het dat hulle oor iets beters beskik het. Oorloë, brande en natuurrampe het ook tot die verwoesting en verdwyning van manuskripte bygedra. Pleij wys daarop dat dit veral die wêreldlike literatuur was wat in gevaar gestaan het om vernietig te word (Pleij; 1984: 21, 24). Met die aanvang van die religieuse stryd is die boek se loopbaan as outoriteit beëindig, maar hoe meer die kennis van die boek as vals bevind is deur die



ontdekkingsreisigers, des te meer het dit gewildheid opgedoen as reisverhaal en is dit vir die literêre waarde gelees (Bennett; 1954: 243).

DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE is geskryf teen die agtergrond van die Honderdjarige Oorlog. Dit was 'n tydperk toe die Ooste en die Weste se onderhandeling verbreek is en die Verre Ooste vir die Weste afgesluit is. Dit is toe dat die hoop op Christelike hulp van die ander kant van die wêreld verhoog is met die omloop van die brief van Pape Jan waarin daar hulp met die herowering van die Heilige Plekke aangebied word. Dit is merkwaardig dat hierdie brief verskyn het toe die angs vir die Mongole, Sarasene en die antichristelike Gog en Magog 'n hoogtepunt bereik het (Van Cauwenberghe; 1990: 95-6). Hierdie verskynsel het die Weste nuwe hoop laat koester, na die bekering tot die Islam van die Khan van Sjina, op 'n moontlike alliansie teen hul aartsvyande. Daar was ook die begeerte om die vyand te leer verstaan en hierdie leemte het Mandeville tot 'n sekere mate gevul. In 1343 - 1347 is Cyprus deur die Johaniete-orde herower, wat ook nuwe moed vir 'n nuwe kruistog tot gevolg gehad het (Bennett; 1954: 71).

Die aandrang om van die Ooste te leer, was ook 'n gevolg van die Arabiese kennis wat die westerse universiteite begin binnedring het. Studente in die Fakulteit van lettere het Ptolemaeus en sy Arabiese kommentators, asook Aristot<sup>e</sup>les bestudeer (Berings;

1990: 61) en daar is gepoog om Arabies as vreemde taal aan die universiteite in te stel. Ramón Lull (1235 - 1315) het alreeds Arabies gepraat en doseer aan die Universiteite van Parys en Lyon en 1287 - 89, 1298 en 1302 - 05) (Bennett; 1954: 62 - 3).

D'Outremeuse was nie die enigste tydgenoot om van Mandeville gebruik te maak nie. Die digters van die Engelse alliterende vernuwing het vrylik van hom geleen, byvoorbeeld:

i) die PEARL se digter se gedeelte oor reinheid is dié van die Franse teks van DE REIS;

ii) Die skrywer van MORTE ARTHURE (1470) vertel van die "Pygges of porke despyne", wat die Engelse woordeboek voorgee die eerste geval is van die woord "Porcupine", maar Mandeville vertel van Indië: "we clepe them porc z de Spine";

iii) Mandeville se laaste reëls vind weerklank in Chaucer:

"Eek in that lond, as tellen knyghtes olde,  
Ther is som mete that is ful deynte holde,  
That in this lond men recche of it but smal;  
Ther nys no man that reporten al."

Bennett (1954) wys daarop dat die meeste reisbeskrywings oor Asië deur monnike geskryf is en dat as Chaucer nie na Mandeville verwys nie, dan verwys hy na 'n mondelinge bron.

iv) Chaucer se tydgenote, Jean d'Arras en Christine de Pisan, het openlik van Mandeville geleen, laasgenoemde se Sybil verseker dat sy alles gesien het wat Mandeville as ontoeganklik voorgee.

(Bennett; 1954: 221-222, 227-228)

Gewildheid onder die mense, ook in die vroeëre stadia van die boek se loopbaan, is bewys deurdat die meeste oorblywende manuskripte goedkoper moes gewees het as die weinig wat wel ryk versier en vir die adel bedoel was. Bennett (1954: 220) wys daarop dat die aanvraag vir die verhaal daartoe gelei het dat hulle meestal op papier sonder miniatuur en in die vlugtige kursiewe handskrif vervaardig is. (Sien ook Afdeling II) Die opkomende burgery in die groeiende stede het gepoog om die adel te ewenaar. Volgens Pleij (1984: 60) het hulle op 'n toenemende mate vir didaktiese en stigtelike tekste met kennis omtrent die natuur, geskiedenis en sedes gevra. Mandeville het op 'n vermaaklike wyse geskryf, nie vir die geletterde elite nie, maar vir dié wat geen Latyn geken het nie en vir wie wetenskaplike, kosmografiese en aardrykskundige kennis dus ontoeganklik was. (Gerritsen; 1983: 485) Die ongediertes en ongewone maniere wat ook deur hom beskryf is, sou verder by die karnivaalgees van die burgers pas. As gevolg van hul belangstelling in handel sou die boek ook onder hulle groot leserskap geniet het.

Dat Jean d'Outremeuse sy Ogier ook ingestop het, is nog 'n bewys daarvan dat die boek groot omgang geniet het (Oor d'Outremeuse sien verder 3.1.) (Bennett; 1954: 221).

Laastens, is die heel eenvoudigste rede vir die populariteit van die teks dié dat dit ander mense se opvattinge en idees bevestig het en beter begrip van wat hulle miskien vaagweg vermoed het, uitgespreek het. Hul eie werklikheid is daardeur met ander oë bekyk en hul insig oor die lewe, die planeet en hul eie samelewing is daardeur verskerp (Pleij; 1984: 1-2). Dit het daarnaas ook die geleentheid aangebied om weg te droom uit die daaglikse werklikheid en daarvan te ontsnap.

### 3. ENKELE PROBLEME IN VERBAND MET DIE TEKS

Soos van so 'n boeiende werk verwag kan word, is daar vassteekknoppe. Daarby is die teks uit 'n vroeëre periode en dit veroorsaak dat sy eie probleme met die van wat in die geskiedenis voorkom, verwickel word. In die voorafgaande afdeling is die teks as literêre werk bespreek. In hierdie afdeling sal vier van die belangrikste probleme getakel word, naamlik die identiteit van die skrywer, sy moontlike al dan nie reiservaring, die betroubaarheid en belang van die aardrykskundige kennis en inligting wat hy verskaf, en van taalkundige belang, die alfabette wat in die teks voorkom. Uit studies op hierdie gebied, het belangrike uitvindings, wat betrekking het op die bepaling van die stand van tekste teenoor en onder mekaar in die generiese boom, te voorskyn gekom. Sodoende beweeg hierdie studie nader in die rigting van die vasbepaling en beskrywing van die manuskrip wat in Afdeling II getranskribeer staan.

#### 3.1. DIE IDENTITEIT VAN DIE OUTEUR

Uit die voorafgaande afdeling sou dit wou voorkom dat dit 'n merkwaardige persoon moes gewees het, wat so 'n teks voor die lig kon gebring het. Nieteenstaande die voortdurende gewildheid van die boek, is daar baie min oor die skrywer self bekend. Hierdie vreemde verskynsel het aanleiding gegee tot 'n eeuelange twis, en

vandag is die voorstaanders daarvan mev. Josephine Waters Bennett en mnr. Malcolm Letts. In hierdie onderafdeling sal daar 'n oorsig van die belangrikste materiaal aangaande hierdie probleem gegee word. So ver moontlik is daar probeer om die ingewikkelde materiaal te vereenvoudig en om uiteindelik tot 'n idee te kom van wat daar oor hom bekend is, en wie hy werklik was.

### 3.1.1. Gegewens

Wie op soek na die ware geskiedkundige Mandeville is, sal eers sy pad moet vind tussen die mengelmoes van feit en fiksie wat deurentyd onafwendbaar aan so 'n gewilde man toegeken word. Die bewysmiddele vir die geskiedkundige figuur kan in drie groepe gedeel word:

#### 3.1.1.1. Dit wat enigiets met Jean d'Outremeuse te make het, naamlik:

a. 'n Gedeelte uit sy LY TRÉSORIER DE PHILOSOPHIE NATURELLE DES PIERRES PRÉCIEUSES (1390) waarin daar staan:

*"et ce aussy que l'en dist ung noble homme, seigneur Jehan de Mandeville, chevalier, seigneur de Montfort, de Castel Perouse et de l'isle de Campdi, qui fu en Orient et es partes par della, par longtemps, si en fist ung lapidaire selon l'opinion des Indoïs."*

(Bennett; 1954: 98)

Op folio 81 word ook meegedeel dat Mandeville sewe jaar in Alexandrië vertoef het, waar 'n Saraseense vriend hom kosbare

edelstene geskenk het, wat toe in d'Outremeuse se besit beland het. Daar word ook op twaalf plekke uit sy beweerde "Lapidaire en françoys" aangehaal (Cramer; 1908: xxvi).

b. Uit die tweede boek van d'Outremeuse se LY MYREUR DES HISTORS word daar vertel:

*"Cil pays d'inde et d'Ethioppe est ung diverse lieu, selonc les croniques et selonc ce que mestre Jehan de Mandeville, chevalier, Sir de Canpoli, de Montfort et del Case Perous, raconpte en ses escrips qu'il fist de ce pays d'Inde et des partiez où il fut régnant loing temps, plus de xxxiii ans, et revint par dessa l'an de nativiteit nostre Seigneur Jhesu Crist xiii c et xvi, ou il raconpte tout ce que Ogier conquist et fist à son temps."*

(Letts; 1949: 109)

c. Uit die vierde boek van d'Outremeuse se LY MYREUR DES HISTORS word daar ook van 'n ontmoeting tussen die medikus, Jean de Bourgogne à la Barbe en Mandeville in Cairo vertel. Dit is berig dat hulle jare later mekaar weer in Luik ontmoet, waar eersgenoemde Mandeville oortuig het om die reisverhaal te skryf. Teenstrydig, vertel dit ook dat de Bourgogne aan Jean d'Outremeuse op sy sterfbed gebieg het, dat hy werklik Jan van Mandeville was; dat hy omdat hy 'n edelman gedood het, uit Engeland moes vlug en daarna op reis deur die drie dele van die wêreld gegaan het. Hy is in die buurt van Avroy, by die Wilhelmiëten begrawe (Bennett; 1954: 92).

d. Dieselfde inligting in c) kom ook in die vulgaat-Latynse weergawe voor en daarby word daar gevoeg dat hy die boek in Luik, eers in Frans geskryf het en daarna in Latyn laat vertaal het (Bennett; 1954: 104).

e. 'n Grafskrif in Latyn is deur onder andere, Püterich (1462) en Ortelius by die kerk van die broeders Wilhelmieta te Luik, voordat die gebou in 1798 vernietig is, waargeneem en opgeteken. Dit lui soos volg in Engels:

*"Here lies Master John de Montevilla knight alias ad Barbam, Master of Compredi, born in England, professor of medicine and most devout in prayer, and most liberal giver of his goods to the poor, who traveled over the whole world. He ended the last day of his life in a house in Liège, in the year of our Lord 1372, the seventeenth day of the month of November."*

(Bennett; 1954: 90)

### 3.1.1.2. Ander geskiedkundige (outentiek al dan nie) bronne van uiteenlopende aard

(Wat hier volg is 'n versameling verwysings na Mandeville wat deur verskeie navorsers opgenoem is.)

a. 'n Inskripsie ter ere van Mandeville is te vinde op 'n pilaar van St. Albans, Engeland. Letts maak melding daarvan, maar dit word nie deur hom verder aangehaal nie, en volledige besonderhede is ook nie verstrek nie (Letts; 1949: 17).



- b. Twee vaste eiendomsdokumente is te Luik te vinde:
- i. een gedateer 1386 gee 'n vroeër bewoner van 'n huis in Luik as "mestre Johan ale Barbe" weer; en
  - ii. een gedateer 1459 beskryf bostaande huis as die een waar "la Mandevele ly chevalier d'Engleterre qui avoit esteit par universe monde solloit demoreir, qui gist a Willmins..."
- gebly het (Hamelius; 1923: 2).
- c. Twee ringe en 'n kristalsfeer is onderskeidelik te St. Albans en Kantelberg bewaar. Daar word voorgegee dat dit deur Mandeville self geskenk is (Warner; 1893: 26).
- d. Verslae word van verskillende kroniekskrywers soos Radulphus de Rivo (d. 1403) verskaf, waarvolgens voorgegee word dat Mandeville 'n beroemde arts was, dat hy sy boek in drie tale geskryf het, en dat hy in 1367 gesterf het (Cramer; 1908: xxiii).
- e. Die oudste gedateerde manuskrip is saam met 'n Franse kopie van Jean de Bourgogne se mediese traktaat oor die pes, DE PESTILENTIA in een kodeks gebind (Cramer; 1908: xxviii).
- f. 'n Ierse stamboom van Mandevilles met 'n vreemde geskiedenis juis gedurende die skrywer se lewens tydperk, is deur Isaac Jackson (1928) opgespoor.

g. 'n Engelsman, de Burgoyne het in Mowbray se diens in die opstand van die Beskickers opgetree en het daarna uit Engeland op 20 Augustus 1321 gevlug. Hy is ook teoreties met die Luikse geneesheer verbind.

h. Talle Engelse Jan van Mandevilles wat tydgenote van die outeur was, is opgespoor. Almal van hulle is afstammeling van Geoffrey de Mandeville, edelman in die gevolg van Willem die Veroweraar, wie se familielande in Herfordshire, waarin St. Albans voorkom, geleë was (Warner; 1893: 27).

i. Inligting in die Universiteit van Parys se register (1327) bestaan, waar daar van 'n "Johannes de Sancto Albano", en 'n "Johannes Mande Vilani", wat in 'n buurt vir buitelandse studente gebly het, melding gemaak word (Bennett; 1954; 201).

j. Aantekeninge van twee Engelse verslagskrywers noem hom op:

- i. Thomas Walsingham, 'n tydgenoot van die outeur skryf in sy ANNALES MONASTERII S. ALBANI A JOHANNES AMUNDESHAM (1391 - 4) dat Mandeville te St. Albans gebore is, dat hy oor die wêreld gereis het, en dat hy sy boek in Frans geskryf het.

(Bennett; 1954: 210)

- ii. Thomas de Burton, beskermling van die hertog van Gloucester, (toe aan die hoof van die Mandeville

familie) gee in sy CHRONICA MONASTERII DE MELSA  
(1388 - 96) die informasie oor die outeur soos dit  
in die Normandies-Frans tekste voorkom

(Bennett; 1954: 208 - 9).

3.1.1.3. Mandeville se teks self as bron.:

Daar is, in die loop van haar ondersoek oor die identiteit van die skrywer, deur Bennett gewys, dat daar drie Franse weergawes van die teks is. Normandies-Frans is as die taal van die holograaf bepaal. Die beste tekste kom voor in daardie dialek. Dit was dus moontlik om van die latere invoegings van kopiïëste te identifiseer. Wat hier volg is wat slegs in die beste Normandies-Franse weergawes gevind word. Daar word vertel

- a. dat hy 'n Engelse ridder was, gebore en opgevoed te St. Albans;
- b. dat hy op St. Michielsdag 1322, Engeland verlaat het om die wêreld oor te reis en gedurende welke tydperk
- c. dat hy vir die Sultan van Egipte asook die Grote Khan gedien het;
- d. dat hy persoonlik deur die Sultan ontvang is, met wie hy 'n onderhoud gevoer het;

- e. dat hy die geleentheid gehad het om met 'n hoogstaande prinses te trou indien hy hom tot die Islam sou bekeer;
- f. dat hy in 1356 teruggekeer het as gevolg van sy jig en toe besluit het om sy verhaal te skryf.

### 3.1.2. 'n Vlugtige historiese oorsig

Met die verloop van tyd, het verskillende teorieë oor die identiteit van die skrywer ontstaan. Verskeie vermeldings oor (outentieke al dan nie) historiese gegewens het voor die dag gekom en dit het om en by 'n eeu geneem om die verdagtes uit die weg te ruim. Die verskillende uitgangspunte en slotsomme is hieronder opgesom en saamgevat. Die studie van die problematiek kan in drie hoof fases verdeel word, na aanleiding van die karakteriserende opvattinge.

#### 3.1.2.1. Voor 1800: 'n Simplistiese benadering

Tot die agtiende eeu, is die vraag na die identiteit van die outeur van die REIS as redelik eenvoudig en voor die hand liggend beskou. Die verteller se mededeling in die vulgaat-Latynse weergawe (toe aanvaar as die naasbestaande teks aan die holograaf) en die verslae oor die inskripsie op die grafsteen te

Luik, is sonder twyfel aanvaar. Die twee is aaneen geryg.

(Bennett; 1954: 89 - 90) Die inskripsie op die pilaar te St.

Albans in Engeland was toe al bekend, maar is as 'n latere

aanspraak van die Engelse afgeskryf. John Weever, in sy ANCIENT

FUNERALL MONUMENTS (Londen 1631: 567 - 8) skryf van St. Albans

dat sy

*"vaunts her selfe very much of the birth and buriall of  
Sir Iohn Mandevill Knight, the famous Trauailer, who  
writ in Latine, French, and in die English tongue, his  
Itinerary of three and thirty yeares. And that you may  
beleeve the report of the Inhabitants to bee true, they  
have lately pensild a rare piece of Poetry, or an  
Epitaph for him, vpon a piller: neere to which they  
suppose his body to have ben buried..."*

(Bennett; 1954: 91)

(my onderstropping)

### 3.1.2.2. 1800 - 1910: De Bourgogne of d'Outremeuse alias

#### Mandeville

Dit was eers in 1839 dat D'avezac twyfel oor die saak uitgespreek het en in 1869 is die uittreksel van d'Outremeuse se vierde boek van sy LY MYREUR DES HISTORS gepubliseer, wat 'n hele nuwe aspek van die problematiek voor die dag gebring het. Eers in 1954 is die getwis oor die geloofwaardigheid van d'Outremeuse ter ruste gelê. Na aanleiding van die nuwe getuienis, asook die van Radulphus de Rivo, sy volgeling Cornelis Zantfliet, en Jacob Püterich se bewerings, het E.B. Nicholson en Sir H. Yule (1893), dr Bormans en later uitvoerig deur G. Warner is daar ge-

argumenteer dat òf die Luikse geneesheer se ware naam de Bourgogne was en dat hy die skuilnaam Mandeville gebruik het, òf die Latynse weergawe geskryf is deur d'Outremeuse. Die wat eersgenoemde aanvaar het, het d'Outremeuse vertaler van die vulgaat gemaak.

Bennett (1954: 106) wys daarop dat hulle te spoedig tot hierdie gevolgtrekking gekom het. Hulle het nie d'Outremeuse se ander werke geraadpleeg en bestudeer nie, en agtergekom dat: al sy bekende werke in Luiks-Frans geskryf is; dat hy nie geneig was tot korthed nie; dat die vulgaat-Latynse tekste kenmerkend die werk van 'n Middeleeuse verkorter was omdat dit baie van die verhale en kommentaar weggelaat het; en dat die teks stilisties geensins na d'Outremeuse se ander werk aard nie (behalwe dat dit meer as 'n dosyn/Ogier le Danois/inlassings bevat. Ogier was die hoofheld in d'Outremeuse se werke). Die waarde van Warner se werk lê daarin dat alhoewel hy self daardeur geen lig op die problematiek kon werp nie deur sy openbaring van verder verwysings na Mandeville in die TRESORIER, hy die Mandevilles en de Bourgognes in Engeland probeer opspoor het. Die veronderstelling dat die outeur Jan de Burgoyne moes gewees het, is deur Bennett (1954: 162) uitgeskakel omdat daar nie eens 'n lys bestaan van al die adel wat uit Engeland na die vasteland gevlug het, wat nog van hul onderdane!

Dat die skrywer se ware naam de Bourgogne moes gewees het, is ook deur Grant (1895) aanvaar en dit is eers in 1908 met N. A. Craner

se weergawe van DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE NAAR DE  
MIDDELNEDERLANDSCHE HANDSCHRIFTEN EN INCUNABELEN, dat die teorie  
verder uitgebrei is namate sy geloof in die waarheid van  
d'Outremeuse se getuienis toegeneem het. As gevolg van die feit  
dat die kodeks bevattende die oudste, gedateerde MANDEVILLE  
manuskrip saam met DE PESTILENTIA, deurgaans in dieselfde  
handskrif geskryf is, is sy slotsom dieselfde as/sy voorgangers;  
maar hy het tog kans gesien om die Engelse stam van die  
Mandeville familie met die outeur te verbind vanweë die  
"Engelsheid" wat deur die teks geopenbaar word, soos die  
vermelding van die Engelse letters "thorn en "zoch" wat volgens  
hom, slegs die algemene kennis van 'n Engelsman sou kon gewees  
het. Samevattend, het hy geglo dat Mandeville 'n Engelse balling  
was, en dat al wat d'Outremeuse gedoen het, was om slegs dit wat  
bekend gestaan het onder de Bourgogne se vriende, openbaar te  
verklaar.

### 3.1.2.3. 1910 - hede: 'n Onopgeloste komplekse probleem

In 1910 is d'Outremeuse se geloofwaardigheid vir eens en vir  
altyd afgetakel. In sy ETUDE CRITIQUE SUR JEAN D'OUTREMEUSE, het  
die Belgiese geskiedkundige, Godefroid Kurth, die wêreld ingelig  
oor die ware verdagte aard van die MYREUR, waarvoor d'Outremeuse  
sy betroubare bronne, naamlik Jean le Bel en Froissart hersien  
het om by sy eie verbeeldingsvlugte aan te pas; geskiedenis

neergelê het uit verbeelde bronne; asook dokumente opgestel het om dit te staaf (Bennett; 1954: 93).

In 1923 is die bestaande teorieë op hul koppe laat staan, toe **Hamelius** in die inleiding van sy verwerking van 'n teks, na aanleiding van en ondanks die werk van Kurth, aan die hand van

- a) die twee eiendomsdokumente,
- b) 'n bespreking van die ooreenkomste tussen die vulgaat-Latynse **MANDEVILLE** en d'Outremeuse se **MYREUR** en hul bronne, en
- c) die moontlike vasstelling van die wykende Campredi wat vermoedelik aan die outeur behoort het;

tot die verbasende slotsom gekom het, dat dit d'Outremeuse moes gewees het, wat as 't ware **DE REIS** geskryf het en Mandeville se naam gebruik het om van die moontlike kerklike vervolging te ontsnap omdat dit 'n **ontipouslike** teks was. Hierop is Bennett (1954: 156) se antwoord eerstens dat die kerk nooit die kettery in die teks ontdek het nie; en tweedens dat d'Outremeuse baie aan die hierargie van die kerk geheg was - hy het, in sy later jare, 'n huis in die domkerkterrein besit en was 'n junior beampte aan die Vors-biskop van Luik. Daarnaas, is daar die twee bronne wat die werke nie in gemeen gehad het nie, naamlik Boldensele en Odoric, waarsonder die skryf van die **REIS** onmoontlik sou gewees het. Dat albei d'Outremeuse se werk en die **REIS** dieselfde foute in besonderheid begaan, kan net toegeskryf



word daaraan, dat d'Outremeuse van die REIS onwetend (omdat hy nie toegang tot dieselfde bronne gehad het nie), ook die foute oorgeskryf het (Bennett; 1954: 53 - 4). Die twee eiendomsdokumente, wat veertien en sewentig jaar na sy dood opgestel is, is gebaseer op d'Outremeuse se MYREUR en die grafskrif, wat hulle dadelik in agterdog stel (Bennett; 1954: 96). Hamelius se teorie is egter deur min aanvaar en van die hand gewys deur mense soos A. C. Baugh en H. S. Bennett, en kort daarna in 1926 het J. E. Wells 'n terugkeer na Warner se teorie voorgestaan.

In 1928 het 'n Ierse Mandeville sy verskyning in die MODERN LANGUAGE REVIEW gemaak. Daarvolgens het Isaac Jackson gepostuleer, na aanleiding van die MYREUR en aanvaarding van die grafskrif, dat die skrywer van die REISE in der werklikheid Willem de Burgh, wat die graaf van Ulster in 1333 vermoor het en derhalwe moes vlug, moes gewees het. Die Mandevilles het daarom hul naam na Mac Uighlinn verander en hy is moontlik na die Heilige Land toe, as pelgrim vermom. Afgesien van die feit dat die storie dat Mandeville gevlug het uit 'n werk van d'Outremeuse stam, wys Bennett daarop dat die outentieke datum van vertrek eintlik 1322 was, en dat dit Robert Mandeville, en nie Sir John Mandeville was nie, wat die graaf vermoor het.

In 'n terugbeweging wou Malcolm Letts probeer bewys dat Mandeville die ware naam van die skrywer van die verhaal was, en

dat hy die skuilnaam de Bourgogne aangemeen het, terwyl hy onder die mense volgens sy bynaam "met die baard" as medikus bekend gestaan het. Sy teorie is opgestel na die ontdekking van 'n vroeëre Franse teks. Volgens sy teorie het d'Outremeuse die verhaal uit Frans in Latyn vertaal en daarmee, sy eie held, Ogier, op 'n onbeholpe wyse in die verhaal gestop. Alhoewel Letts kennis van die Engelse moontlike begra<sup>af</sup>plek van Mandeville gedra het, volg hy d'Outremeuse se stelling na dat hy in Luik begrawe lê, maar gee geen aanvaarbare rede daarvoor nie. Verder haal hy die grafskrif aan, maar die familiewapens wat daarby gepaard gaan, is nie verteenwoordigend van enige stam van die Mandeville familie nie. Letts maak gebruik van die twee vaste eiendomsdokumente aangemeld deur Hamelius, maar Bennett wys daarop dat hulle net so wel deur d'Outremeuse opgestel kon gewees het omdat hulle sy bewerings volg. Sy argument dat Mandeville, die skrywer van die teks, de Bourgogne se naam oorgeneem het vanweë sy politiese ingesteldheid en aktiwiteite kan nie met sekerheid bepaal word nie (Letts; 1949: 18). Die enigste oorblywende voorwendsel vir sy teorie is dat die vroegste bekende kopie van die REIS in 1371 vir Karel V van Frankryk gekopieer is, een jaar voor die datum op die graf te Luik, en saam met DE PESTILENTIA gebind is. Die teks van die REIS bevat die gewone outobiografiese gegewens oor die skrywer en die traktaat word beskryf as deur "Maistre Jehan de Bourgoigne, autrement dit à la Barbe, professeur en medicine et cytoien de Liège". Wat daar staan suggereer geensins 'n verbintenis tussen die skrywer

en die arts nie (Bennett; 1954: 165). Daar is ook geen getuienis dat die arts enigiets in Frans geskryf het of dat hy ooit in reis belanggestel het nie. Dat die arts onder die bynaam à la Barbe bekend gestaan het, is nie rede genoeg om sy karakter in twyfel te trek nie: Bennett wys hoe hierdie byname die algemene praktyk was gedurende dié tydperk, toe die gebruik van vanne nog nie heeltema~~l~~ vasgestel was nie (Bennett; 1954: 163). Kort tekste, soos dié twee, is ook met ander werke saamgebind. Daarbenewens is die kodeks vir die koning gemaak, wat self 'n traktaat oor die pes geskryf het en daarom in DE PESTILENTIA sou belanggestel het, en 'n versamelaar van boeke oor die Ooste was. Hierdie twee nuwe boeke sou derhalwe 'n puik geskenk aan hom uitgemaak het (Bennett; 1954: 167).

Die baanbrekende werk van Kurth is verder deur J. W. Bennett in 1954 gevoer in haar studie, THE REDISCOVERY OF SIR JOHN MANDEVILLE. Oor Jean d'Outremeuse, Hamelius se outeur, en ander se vertaler van die vulgaat-Latynse Ogier-redaksie, word die volgende uiteengesit:

a. dat as gevolg van die getuienis van die Chantilly-manuskrip (1371 - die volledigste van die Ogier-weergawes), die Latynse vulgaat die werk van 'n opvolgende vertaler en verkorter, en nie d'Outremeuse nie, moes gewees het.

b. D'Outremeuse tog moontlik verantwoordelik was vir die oorspronklik Ogier-redaksie wat in Luiks-Frans geskryf is; maar nie vir die oorspronklike holograaf van die teks nie. Daar bestaan sterk korrelasies tussen die Ogier-weergawe, die MYREUR en die TRESORIER, en hulle is al drie in dieselfde dialek geskryf. Die Parys-Franse teks, waarvan die Ogier-weergawe 'n redaksie is, is in plekke gesny om die verheerliking van Ogier le Danois, d'Outremeuse se hoofheld in te pas. Die ingestopte Ogier-verhale in albei die Latynse en Franse weergawes van die Ogier-tipe, stem in besonderheid ooreen met Ogier se oosterse verowerings in die MYREUR. Dat die naam van die straat, asook die van die herbergier "hannechin dit le volt", waar Mandeville veronderstel is om te gewoon het, opgenoem word in die Ogier-weergawe se outobiografiese gedeelte van die teks, is deur Kurth alreeds as 'n kenmerk van d'Outremeuse se neiging om kleinighede op te noem, herken (Bennett; 1954: 117). D'Outremeuse het ook die neiging getoon om dieselfde verdigsels aan te pas by verskillende persone en omstandighede (Bennett; 1954: 147) - die twee verskillende outobiografiese stories oor Mandeville te Luik, naamlik dat hy die dokter geken het en dat hy self die dokter was, sou dus nie buite sy bereik gewees het nie. Moontlik die grootste verskil in styl tussen d'Outremeuse en die outeur van die REISE is dat d'Outremeuse nooit kon ophou met vertel nie. Die deug van beknoptheid was bo sy vuurmaakplek, soos die

Chantilly-manuskrip getuig: hy kon nie rus aan die einde van die REISE nie, maar het nog vier apokriewe boeke bygebring, naamlik

boek ii - oor die vorm van die aarde

iii - oor die lugruimtes

iv - oor kruie

v - oor edelstene

(Bennett; 1954: 113).

Bennett se studie van die Chantilly-tekst is belangrik omdat dit die bereik en rigting van d'Outremeuse se vindingrykheid probeer bepaal het, asook min twyfel oorgelaat het, dat d'Outremeuse verantwoordelik was vir die Luiks-Frans Ogier-redaksie van die tekst.

c. 'n Verbintenis bestaan tussen d'Outremeuse se verhaal oor die sterfbieg en die grafskrif van Jean à la Barbe. Dat die beroemde geneesheer en skrywer van DE PESTILENTIA daar begrawe lê, word nie betwyfel nie, maar die toevoeging tot die grafskrif van die bykomende wapen, is nog 'n poging van d'Outremeuse om naas die skrywer van die REISE, ook die beroemde Montfort familie met Luik te verbind. Volgens Janssens (1990: 26), was hierdie optrede tipies van die eerste burgerlike beskawings se offensiewe. Daarvolgens, is die stad die vleierende beeld van 'n sentrum van wetenskap en wêreldkennis gegun. In sy GESTE DE LIEGE, die enigste oorblywende versroman van d'Outremeuse, word alles en almal, insluitende Ogier en Karel die Grote, op een of ander wyse met Luik verbind! Hy het verder ook probeer om homself op 'n

bedrieglike wyse genealogies met die du Pré familie probeer verbind (Bennett; 1954: 148). Dit is deur Kurth bevestig dat dit nie benede hom was om vervalste dokumente op te stel, ter ondersteuning van sy bewerings nie. Omdat hy 'n hoogstaande burger van Luik was (notaris aan die Vors-biskop) en omdat hy as uitvoerder van die arts se testament opgetree het en daarom sonder twyfel vir die monument moes betaal het, sou die grafsteen versinsel sonder veel moeite deur hom uitgevoer kon word (Bennett; 1954: 159).

Ortelius skryf dat naas die inskripsie daar ook 'n afbeelding van 'n ridder met 'n gesplete baard, wat op 'n leeu trap, bestaan het. Die skild van die ridder, toe hy dit gesien het, was oningeteken, maar hy het verneem dat dit 'n silwer leeu op 'n asuur veld voorgestel het. Op die leeu se bors, het halfmaan kele gestaan en om die veld was ingekerfde of ingedeukte goud. Die Mandeville-familiewapen was eenvoudig kwartaals goud en kele (Bennett; 1954: 101) en op geen stam daarvan het ooit 'n silwer leeu gepronk nie. Albei Püterich en Ortelius se beskrywings, alhoewel hulle in sekere aspekte verskil, staan nader aan die wapen van die Montforts van l'Amouri: "gules, a lion rampant tail fourchée argent" - albei beskrywings bevat 'n leeu en òf 'n gesplete baard òf gesplete stert van die leeu. Dat die veld asuur was, maak geringe verskil omdat 'n jonger stam van die familie dikwels die kleur verander het en 'n rand, asook die halfmaan bygevoeg het.

d. Laastens, d'Outremeuse het die Ogier-weergawe (wat alreeds in omloop in 1371 was) waarskynlik as outoriteit vir sy verdigsels van Ogier in die TRESORIER (1380 - 90) en LY MYREUR (1398 - ), geskep (Bennett; 1954: 110). Net soos hy sy ontlenings uit Jean le Bel en Froissart verdraai het in sy eie werke, net so, is die REISE ook deur hom behandel.

Met die uitpluising deur Bennett se studie, is al die d'Outremeuse getuienis weg. Dit is uiteindelik vasgestel dat die vulgaat-Latynse weergawe in die werklikheid slegs 'n redaksie van 'n gekontamineerde redaksie van die minder outentieke Parys-Franse weergawe van die Franse stam in die generiese boom, was (Bennett; 1954: 146) (Sien ook hieroor Afdeling 4). Daarmee is de Rivo se verslag as getuienis verdoem omdat eerstens, dit die grafskrif eggo en tweedens, omdat dit verkeerdelik beweer dat Mandeville self in drie tale geskryf het (Bennett; 1954: 96).

Nadat al die misverstande en valshede uit die weg geruim is, kom Bennett weer voor die Normandies-Franse teks te staan. Na aanleiding van die verteller se aanspraak op 'n Engelse identiteit, die feit dat daar genoeg manuskripte bestaan om getuienis te lewer dat die holograaf in die Frans van Gower en die Engelse hof van die middel van die vyftiende eeu vervaardig

is, en dat die beste tekste in Engelse besit is (Bennett; 1954: 176), keer sy terug na Engeland op soek na 'n bypassende geskiedkundige figuur.

Bennett se koers is later deur Janssens se opmerking dat die ekfiguur in die REIS op min of meer dieselfde manier gebruik word as dié in Danté se DIVINA COMMEDIA, versterk: die outobiografiese waarheid word in die proloog en epiloog bekend gestel, maar wat daar tussenin vertel word, kan maar aan die twyfel oorgelaat word, soos byvoorbeeld, Mandeville se bewering dat hy van die fontein van die jeug gedrink het (Janssens; 1990: 26).

Bennett motiveer haar besluit op grond van die volgende gegewens uit die Normandies-Franse teks:

- a. hy begin sy reis vanuit Engeland (Bennett; 1954: 176);
- b. wanneer hy oor St. Helena skryf, meld hy aan:

*"file choel roi Dengeleterre",*

'n verwysing wat bekend onder Engelse toehoorders en lesers van Galfriedus van Monmouth se gewilde HISTORIA REGUM BRITANNIAE sou gewees het (Janssens, 1990: 26).



c. te Saladin voeg hy by:

*"en qui temps le roy Richart dangleterre y fut avec  
pluseurs autres qui garderent le passage de Roche..."*

en 'n bietjie verder word daar na koning Eduard van Engeland verwys (Bennett; 1954: 176).

d. Te Beyrouth word na die Engelse heilige, St George verwys (Bennett; 1954: 177).

e. Warner het aandag op die feit gevestig dat die Sultan van Egipte die westerse lande berispe het, in besonder oor hul gedrag en kleredrag. Die Engelse neiging tot uitspattigheid, veral na die buit van Frankryk deur die weermag van Eduard die Derde, en veral met betrekking tot kleredrag, het groot ontsteltenis veroorsaak onder die moraliste van die era. (Bennett; 1954: 177).

f. Die outeur dra kennis van die ekstra letters "thorn" en "zoch" wat eie aan die Engelse alfabet is (Warner: 1893: 27).

Daarby kan ook gevoeg word dat

g. hy gedurig na "hierdie lant" en "onsen lande" met die implikasie dat hy Engeland bedoel, verwys (Moseley; 1983: 10).

h. hy na die boomgansse, wat na bewering in Engeland gebroei het, verwys (Moseley; 1983: 10).

Hierdie terloopse invoeging van brokkies kennis behorende tot 'n Engelse opvoeding, sluit aan by die beskeie karakter van die verteller, soos ons hom leer ken deur die lees van die teks (Bennett; 1954: 179). Dat hy egter Engels moes gewees het, getuig sy gebrek aan misstappe, wat soveel ander skrywers onvermydelik begaan wanneer hulle 'n vreemde nasionaliteit probeer inneem in hul skryf (Moseley; 1983: 11).

Die soeke is dus na 'n jong man, Jan van Mandeville, gebore en opgevoed te St Albans, wat uit Engeland vertrek het op St. Michielsdag in 1322 maar voor 1356 teruggekeer het van sy reise (Bennett; 1954: 184). Hy sou moontlik nie 'n oudste seun en dus erfgenaam gewees het nie: jonger seuns is meer geletterd opgevoed; sou nie geneig gewees het om tuis te bly nie; en daar was altyd die moontlikheid dat hulle die kerk as loopbaan sou kies (Bennett; 1954: 192). Dié soektog het egter gou probleme ontwikkel: daar het 'n groot aantal Mandevilles oorgebly, ten spyte van Bennett se uitskakeling van die wat nie aan die eise van ouderdom, reiservaring en geboorteplek kon voldoen nie, asook die wat gesterf het. Wat egter voor die dag gekom het, is dat daar 'n groot moontlikheid bestaan dat daar êrens onder hulle 'n Jan van Mandeville kon bestaan het wat die skrywer van die werk kon gewees het.

'n Nuwe interessante spoor is deur Bennett se ondersoek ontdek: die mededeling op die register van die Universiteit van Parys. Wat daarmee saamhang en van belang is, is dat in 1322 Willem Ockham, Marsilus van Padua en Jan van Jandun, Europa geskud het met hul aanval op die pous. In 1327 is Jan Buridan aangestel as rektor van die universiteit en het beredenerings aangevoer oor die moontlikheid dat die aarde op sy spil draai en dat die antipodes bewoonbaar was. Die vraag is of die skrywer van die REISE dalk deur hul beïnvloed is in sy denke (Bennett; 1954: 201 - 2).

Dat daar tog 'n Jan van Mandeville moes gewees het wat die REISE geskryf het, word nie deur van sy tydgenote en deur mense wat hom moes geken het, weerlê nie. Die twee waarskynlikste plekke waar beswaar vandaan sou gekom het, sou die abdy en Pleshy in Essex, die setel van die verteenwoordigers van die eretitel van Mandeville, gewees het (Bennett; 1954: 205).

In 1391 - 4 het Thomas Walsingham 'n lys opgestel van al die vernaamste persone verbind met St. Albans. Hy skryf:

*"Sir John de Mandeville, Knight, wanderer over almost the whole earth, and in many wars against die adversaries of our faith active, but not at all weary, he composed a book in French about what he had seen. This man was brought forth from his mother's womb in the town (villa) of St. Albans."*

(Bennett; 1954: 210)

Walsingham was daarvan bewus dat die oorspronklike teks in Frans geskryf is. As historikus, oudheidkundige en tydgenoot, was hy die beste persoon om eerstehandse kennis van die skrywer te dra en die outobiografiese gegewens vanuit die teks is deur hom as waar en eg beskou. Die berigte van die ringe in besit van die abdy en Walsingham se redaksie van 'n Latynse vertaling van die Normandies-Franse teks, getuig van 'n geloof in so 'n persoon al voor 1400 en daarmee dateer die Engelse getuienis net so ver terug as die getuienis te Luik (Bennett; 1954: 211).

Pleks van besware van die Mandeville-setel af, wil dit lyk asof die werk, asook moontlik die skrywer, deur verskeie geslagte gekoester is:

a. In 1361 is die sieklike boekliefhebber en beskermheer van die kuns en lettere, graaf Humphrey die Bohun, oorlede. In sy testament is daar, onder die lede van sy huishouding, twintig mark aan 'n Mandeville, wie se naam saam met die van vier ridders op die lys voorkom, nagelaat (Bennett; 1954: 207).

b. 'n Goeie Normandies-Franse teks, toe in besit van graaf Humphrey X, neef van bogenoemde, is saam met Erghom se PROPHECIES gebind. Die PROPHECIES, onder die steun van die Bohuns geskryf, is gedateer 1362 of 1363, dit wil sê, vyf jaar na die REISE (1356). Die kopie van die PROPHECIES volg op die REISE en begin op die verso kant van die laaste folio (Bennett; 1954: 207).

c. Van 1380 tot 1397 is Thomas, hertog van Gloucester, opvolger te Pleshy, 'n man wat vermoedelik groot belangstelling in die teks moes gehad het:

- i. Na sy moord, het die inventaris van sy biblioteek 'n MANDEVILLE in 'n rooi leeromslag ingesluit.
- ii. Thomas de Burton, een van sy beskermlinge, skryf in sy CHRONICA MONASTERII DE MELSA (1388 - 96) oor Mandeville, maar die kennis strek nie verder as wat in die Normandies-Franse weergawe voorkom nie.
- iii. In 1395 het die testament van Jan van Scardeburgh, rektor van Tischmarsh in York, wat die beskerming van die hertog van Gloucester geniet het, melding gemaak van 'n MANDEVILLE op papier ter waarde van twee sjie-lings. Hy was ook 'n vriend van die hertog van Gloucester.
- iv. In 1399 het Thomas Roos, seun van Sir Robert Roos van Ingmanthorp, uit 'n familie wat landgoedere onder die hertog gehou het, en nog meer 'n vriend van hom was, 'n "MAUNDEVYL" aan 'n vriend nagelaat.

(Bennett; 1954: 208 - 9)

Hierdie gegewens bewys sonder twyfel dat as die naam Jan van Mandeville fiktief was, of, as die REISE valslik aan iemand toegeken is, daardie mense in staat sou gewees het om dit agter

te kom en die waarheid bekend te maak. Alhoewel daar dus 'n groot hoeveelheid getuienis bestaan dat die verteller se gegewens waar kan wees, sou dit moeilik wees om 'n presies geskiedkundige figuur vas te stel omdat die naam so algemeen gebruik<sup>elik</sup> was. Daar bestaan nog geen teenargumente vir bostaande getuienis nie.

Dat die teks so vinnig na die kontinent versprei het (die beste weergawes gee as datum van voltooiing 1356; ook die Chantilly-manuskrip, gedateer 1371, was slegs 'n redaksie van die Paryse omwerking) kan toegeskryf word aan die geskiedkundige gebeure van die dag: na die slag van Poitiers, is talle van die Franse adel as gyselaars, Engeland toe. Op die voorpunt was die koning Jean le Bon, afkomstig van 'n familie geletterdes en beskermhers van die kuns. Terwyl hulle gewag het op familie en vriende om hulle vry te koop, het baie boeke en manuskripte van eienare verwissel omdat baie van die adel op parool vrygestel is en het as gaste van hul bewaarders geleef. Daar is baie tussen die twee lande gereis en die REIS, as 'n nuwe, hoogs interessante boek oor die Ooste, sou as puik vermaak kon dien vir die gesofistikeerde Franse gaste. Verder is die mode deur die koning en sy broers, Jean Duc du Berry en Philippe Duc de Bourgogne, wat boekversamelaars was, begin om boeke en manuskripte as geskenke aan te bied en die oorspronklike Parys-Franse weergawe kon moontlik in Engeland vir dié doeleinde vertaal gewees het. (Bennett; 1954: 168, 172 - 3)

### 3.1.3. Slot: Wat bly oor?

Gaan mens nou deur al die teorieë, dié wat waarskynlik en die wat onwaarskynlik blyk te wees, asook ander bybehore, soos die saffierring te St. Albans en 'n kristalsfeer te Kantelberg (Warner; 1893: 26), kan slegs die volgende oor die historiese figuur van die skrywer met sekerheid gesê word:

- a. dat hy 'n wes-Europese man moes gewees het, dit wil sê uit die noord-westelike hemisfeer;
- b. dat, wat uit die taalgebruik blyk, hy na alle waarskynlikheid Engels moes gewees het wat Frans, die eenheidstaal van die geletterdes van wes-Europese lande gedurende daardie tydperk, moes geken het;
- c. dat hy 'n baie belese man moes gewees het, nieteenstaande die feit dat hy sy geleerdheid gebruik het om, volgens die genre van skryf van sy epog, voor te gee dat hy self die reis onderneem het;
- d. dat hy definitief oor talent beskik het op die terrein van die vertelkuns, ten spyte van die stipte neergelegde reëls van die retorika; en

e. dat hy 'n verborge geheim van die geskiedenisboeke sal bly, vanweë die gebrek aan historiese gegewens.

Selfs as die geringe moontlikheid, dat daar glad nie so iemand soos Jan van Mandeville bestaan het nie, waar is, kan die skrywer van die werk se literêre vermoë net daardeur nog lof verdien.

Dat die oorspronklike teks wel in Normandies-Frans geskryf is, en sy oorsprong in Engeland het, is te bewyse aan die eensgesinde afkeuring van die teks deur die Franse as barbaars, nie net as gevolg van die dialek se spelling nie, maar ook omdat die woordorde meer Engels as Frans voorkom, omdat die skrywer geneig was om die nadruklike woord heel laaste in die sin te plaas. Ondanks die werk van die Paryse vertaler/redakteur, glinster nog die onbetwisbare Engelsheid tans deur. (Bennett; 1954; 179- 80)

Maar, die wat opsoek is om die mens te leer ken, die ware Jan van Mandeville te ontdek, hoef nie verder as die teks self te gaan nie: die ware mens lê nie in name of historiese datums en plekname nie; hy lê binne-in die hart en siel van 'n karakter: dit lê in die vertelwyse in die rol van die verteller. Dit is eers wanneer mens die teks self lees, en in verhouding met en teenoor die verteller betrek word, dat die sluiers van die geskiedenis opgehef sal word, sodat die leser reg teenoor daardie figuur van die verre verlede, as mens in die hede, te staan sal.



kom en in gesprek met hom sal kan tree. Sodoende sal die skrywer via die verteller leer ken word, want sy boodskap is universeel en dit is die aard van goeie kuns dat dit 'n universele waarheid weerspieël, wat oor tydperke heen nie sy sprankel<sup>ings</sup> verloor nie.

Uit die voorafgaande bespreking sou dit wou blyk dat daar met min geskiedkundige sekerheid oor die skrywer gese~~nd~~ kan word. Nogtans was dit belangrik omdat daar duidelik vasgestel is, dat d'Outremeuse nie die skrywer was nie, en die driedeling van die Franse weergawes:

Normandies-Frans

\  
Parys-Frans

\  
Luiks-Frans (Ogier-weergawes)

is deur Bennett (1954) gesuggereer deur haar bestudering van die Chantilly-manuskrip.

Die skrywer se moontlike reiservaring kan egter tot 'n sekere mate deur middel van die teks, nagegaan word, ondanks sy grotendeelse steun op vorige outoriteite. 'n Bespreking daarvan kom voor in die volgende onderafdeling.

### 3.2. DIE REISERVARING VAN DIE OUTEUR

Gedurende die verloop van die verhaal word daar beweer dat Mandeville dit nie sou geglo het nie as hy nie self daar gewees het en self dit gesien het nie. Om die skrywer se reiservaring te bepaal, is moeilik, omdat Middeleeuse skrywers die liefste op outoriteite gesteun het vir geloofwaardigheid. Die imitatio was belangrik vir 'n teks en nuwe idees en gedagtes is tot kettery veroordeel (Van Cauwenberghe; 1990: 81). Selfs reisigers soos Ludolf von Suchem het nie geaarsel om dit wat hy in die werke van outoriteite gelees het, en van die lippe van eerlike mense gehoor het, weer te gee nie (Howard; 1971: 2). Nieteenstaande die feit dat eiename berug geword het omdat hulle gou deur vertalers en skriba gekontamineer is, is dit moontlik om min of meer die reik van Mandeville se reiservaring te bepaal na aanleiding van daardie kennis wat bronnaslaners ontwyk het, maar wat af en toe deur die verteller in die teks oorgedra word.

Mandeville is alreeds deur die veroordeling getref dat sy werk op heeltemal geen reiservaring berus nie. Pirenne (1895: 319) skryf:

*"...Mandeville ses longues pérégrinations dans les trois parties du monde n'est qu'une invention mensongère puisque, comme on l'a vu plus haut, celui-ci n'a pas exécuté les voyages qu'il raconte."*

Sedertdien, as gevolg van verdere studie, het dit duidelik geword dat die tweede gedeelte van die verhaal minder van eie bewerings

spreek en geen spore van persoonlike ervaring bevat nie. (Hiervoor is gebruik gemaak van die standaard van die verhaalelemente.) Danksy die pionierswerk van A. Bovenschen (1888) en Warner (1889) en ten spyte daarvan dat daar 'n groot hoeveelheid pelgrimsverhale na die Heilige Graf in omloop was, is baie van Mandeville se bronne opgespoor (Cramer; 1908: vi). Alhoewel sy verhaal hoofsaaklik op Boldensele en Odoricus onderskeidelik berus, is dit alreeds deur Hugh Murray (in die vroeë agtiende eeu)(Letts; 1949: 37), Malte-Brun, d'Avezac en Vivien de Saint-Martin vasgestel dat die bereik van sy werklike reis tot Palestina en Sirië kon strek, na aanleiding onder andere van die volgende, wat nie in bronne te vinde is nie.

- Mandeville is die enigste om die bedrog van die kruis te Ciprus bekend te stel. Twee keer vermeld hy dat dit dié van die Goeie Dief, Dismas is en dat dit dus nie die ware Kruis kon gewees het nie (Bennett; 1954: 56).

- Warner wys daarop dat hy die enigste is, voor d'Anglure in 1395, om die naam van die wyn van Ciprus, "de Marrea," in 'n reisverhaal op te skryf (Bennett; 1954: 56).

- Albei Boldensele en Jacques de Vitry maak melding van die tiere, wat Mandeville bobbejane noem (papiones). Warner stel voor dat die benoeming miskien as gevolg van 'n misverstand van De Vitry kon gewees het. Wat egter hier van belang is, is dat

Mandeville sê dat hulle groter as leeu is en meer rats. Hierdie diere was onmiskenbaar die jagluiperds waarvan daar al lankal in Indië en Persië en later in Italië vanaf die regering van Frederik II, gebruik gemaak is. Mandeville was dus meer korrek oor hulle voorkoms (Bennett; 1954: 57).

- Die legende van Ypocras se dogter te Cos is nog nie na 'n bron herlei nie. Nogtans het die betroubare Felix Fabri dit in omloop gevind, toe hy self daarheen gereis het in 1483 (Moseley; 1983: 12).

- Sy lys van die nageslagte van die Egiptiese sultans eindig op 'n aanvulling van die lys van Hayton, van wie hy geleen het. Van Melechnasar word daar vertel dat hy gelukkig en lank regeer het, wat met die werklikheid ooreen gekom het. Mandeville noem verder ook sy twee seuns en opvolgers op, naamlik Melichmader en Melechmadabron. Bennett wys daarop dat eersgenoemde moontlik na die eerste opvolger, Melik-al-Mansūr kon verwys, maar sy laasgenoemde, Melechmadabron, kom die naaste aan die sesde seun (d. 1346) se naam. Hy het dus die drie wat in vinnige opvolging in dieselfde jaar as Melik-al-Mansūr geregeer het, oorgeslaan (Bennett; 1954: 64). Dat sy datums nie met hulle werklike regeringsperiodes presies ooreenstem nie (Warner se teenargument) verdedig Cramer op die volgende grondslae: eerstens kon sy geheue hom in die steek gelaat het; en tweedens, kon dit te danke gewees het aan oorskryffoute (Cramer; 1908: x). Daarby voeg

Bennett dat die vinnige veranderings- en wisselingstempo in daardie oord dit moeilik gemaak het vir Westerlinge om by te hou en op . hoogte te wees van hoe sake gestaan het (Bennett; 1954: 64).

- Aangaande Egipte is die kennis wat hy meedeel oor die Sultan se vier vrouens (een waarvan oënskynlik 'n Christin was), sy vriendinne, asook oor die wyse van outentieke uitlening deur die land, sy eie vertelling (Cramer; 1908: ix). Bennett wys daarop dat sy mededeling oor die Sultan se vroue nie direk waarneembaar sou gewees het en daarom slegs op gerugte sou gebaseer gewees het (1954: 64).

- DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE word van vroeëre reisverhale onderskei deur die groot aantal plaaslike plek- en handelsname wat baie na staan aan hoe hulle in die plaaslike taal voorgekom het. Ten spyte van die gebrek aan transkripsie-voorskrifte, het hy daarin geslaag om die name te suggereer. Byvoorbeeld:

- op pad Egipte toe, voeg hy by Boldensele by die naam van die woestyn: Et-tîh, asook die Turkse agtervoegsel vir plekname: - lik. Hy noem dus die plek "Atthelek". Die sitadel El-Kalah, noem hy "Calahelic" en vir Canopus lees die beste teks Canopac. St. Karitot kry sy plaaslike naam, "Markaritot" en Warner vestig aandag daarop dat hy die enigste westerse reisiger was wat die plaaslike


voorvoegsel gebruik het.

- Die Persiese pleknā<sup>am</sup>, "Chār Bāgh" word weergee as "char dabago", wat letterlik vier tuine of 'n paleis beteken. Vir die diamant gebruik hy "hamese"; die Arabiese woord daarvoor was "almās". Die rooi grond van Hebron noem hy "cambil"; die Arabies daarvoor was "canbīl", en een van die drie soorte peper kry ook die Arabiese naam daarvoor, naamlik "fulful" (Bennett; 1954: 61 - 2).

Alhoewel bostaande baie oortuigend suggereer dat hy daar moes gewees het, kan die moontlikheid dat hy dit òf van mediese, òf van wetenskaplike werke, of van pelgrim- en handelsreisigers gekry het, nie buite beskouing gelaat word nie. Die skrywer se neiging in die eerste helfte van sy werk, om plaaslike name in so groot hoeveelheid weer te gee, neem af in die tweede gedeelte, waar dit opmerklik byna ontbreek (Bennett; 1954: 62).

- Die teks getuig van gevoelsindrukke wat dit moeilik maak om te glo dat hy self nie daar kon gewees het nie, en verder is hulle ook nie opspoorbaar in die bekende bronne nie. Die volgende gee hiervan 'n indruk:

i. te Ciprus merk hy op dat die mense, as eetgewoonte, in slote sit om koel te bly. Volgens Bennett, sou dit blyk dat hulle eintlik die slote gegrawe het om as pakeplek vir hul



x. hy is ook die eerste om melding te maak van die kapel waarin die Indiërpriesters gesing het.

xi. Mandeville gee die korrekte aantal kolomme en trappe by die kerk van Betlehem weer.

(Letts: 1949)(Bennett; 1954: 57 - 9)

Dit is opmerklik dat, met die uitsonderings van i, iv, vii, x en ix, al bogenoemde slegs verwerkings en legendes is aangaande die plekke - hulle gaan nie noodsaaklik terug op eie waarnemings nie! Verder studie is deur dr. R. Fazy van Lausanne uitgevoer waaruit daar probeer bewys word dat Mandeville nie net in Egipte in die Sultan se diens opgetree het nie, maar dat hy ook te Constantinopel, Cos, Ciprus, Akre en Jaffa moes gewees het (Letts; 1953: xxxv).

Gedurende die periode waarin hy geleef het, was rondreis alledaags - dit sou dus nie te moeilik vir die skrywer gewees het nie, met sy belangstelling in die Ooste, om sy pad ten minste na Palestina te kon gevind het nie (Bennett; 1954: 56). Sy kennis van, byvoorbeeld, die optiese sinsbedrog van die oseaan wat dit laat lyk asof die branders van die hemel hang, kon volgens Bennett net as gevolg van eie waarneming en ervaring gewees het, al het hy tog net tot Libië geseil (1954: 68). Dat hy so baie oor die Nabye Ooste geweet het in terme van opgetekende kennis, kan suggereer dat hy òf self daar moes gewees het, òf dit van 'n



reisiger moes gehoor het (Bennett; 1954: 54). Natuurlik bestaan daar ook die moontlikheid dat hy wel self daar kon gewees het, alles self gesien het, maar dan alles uit die outoriteite oorgeskryf het tot steun van geloofwaardigheid.

Wanneer die leser verder na die Verre Ooste beweeg, ontbreek egter dieselfde oortuigende elemente en omvang soos wat dit in die eerste helfte van die teks voorkom:

- Mandeville beweeg in die teenoorgestelde van sy veronderstelde rigting, naamlik noordwaarts, saam met Boldensele, in sy opnoem van stede langs die Palestynse kus van Gaza tot Athlît, terwyl sy eie verhaal hom suidwaarts moes laat beweeg het (Bennett; 1954: 64).
- Alhoewel hy in sy proloog voorgee, dat hy in Tartarye was, weerspreek hy homself in reëls 5 778 - 99 waarin hy meedeel dat hy glad nie daar - was nie.
- Die name van die verskillende Tartaarse prinse deur hom opgenoem as van sy eie tyd, is deur Warner (1893: 25) vasgestel as dié van die prinse van 'n eeu daarvoor - 'n aanduiding dat hy slegs op outoriteite steun.
- Oor sy mededelings oor die hof en gewoontes van die Groot Khan is niks by die vroeëre bronne bygevoeg nie, behalwe sy opmerking

dat hy en van sy reisgenote die Groot Khan gedien het en sodoende hul doen en late kon waarneem. Mandeville noem ook naas papiergeld, die getekende leer as geldwisselkoers. Hierdie geldsoort is ook in 1356 in Frankryk gebruik gedurende die gevangenskap van Koning Jan (Cramer; 1908: xviii).

- Thiaut Khan, onder wie Mandeville voorgee hy as soldaat opgetree het, was reeds voor Mandeville se leeftyd dood.

Die probleem by die vasstelling van die betroubaarheid van sy metings, waarvoor daar geen bronne bekend staan nie, lê daarin dat baie van die toenmalige plekke deur die jare so baie verander het, ook in ligging (Bennett: 1954: 58). Daar moet ook met die oorskryffoute en daaropvolgende kontaminasie van syfers rekening gehou word. Die metingslengtes is toe ook nie vasgelê nie, en dit is nie altyd duidelik uiteengesit watter mate gebruik word nie. Soms gebruik die skrywer Lombaardse ligas, dan weer Franse ligas, en dan daarby ook Engelse myle (en selfs binne-lands het 'n myl op een plek nie dieselfde lengte as 'n myl op 'n ander plek beteken nie). Daarby het sy redakteurs en vertalers ligas en myle as gelykwaardig beskou (Bennett; 1954: 178).

Reisafstande is toe ook nog in daglengtes gereken, wat nie baie betroubaar was nie, veral wanneer daar in ag geneem word dat die afstand wat in een dag afgelê kon word van dertig myl gestyg het (Taylor; 1953: lviii). Die afstande is verder in Romeinse

syfers weergegee, wat berug is vir die hoë moontlikheid dat hulle verkeerd gelees word (Bennett; 1954: 179). Laastens moet daar ook bygevoeg word dat selfs die "ware" reisigers, insluitend Marco Polo en Odoric ook foute begaan het (Bennett; 1954: 58 - 67). Om al Mandeville se metings daarom uit te pluig in die hoop van die vasstelling van die reik van sy eie reiservaring, sou 'n moeisame en grootliks onvrugbare oefening wees.

In verband met sy mededelings oor die Verre Ooste, moes hy vry gevoel het om realiteit met blatante fantasie te meng omdat hy geloof in sy gehoor se vermoë gehad het om die twee te onderskei. Daarom kon hy van sy stof verwerk om 'n glimlag by te bring - die groei en uitbroeisel van diamante - en is bewustelik omsigtig wanneer hy van sy eie ervaring by die fontein van die jeug weergee:

(Howard; 1980: 63)

*"..... Jc dren  
ker af .iij. werf of .iiij. soe  
dat mi noch dunct dat ics te  
ghesonder ben....."*

(reëls 7 643 - 46)

Of die skrywer van die verhaal wel gereis het of nie, is egter onbelangrik vir die literêre waarde van die teks. Hy het die reis tot die siel en gewete van die Westerse Christendom onderneem, en sy oënskynlike leunstoelreis na die Verre Ooste was slegs een roete soontoe - op kritieke oomblikke binne die verhaal

keer hy immers sy oë terug weer na binne om sy eie bekende wêreld op die skale te weeg, en in die reël ly die westerse Christelike beskawing gebrek. As hy slegs vanuit 'n biblioteekstoel of van 'n kloosterbank (soos voorgestel deur Warner) geskryf het, kan dit net die leser se bewondering vir sy skryfvermoëns vergroot. Opvallend is dat daar geen groot poging gemaak is om die leser daarvan te oortuig dat die skrywer self daar was nie, behalwe vir die bykomstige besonderhede wat so nou en dan inglip, om die raaispeletjie aan die gang te hou (Howard; 1980: 63). Self sê hy in sy teks:

"....  
*Entie ghene die hem ghe-  
dient selen hebben of in sijn  
lant geweest of in sijn palays  
die selens mi wel geloeuen  
soe dat ict niet laten en sal te  
scriuene dat ic gesien hebbe  
om der gheenre wille die niet  
en weten no gheloeuen nemen-  
ne...."*

(reëls 9 735 - 43)

Maar teen die einde van die sestiende eeu, het hy reeds 'n plek ingeneem as skutsheilige van alle reisigers (Moseley; 1974: 17).

### 3.3. DIE BETROUBAARHEID VAN DIE TEKS AS NATUURWETENSKAPLIKE BRON

Om Mandeville teen vandag se aardrykskundige verwagtinge te meet, sou nie net problematies wees nie, soos dit uit die voorafgaande onderafdeling blyk, maar ook onregverdig. Toe hy geskryf het, het die natuurwetenskap van aardrykskunde, soos ons dit vandag verstaan, nie onder die SEPTEM LIBERALES ARTES geval nie. Die wetenskap as sulks, het apart gestaan van sy donker wederhelfte, wat uit 'n ongestabiliseerde mengelmoes van wat sommige "fantasie" en realiteit sou wou noem, bestaan het. Dit was 'n omhelsing van Bybelse dogma, reisverhale, filosofiese bespiegeling en mitiese verbeelding (Van Cauwenberghe; 1990: 90) en het nie net die legging en aard van die verskillende lande weergegee nie. Daarby was hul weergawes daarvan onnoukeurig volgens vandag se standarde: die vroegste Europese kaarte het Asië noord van Europa geplaas en die Dnieper/Don, Nyl en Middellandse see is daarvolgens almal ewe breed (Van Cauwenberghe; 1990: 90).

Alhoewel dit nou bekend is dat die skrywer van DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE waarskynlik min of selfs nooit self gereis het nie, kan dit uit die volgende nie ontken word dat sy werk duidelik waardeer is vanweë dit se aardrykskundige kennis:

Die teks is met heelwat wetenskaplike en geografiese tekste saamgebundel. Hier volg 'n aantal voorbeelde daarvan:

- a. LIVRE DE MERVEILLES (1403);
- b. Velser se Duitse vertaling van die Frans kom voor in in 'n bundel astronomiese tekste, vermoedelik vanweë die gedeelte oor die Poolster.
- c. Glasgow, Hunteriaanse manuskrip T.4.1. is 'n samestelling oor die Ooste en bevat onder andere:

Guido delle Colonne se HISTORIA DESTRUCTIONIS TROIAE,

aartsbiskop Turpin se ITINERARIUM,

Julius Valerius se HISTORIA ALEXANDRI MAGNI, en

Marco Polo, Odoric de Foro Lulii en Mandeville se reise.

- d. Hakluyt se eerste redaksie van PRINCIPALL NAVIGATIONS (1589), opgestel om 'n handige bron vir handelondernemings na die Ooste te wees, het 'n Mandeville ingesluit. Hy het egter die gebruiker daarvan gewaarsku dat Mandeville se werk deur skribas en drukkers verknoei is en dat die wat geleerd in die geskiedenis en aardrykskunde is, die waarheid sal moet uitpluis. Later, toe hy bewus word van die twyfelagtigheid van die teks as bron, is Mandeville deur hom van die hand gewys en sy tweede redaksie (1598) het hom nie ingesluit nie.

(Moseley; 1974: 7 - 9)

Baie van die teks is ook, sonder erkenning, deur ander pedagoë oorgeneem en dit verskyn (soms verbatim) in die volgende:

- a. THE PYLGRYMAGE OF SIR RICHARD GUYLFORD TO THE HOLY LAND A.D.  
1506;
- b. die ~~PY~~<sup>4</sup>GRIMAGE OF SIR RICHARD TORKYNGTON (1517), wat 'n  
vervalsing is gebaseer op a.;
- c. Hartmann Schedel se NUREMBERG CHRONICLE (1493);
- d. Münster se COSMOGRAPHIA (1544);
- e. die werke van die natuurwetenskaplikes, naamlik Geoner,  
Belon, en Aldrovandus;
- f. die werk van Ortelius;
- g. vir Mercator se kaart (1577) is hy as bron gebruik (Moseley;  
1983: 31);
- h. die Andrea Bianco-landkaart van 1434 (Marco Polo is nie  
hiervoor gebruik nie!);
- i. die Behaim-aardbol van Nuremberg (1492);
- j. die Cotton-teks, waarvan die eienaar daardie folios, wat  
gebruik kan word as 'n pelgrimsgids, uitgeskeur het.

(Moseley; 1983: 23)

Van bogenoemde, is g, h, en i dit waarop die wêreldbeeld van die  
vroeër ontdekkingsreisigers gebaseer is.

Daarby is die teks ook vir praktiese doeleindes deur die volgende  
persone gebruik:

- a. die versredaksie BM MS Addit. 37049 ff. 3 - 9 blyk vir  
die pelgrim bedoel te wees. Dit is 'n verkorte weergawe en  
konsentreer op die godsdienstige - dit bevat uittreksels van

die gedeeltes oor Jerusalem en die Heilige Land en hoe om daarby uit te kom (Moseley; 1974: 11);

b. Frobischer (Moseley; 1974: 19);

c. Raleigh (Moseley; 1974: 9);

d. Christopher Columbus (Howard; 1971: 1); en

e. Leonardo da Vinci (Moseley; 1983: 9).

Van die skribas wat met die teks gewerk het, was onder die indruk dat hulle met fiksie te doen gehad het en het probeer om op die wolhaarstories te verbeter; maar teenoor hulle was ook die, soos die oorskrywer van die Egerton teks, wat nog stawende verwysings na Comestor, Isidor en Bartholomaeus bygevoeg het, en sommige het ook probeer om Odoric as Mandeville se reisgenoot voor te hou (Bennett; 1954: 86).

Van die wetenskaplik belang wat die teks inhou, sou sonder twyfel die volgende gedeeltes, voorgehou as vertroulike eie-ervaring van die verteller, onder die belangrikstes voorkom:

a. die vier verskillende roetes na Jerusalem;

b. sy opmerkings oor die sterre;

c. sy opmerkings oor die vorm van die aarde;

d. sy standpunt teenoor die posisie van Jerusalem; en



- e. sy uiteenlegging van die natuurverskynsels van die lande wat deur die vier hoofriviere verdeel is.

### 3.3.1. Oor die roetes na Jerusalem

Ten spyte daarvan dat dit veral syfers en eiename is wat onder oorskrywings-kontaminasie lei, beweer Taylor dat dit nogtans moontlik is, met behulp van 'n bietjie kennis oor die ou Romeinse paaie en die hoofkaravaanroetes, om Mandeville se landroetes te kan volg (Taylor; 1953: lviii). Maar, naas die probleme van afstandmetings (soos uiteengesit in 3.2.), het Mandeville ook die opvolging van stede langs die Palestynse kus vanaf Gaza na Athlît omgekeerd neergeskryf, soos hy van Boldensele oorgeskryf het, wat in die teenoorgestelde rigting gereis het (Bennett; 1954: 64). Aan Mandeville se aanwysings ontbreek egter die verwysings wat toe spesifiek gebruik is om die pad soontoe te vind, naamlik landtekens, watter pad om by 'n vurk te neem en wanneer die mantel verdubbel (Lewis; 1964: 143). Dit is miskien omdat dit nie sy doel was om spesifieke roetes noukeurig weer te gee nie. Die aardrykskunde- en reismotief was slegs die agtergrond waarteen sy boodskap sy verskyning gemaak het.

### 3.3.2. Oor die hemelligame

Mandeville het nie net name en afstande weergegee nie, maar het ook gebruik gemaak van die astrolabium om die hoogtes van die verskillende sterre te bepaal (Bennett; 1954: 138).

Mandeville gee voor dat hy die wêreld verken het van 62° noorderbreedte (Noorweë) tot 33° suiderbreedte ('n eiland in die Stille oseaan); maar sy "wetenskaplike" en "empiriese" waarnemings en afmetings, wat oënskynlik voorgehou is as lesings vanaf 'n astrolabium, is gebrekkig, alhoewel die instrument 'n baie noukeurige afmeting wat slegs afwykinge wat binne een graad val, weergee. Vir Brabant, gee hy 53°NB, terwyl die moderne waarneming tussen 50° en 51° NB is. Hierdie lesing kon wel aan onnoukeurigheid toegeskryf word. Vir Middeleeuers sou dit ook logies gewees het dat Brabant noordeliker as 50° geleë moes gewees het, omdat in Sacrobosco se DE SPHAERA, Amiens as 50° weergee is (Janssens; 1990: 37). Bohemië se ongeveer 50° NB is 58°NB in Mandeville, wat volgens Gerritsen wel 'n kopieërfout kon gewees het, maar Janssens (1990: 37) wys daarop dat uit die dertiende-eeuse Ebstorfkaart dit sou wou blyk, dat die Middeleeuers geglo het dat hy noordeliker as sy ware posisie gelê het. Sy Ethiopië (Hoog Libië) lê 18°SB teenoor vandag se tussen 18° en 4°NB. Beide Taylor en Gerritsen vermoed dat hy dalk van 'n helderder ster, soos Antares in Skerpioen kon gebruik gemaak het; maar vir Lamary wat tussen 6° NB en 6°SB lê, is 33°SB

weergegee. Hiervoor kan geen verskonende verklaring geopper word nie, aangesien dit die breedte van Sidney in Australië is - die antwoord moet daarom gesoek word in sy gebruik van die sterre (Janssens; 1990: 23 - 4).

Mandeville beweer dat 'n suidelike poolster, Antarktike te sien is in die suidelike halfrond, maar daar bestaan geen gelyke teenoorgestelde suidgeleë ster vir Transmontane in die sterrebeeld van die klein Beer, die noordelike ster waarvolgens seelui hul posisie kon bepaal het, nie. Die ster wat wel in die suidelike halfrond hierdie funksie verskaf, is die dubbelster Acrux in die sterrebeeld van die Suiderkruis. Drie moontlike verklarings vir hierdie stelling sou kon gewees het dat:

- a. hy dit uit Sacrobosco verneem het, wat die Suidpool "polo antartico" noem;
- b. hy dit van 'n sterrekaart, waar die suidelike hemelspole as "polus antarcticus" aangegee word, geneem het (Gerritsen: 1983: 486), of
- c. hy die naam uit Grieks, waarvolgens anti (teen) met arktos (beer) saangestel is, verkry het (Janssens; 1990: 24).

Mandeville was dus bewus van die twee roerlose punte van die spil waarom die aardbol gedraai het. Een hiervan is deur die Arktiese ster gemarkeer, maar daar is niks in die hemel wat met sy Antarktika of sirkumpolêre konstellasie ooreenkom nie (Taylor; 1953: liv).

Daar waar Mandeville beweer dat hy die suidelike poolster gesien het, kon ook onmoontlik gewees het, want Libië en Ethiopië, al is hulle toe vir die Middeleeuers minder presies gelokaliseerd, sit sonder twyfel toe nog, soos hedendaags, in die noordelike halfgrond (Janssens; 1990: 24). Sy vergissing oor Lamary is te groot om te glo dat hy ooit sover kon gereis het. Dat hy miskien kon geglo het dat hy in die suidelike halfgrond kon gewees het, is begryplik egter, as hy op Bybelse gronde Jerusalem in die middel van 'n ge-oriënteerde aardsoppervlak gesitueer het (Gerritsen; 1983: 467).

Ten opsigte van die posisie van Engeland was Mandeville egter op die hoogte van die wetenskap. Hy gee ook weer dat Engeland buite die sewe klimaatsones aangetref word en dat dit onder die invloed van die maan staan, en derhalwe is die Engelse geneig om rond te reis. Bennett vestig die aandag daarop dat dit toe in die algemene omloop geglo is. Selfs Solinus en Bartholomaeus Anglicus skryf dat Engeland "buite die aarde", dit wil sê, die drie vastelande van Asië, Afrika en Europa lê (Bennett; 1954: 139).

Mandeville se werk kan dus beskou word as sy poging om 'n ernstige boek te skryf, gebaseer op die nuutste wetenskaplike kennis van sy dag (Gerritsen; 1983: 485). Sy boek het as skakel tussen die geleerdes en die gewone mens gedien deurdat hy

gespesialiseerde kennis gepopulariseer het - hy was een van die eerstes om die astrolabium se werking in die volkstaal te beskryf (Gerritsen; 1983: 491). Sy wiskundige perspektief het ook gestrek tot sy uiting in terme van die posisie van die aardse paradys, dat QOS 'n relatiewe term is - iets wat nie in die algemeen verstaan is nie (Taylor; 1953: liii).

### 3.3.3. Oor die vorm van die aarde

Vir Mandeville, soos vir baie van sy tydgenote, was die wêreld ongetwyfeld rond. Middeleeuers wis dat die aarde rond is, maar nie alle Middeleeuers en nie gedurende die hele Middeleeue en op dieselfde manier nie (Janssens; 1990: 13). Dat daar eens nie in teenvoeters geglo is nie, is te danke aan die feit dat Macrobius se kaart van die tweede en oosterse halfronde in die skadu gestel is deur die MAPPA MUNDI, waarvan die Herefordkaart 'n voorstelling is, en wat die bekende wêreld weergegee het, sodat daar selfs onder die geleerdes diegene was wat dit as die hele aarde aanvaar het as gevolg van gebrek aan insig (Taylor; 1953: lv).

Bennett wys daarop dat Mandeville se voorstelling dat die wêreld alomreisbaar is, ook nie 'n nuwe idee was nie. Wat sy vertelling egter uniek maak, is dat hy die feit tussenin die wondere en grote rykdom van die Ooste beargumenteer het (Bennett; 1954:

235). Mandeville was die eerste wat bereid was om hierdie stelling wetenskaplik aan gewone mense te probeer bewys, in 'n taal wat hulle kon verstaan.

Die skrywer se wiskundige begrip van die aardbol laat Taylor dink dat hy universiteitsopleiding moes gehad het. Dit is deur sy aanvaarding van die logiese gevolgtrekking dat die onbekende gedeelte van die aarde in 'n verhouding tot die bekende gedeelte moet bestaan, dat hy aflei dat die aardbol omseilbaar moet wees (Taylor; 1953: li). Daarbenewens het hy nogtans nie geglo dat daar 'n brandende sone in die pad van die omvaarding gestaan het nie, maar dat dit in die verkrygbaarheid van gewillige seelui gelê het (Taylor; 1953: liii).

Dat die skrywer nogtans probeer het om so akkuraat moontlik te wees ten opsigte van sy teorie oor die aardbol, blyk uit sy gebruik van sy bronne. Hy aanvaar Sacrobosco se afstand van 700 stadies (een Griekse stadie is ongeveer 600 voet) per graad, maar bevraagteken sy omtrek van die aarde in myle, omdat hy onder die misverstand was dat Sacrobosco se berekeninge op 'n algemene maattabel gebaseer was soos die wat in Isidore of Beauvais voorgekom het en waarvolgens die stadie  $\frac{1}{8}$  van 'n myl uitgemaak het. Sewehonderd stadies sou dus 'n graad van  $87\frac{1}{2}$  myl gee sodat die omtrek van die aarde op 31 500 myle bereken sou word (wat 'n te hoë getal is). Maar Sacrobosco het Eratosthenes se stadie van tien stadies per myl gebruik in sy berekening van  $56\frac{2}{3}$  myl per

graad wat die korrekte omtrek van 20 425 myle gegee het. Mandeville se misrekening sou dus blyk as gevolg van verskille en verwarring in die gebruikte universiteits-handboeke te wees (Taylor; 1953: liii).

Hiernaas, het Mandeville ook voorgegee, dat hy, gewapen met 'n astrolabium, sowel in die noordelike as in die suidelik halfronde metinge opgedoen het, waaruit dit sou blyk dat die aarde bolvormig is (Janssens; 1990: 12) (Sien 3.3.2.).

Bennett wys op die groot bydrae wat hierdie werk gelewer het tot die aansporing van die ontdekkingsreise, deur sy bewerings en sterk oortuiging dat die wêreld rond en dus omseilbaar is. Die styging in die aanvraag vir Mandeville in die vroeë jare van die uitvinding van die drukpers kan nie bestry word nie (Bennett; 1954: 231). Akkuraat of te nie, Mandeville was vanweë die ontdekkingsreise weer gesog. Hy het die toenmalige aardrykskundige kennis byeengebring in die interessante en betowerende vorm van 'n ooggetuieverslag. In hul pogings om Mandeville se bronne op te spoor en daarmee die werk te diskrediteer, het geleerdes slegs daarin geslaag om te bewys dat hy op die hoogte was met die jongste aardrykskundige boeke van sy dag, al is dit hoofsaaklik deur die ensiklopediese werk van Vincent van Beauvais.

### 3.3.4. Oor die posisie van Jerusalem

Soos uit bostaande blyk, was Mandeville nie juis heeltema~~l~~ vry van die tradisionele Christelike wêreldbeeld nie. Alhoewel die kennis van die bolvormigheid van die aarde tot ver in die geskiedenis teruggegaan het, was dit ook nie genoeg om die teologiese vooroordele onder die gewone mense uit te skakel nie (Bennett; 1954: 232). Na sy beproewing van die bolvormigheid van die aarde skryf Mandeville ook Augustyn se teenargumente oor, net soos Vincent van Beauvais van sy outoriteite oorgeskryf het (Bennett; 1954: 231 - 2). Die beeld wat hy sodoende verskaf, is een van Europa en die Nabye Ooste wat heel bo op die aardbol te vinde is, terwyl Engeland en Indië op weerskante, afdraand, gesitueer is. Sodoende is aan die patriatistiese teorie se eis, dat Jerusalem op die hoogste punt, bo-op die bol geleë is, voldoen (Bennett; 1954: 136).

Dat hy die Bybelse met die nuwe aardbeskouinge (soos in die vorige onderafdelings uiteengesit) probeer kombineer het, blyk daaruit dat daar ook in sy werk:

- a. 'n Aardse paradys met sy vier riviere voorkom;
- b. Jerusalem se sentrale posisie verdedig word;
- c. die dieldeling van die landmassas op die Bybelverhaal van Noag en sy drie seuns terug gegaan word; en
- d. 'n sterk morele toon na vore kom.



Nogtans bevat sy werk elemente van 'n nuwe moderne siening: Europa en die Middellandse-seegebied staan nie meer sentraal ten opsigte van die hele wêreld nie. Die benadering tot ander wesens is met meer begrip, terwyl daar 'n bewuswording van en 'n tegemoetkomendheid teenoor diversiteit begin plaasvind het.

### 3.3.5. Fantasie of feit

Om Mandeville se mededelings oor die vreemde verskynsels as fantasie en onsin vandag af te skeep, sou uiters naïef wees. In 1908 het Cramer geskryf dat:

"Voor de Middeleeuwsche land- en volkenkunde heeft dit zogenaamde reisverhaal geen waarde" (1908: xxxi) maar baie van die wesens uit die Verre Ooste, al is hulle nie deur Mandeville self waargeneem nie, is tog waarskynlik in oorsprong op realiteit gebaseer. Hierdie siening is alreeds in werke soos Chalmer se BIOGRAPHICAL DICTIONARY (1815) uiteengesit en dit het die aanvaarde standpunt van die agtiende eeu geword (Letts; 1949: 37).

Wat mense sien, hang hoofsaaklik af van hul agtergrond van bekende kulturele, begrips-, voorstellings- en metodiese strukture (Moseley; 1983: 12). Mense is dus geneig om te sien wat hulle verwag om te sien. Wat Mandeville en/of ander reisigers gewaar het, sou dus gekleur gewees het deur die boeke

wat hulle gelees het en die legendes en mites wat hulle onderlangs van gehoor het.

Om Mandeville se menswesens op eilande te probeer opspoor, omdat hy telkens van daardie woord in sy teks gebruik maak, sou ook nutteloos wees, omdat soos Moseley uitgewys het, sy eiland dui op

"a group of people living as a recognizable entity somewhere in the uncharted wastes whose borders and juxtapositions to other groups are ill-defined"

(Moseley; 1983: 193)

Mandeville het sommige van sy wesens aan Plinius ontleen. Die meeste van hulle is tog egter op waarneembare realiteit gebaseer, byvoorbeeld,

a. die geloof in siklope is vermoedelik gebaseer op die argeologiese bevindings van reusagtige skedels met een holte in die middel daarvan, wat teruggaan op mammoetskedels met 'n sluipholte (Janssens; 1990: 174);

b. sy reuse kon na alle waarskynlikheid teruggegaan het op Afrikaanse stamme van ongewone groot mense, soos die Watutsis (Janssens; 1990: 174);

c. Amyctyrae (mense met 'n vooruitspringende onderlip wat as 'n sonskerm gebruik kan word) kon op die mense van die

Ubangustam gebaseer gewees het wat 'n tradisie gehad het om die onderstelip met 'n opvolging van groter houtplate te vergroot (Letts; 1949: 63);

d. die Cynophal se oorsprong kon gewees het in die Egiptiese voorstelling van die god Anubis, met die kop van 'n jakkals (Janssens; 1990: 1874);

e. hondskopmense is ongetwyfeld bobbejane met vooruitstekende snuite wat soos die snuit van 'n hond daar uitsien. Hierdie ape was ook gronddiere, wat 'n sterk menslike sosiale struktuur beoefen het (Janssens; 1990: 174);

f. die Tibetaanse manier om ontslae te raak van hulle dooies, is ook uit ander bronne bevestig as 'n Zoroastriese tradisie, alhoewel die gebruik van die skedels nêrens opspoorbaar is nie (Bennett; 1954: 47);

g. kannibalisme is ook 'n bekende verskynsel in die volkekunde (Janssens; 1990: 139).

Die menswesens wat deur Mandeville beskryf word, is verteenwoordigend van 'n VERVALLE NATUUR (Howard; 1980: 72). Hul vervormings strek tot selfs binne die diereryk... soos die mense wat op die grond rondkruip en sis soos slange. Wat mense van diere in die skeppingshierargie onderskei het, was hul

vermoëns om te redeneer, waarvan taal 'n uiting is. Die wonderbaarlike wesens word dus tog as menslik beskou omdat hulle hul leefwyses kon staaf met redenering. Die mens keer terug na die eienskappe van 'n dier wanneer die gawes van redelikheid en die woord afneem en hy slegs op sy eie behoeftes se bevrediging begin konsentreer. Dan het die dierlike in hom geseëvier en het hy 'n trappie ondertoe op die wesensketting afgedwaal (Janssens; 1990: 167). Die moontlikheid bestaan dus dat hierdie groep van Mandeville se menswesens, soos die figure in Hieronymous Bosch se werke, simbolies van aard was, en dat hul dierlike verwesenlikings slegs uiting gegee het aan hul besondere ondeugde, eerder as om voorstellings van die realiteit te gewees het. Dit sou 'n interessante studie uitmaak, om 'n hierargie van die (simbolies) agteruitlopende wesens in die Ooste op die stel.

Mandeville se ~~andere~~ beskrywings kan teruggevoer word tot onder andere:

a. die kameelperd, wat Mandeville weergee as 'n "orafle" of "gerfaunt", die naam en beskrywing waarvan tot Europese verwarring gelei het (Letts; 1949: 95 - 6);

b. die visse se jaarlikse wonderbaarlike optrede op die eiland van Calonak, is deur die mense op Guillemard se CRUISE OF THE MARCHESA in 1886 by die Avatcha rivier wat in die Avatchabaai loop in Suid-Kamtchatka, ook opgemerk.

Honderde visse is gesien wat kop aan stert so na aan mekaar gelê het, dat die perde amper op hulle moes trap. Navraag in die streek het opgelewer dat dit 'n voortdurende jaarlikse verskynsel is (Letts; 1949: 62);

c. Mandeville se brand- of boomgansse het hulle oorsprong daarin dat alhoewel hulle in die Middeleeue bekend was, mense nie daarin geslaag het om hul broeiplek te ontdek nie. (Dit is eers in 1596 dat dit in Groenland agtergekom is.) Hulle is daarom as aseksueel verklaar en hulle voortplantingsteorie het ontstaan (dalk as gevolg van hul benaming "barnacle goose") na aanleiding van die eendemossel ("barnacle"), 'n mosselsoort wat aan dryfhout groei en waarvan die inhoud soos die embryo van 'n voël lyk (Uyttersprot; 1990: 176).

d. Naas a), deel die skrywer ook gegewens mee oor krokodille, palings, olifante, ystervarke, renosters en waterskilpaaie;

e. Mandeville se welreikende pantaleer in die paleis van die Groot Khan kom neer op 'n slegte opvatting van die Nepali woord 'panda' (Moseley; 1983: 12).

Van die **bome- en plantsoorte** gaan terug op legendes en mites, maar tussenin is daar ook tog die herkenbare, byvoorbeeld,

piesangs word deur Mandeville as "appels van die paradys" opgenoem en hy voeg daarby dat, al sou mense hierdie vrug òf dwars òf in die lengte sny, nogtans sou daar 'n kruis te sien wees. Volgens Howard (1980: 57) sou hierdie , asook die latere byvoegsel van 'n skuinse snit, tog moontlik kon gewees het omdat die piesang toe kon verskil het van vandag se gekweekte vrug.

Belangstelling in **outomate** het gebloei as gevolg van die herontdekking van die **PNEUMATICA** van Hero van Alexandrië gedurende die Middeleeue (Uyttersprot; 1990: 140). Van die wonderbaarlike verskynsels sou veral die hoender uitbroeimasjien, asook die verhaal van die man wat 'n kasteel en tuin gebou het om jong krygers te lok, hoogs interessant gewees het.

Van die lande waarvan daar vertel word, duik baie vreemde **natuurverskynsels** op. Deur hul kenmerke kan hulle realiteitsbasis ontdek word, byvoorbeeld die "zandsche zee" kon dalk sy oorsprong in die dryfsande van die woestyn gehad het (Letts; 1949: 79). Oor die Duiwel se vallei, wat naby die rivier van Genoeë geplaas is, meen Yule dat dit die Regruwan, veertig myl noord van Kabul in die Hindu Kush, is. Daarvolgens sou die rivier van Genoeë miskien die Panchshir kon gewees het, wat by die Regruwan aansluit. In dieselfde streek kom daar reusagtige figure van rots voor en die geluid van onsigbare tromme in Sentraal-Asië se woestyne en op ander plekke, is ook bekend aan moderne reisigers (Letts; 1949: 89).

Hierbo is slegs 'n baie vlugtige oorsig gegee van die verskynsels in DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE, weens die lengtebeperking van hierdie studie.

### 3.3.6. Slot

Ten spyte daarvan dat sy boek as 'n merkwaardige aardrykskunde bron genoem kan word, is dit moeilik om te glo dat dit sy hoofmotief was, toe hy die boek geskryf het. Die eerste plek moet afgestaan word aan die siening dat sy boek 'n reis na die siel en gewete van die mense is, maar gebaseer nie op die gewone tendens om van die geskiedenis gebruik te maak nie, maar eerder op die natuurwetenskaplike. Mandeville het nooit voorgegee dat sy werk heeltemal akkuraat is nie. Hy gee toe dat sy geheue nie langer is wat die was nie, en vra latere lesers om op sy werk te verbeter waar hulle kan, maar sy werk is geen gids nie - dit bevat nie sy daaglikse ervarings nie.

### 3.4. DIE ALFABETTE

Die alfabette wat in DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE voorkom, prikkel die nuuskierigheid. Dit was duidelik ook een van die aantrekkingskragte van die boek, want naas die ses wat standaard is, is nog drie, naamlik Tartaars, Chinees en die van die land van Pape Jan bygevoeg. Daarnaas spog twee Middelnederlandse manuskripte, naamlik Berlin: Staatsbibliothek. Germ. Fol. 204 en Luneberg: Ratsbücherei: Ms. C. 8 Fol met sewentien alfabette (Bennett; 1954: 65)! Hulle het 'n aura van misterie en verwondering aan die werk verleen. Hierdie neiging was alreeds deel van die genre van reisbeskrywing in Mandeville se tyd: ander reisvertellers het dikwels alfabette en plaaslike frases bygevoeg om as verdere oortuiging te dien, en vir die gewone mens sou dit, soos nou nog, moeilik gewees het om hulle op te spoor. (Moseley; 1983: 191). Mandeville verskil egter van hulle deurdat hy nie, soos hulle, sy kennis op die daad neergeskyf het nie, maar op bronne gesteun het (Letts; 1949: 152).

In 1548 het Bale geen twyfel oor die betroubaarheid van Mandeville se alfabette gekoester nie. Hy het hom, in sy CATALOGUE OF BRITISH WRITERS, bo Marco Polo, Columbus en Contez geplaas en hom met Mithridates, vanweë sy kennis van vreemde tale, vergelyk (Letts; 1949: 34). Die studie oor die betroubaarheid van die alfabette het met Sir G. Warner begin, volgens wie die Griekse alfabet se vorms as eienaardig bestempel



is, die Egiptiese as verknoeid buite herkenning en die Hebreese as verbasterd afgeskryf is. Die Saraseense is ook nie Arabies nie, maar kan teruggevoer word tot die Glagolitiese, in die COSMOGRAPHIA van Aethicus, en die sogenaamde Persiese is deur gebruik van J. G. Eccard in DE ORIGINE GERMANORUM LIBRI DUO (1750) tot die Chaldese in 'n Ratisbon manuskrip herlei (Hamelius; 1923: 21). Hy het ook onder die aandag gebring dat soortgelyke alfabelle in Hrabanus Maurus se DE INVENTIONE LINGUARUM voorkom (Bennett; 1954: 65).

Sedertdien het Letts en Painter 'n studie aangepak. Alhoewel hulle verkeerdelik onder die indruk was dat die Paryse manuskrip van 1371 'n goeie teks is (dit is slegs 'n lae gehalte kopie van 'n redaksie) en van Brussel se ms nr. 10420 - 5, 'n Ogier-weergawe gebruik gemaak het (Bennett; 1954: 146), nogtans kan hul werk nie heeltemal opsy gesit word nie.

Hul navorsing is op die twee werke wat Warner gebruik het, naamlik J. G. Eccard en Aethicus gebaseer. Eccard het alfabelle van 'n Ratisbon manuskrip, nou in München, weer<sup>=ge-</sup>gee, wat dieselfde name vermeld as die in Mandeville se Egiptiese, Hebreese en Persiese alfabelle (Letts; 1949: 154). Hiernaas het Letts en Painter ook gebruik gemaak van C. F. Gessner se A.B.C. BUCH, ODER GRUNDLICHE ANWEISUNG, IN WELCHER DER ZARTEN JUGEND ... IN DER TEUTSCH, LATEINISCH ... EN MEISTEN ORIENTALISCHEN SPRACHEN ... EN LEICHTER WEG GEZEIGET WIRD, (1743), wat 'n brug vorm tussen

Mandeville, Ratisbon en Aethicus, deur sy weergawes van Egiptiese, Saraseense en Chinese alfabelle, wat teruggaan op 'n manuskrip van omtrent dieselfde periode as Ratisbon. Die belang van hierdie drie bronne lê daarin dat hulle bewys dat die alfabelle nie verdigsels van Mandeville is nie en dat hulle teruggaan op betroubare bronne (Letts; 1949: 155).

Soos hulle in die teks voorkom, bestaan die alfabelle uit die vorm van die letters, hul name en hul Europese ekwivalent. In die algemeen is dit nie die name van die letters wat tot korrupsie gelei het nie, maar die vormgestaltes. Hulle het naderhande so verbaster geword, dat hulle heeltemal weggelaat is, soos in die Latynse tekste.

Die uitkoms van Letts en Painter se navorsing kan in volgorde soos volg opgesom word:

a. Die **Griekse** alfabet is 'n afstamming van egte Grieks. Bennett voeg daarby dat Mandeville self 'n bietjie Grieks moes geken het omdat hy die letters korrek en in die regte volgorde opnoem. Die res van die alfabelle word in die Latynse volgorde gestop. Verder, in sy gedeelte oor Golgotha, noem hy twee Griekse inskripsies op. Een daarvan is uit Peter Comestor se HISTORIA SCHOLASTICA EVANGELICA, maar die ander is onopspoorbaar.

b. Die **Egiptiese** alfabet gaan terug op die Koptiese alfabet, nou twee eeue verouderd, wat deur Christene teenoor Arabies gebruik is (Letts; 1949: 156).

c. Die **Hebreeuse** is verbasterd (Letts; 1949: 156)

d. Die **Saraseense** alfabet is afkomstig van Runies. Weer eens volg Mandeville sy voorgangers en stop die letters in die Latynse volgorde (Letts; 1949: 156 - 7). Aan die einde van hierdie alfabet plaas die skrywer sy nota oor die Engelse Y en Z, wat van sy eie belangstelling daarin getuig.

e. Die **Persiese** alfabet se name, soos die van die Saraseense alfabet, is gefantaseerd. Mandeville het weer eens die taal van die Christelike, en nie van die heidense, gemeenskap as basis hiervoor gebruik. Dit kan teruggevoer word tot die Nestoriaans in daardie gebied (Letts; 1949: 158).

f. Die **Chaldese** alfabet is 'n doëblet van die voorafgaande Persiese. Die name is slegs verkortings daarvan (Letts; 1949: 58).

g. Die **Tartaars-Russiese** alfabet blyk 'n samestelling van die Saraseense name en die Chinese vorme te wees (Letts; 1949: 58).

h. Die **Chinese** en dié van **Pape Jan** se land is doëblette waarvoor daar geen opspoorbare bron bestaan nie (Letts; 1949: 59).

Die drie laasgenoemdes kan saam gegroepeer word, omdat almal van hulle nie op egte alfabette teruggespoor kan word nie. Verder kom hulle slegs in die Ogier-weergawes voor, sodat die moontlikheid bestaan dat hulle ook deur Jean d'Outremeuse ingestop is en nie die werk van die oorspronklike skrywer kon gewees het nie (Letts; 1949: 159).

In 1923 het Hamelius gepropageer dat die alfabette dalk as geheimkodes deur die anti-pouslikes gebruik is. Hy maak melding van die Middeleeuse gebruik om van 'n kombinasie van verskillende alfabette gebruik te maak om heimlik te kommunikeer (1923: 22). Letts argumenteer egter daarteen, omdat geen dokumente gevind is om hierdie stelling te staaf nie, en ook is die alfabette so swak oorgeskryf en opgeteken dat die verskille van een stel tot 'n ander so groot is dat dit 'n langdurige navorsing geëis het om hulle te herken. Iemand op 'n ander plek sou so 'n dokument nie kon uitpluis nie, al het hy 'n kopie van Mandeville byderhand gehad (Letts; 1949: 152).

Die Kaapstadse manuskrip van DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE bevat slegs die ses standaard-alfabette. Die Egiptiese alfabet is egter die enigste daarvan waarvan die vorms van die letters ontbreek. Dit ontbreek ook saam met die Chaldese aan die name van die letters.

#### 4. DIE POSISIE VAN DIE TEKS BINNE DIE GENERIESE BOOM

In die voorafgaande onderafdeling is alreeds melding gemaak van onderskeide wat tussen die verskillende weergawes van die teks getrek kan word. In hierdie onderafdeling sal daar gepoog word om 'n vereenvoudiging te gee van die posisie wat die teks tussen al die ander tekste binne die generiese boom inneem.

Dat die teks van DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE baie gewild onder sy tydgenote moes gewees het, getuig die groot aantal manuskripte. Daar is drie maal soveel as die oorblywendes van Marco Polo! (Bennett; 1954: 219). Tog is meer manuskripte verwoes as die wat oorleef het, as gevolg van natuur- en oorlogrampe. Die opnoem van relieke, die pous en heiliges, is die oorsaak van vernieling en verbranding daarvan gedurende die Hervorming. Teen 1400 was DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE in al die vernaamste tale van Europa vrylik beskikbaar. Baie daarvan is op 'n goedkope manier vervaardig. Hulle is op papier, selde geillumineer en in die vlugtige kursiewe hand oorgeskryf (Bennett; 1954: 220).

Dat die teks eers in Frans geskryf is en dat die Latynse en Engelse weergawes anonieme vertalings daarvan is, is alreeds deur E.W.B. Nicholson bewys in sy brief aan DIE AKADEMIE op 11 November 1876 (Letts; 1949b: 22). Navorsing deur Cramer in 1908 het vasgestel dat daar twee Middelnederlandse vertalings

vanuit die Frans gemaak is. Wat hier volg, is dus 'n uiteensetting van die groepering van die Franse tekste.

#### 4.1. DIE FRANSE TEKSTE: INDELING

Volgens Bennett kan drie Franse weergawes van die teks geïdentifiseer word, naamlik die Normandies-Frans, Parys-Frans, en die Luiks-Frans. De Poerck in 'n artikel wat op Bennett se teorieë gereageer het, wys die pad na 'n meer wetenskaplike benoeming van die twee weergawes: omdat die Normandies-Frans en Parys-Franse tekste nie uitsluitlik in daardie dialekte voorkom nie, word dit tot die "Insulêre" en die "Kontinentale" weergawes onderskeidelik hernoem.

Die Luikse teks is inhoudelik van die Kontinentale soos volg te onderskei: die Luikse is 'n omwerking van die Kontinentale deurdat dit vier ekstra boeke asook talle verhale en legendes aangaande Ogier le Danois bygevoeg het. Daarby is ook melding gemaak van die verteller se twee ontmoetings met die beroemde geneesheer, Jean de Bourgogne te Kairo en Luik. Dit is waarskynlik dat Jean d'Outremeuse hiervoor verantwoordelik was en die vulgaat-Latynse weergawe stam hiervan af. Otto von Diemerigen het 'n vertaling van hierdie Ogier-weergawe ook in Duits gemaak. Hierdie Duitse weergawe vorm die basis van 'n enkele vertaling in Middelnederlands (Bennett; 1954: 220).

Omdat die Kaapse manuskrip nie daardie interpolasies bevat nie, sal daar tot die onderskeid tussen die Insulêre en Kontinentale oorgegaan word.

Die kontinentale weergawe (waarvan die 1371 gedateerde teks, wat vir Karel V gemaak is, 'n voorbeeld van is) bevat volgens Bennett 'n invoeging tot die vertelling oor die Duiwel se vallei wat sy aan 'n tipies Middeleeuse strategie van oordrywing toeskryf: hulle is neergestamp en 1 000 keer geslaan; elke slagoffer het 'n bewys van hul ervaring deur middel van 'n groot swart merk, omtrent die grootte van 'n hand op hul vel; die visioene wat hulle daar gehad het toe hulle bewusteloos geval het, mag nie deur hulle aan ander beskryf word nie.

Verder word Mandeville se verduideliking van die sewe klimate met 'n parafrase van die gedeelte oor die teenvoeters, vervang. Daar is ook 'n verandering van die datum van die jaar van die skryf van die teks van 1356 na 1357. Ander klein verskille is dat die Insulêre die belangrikste woord heel aan die einde van die sin plaas terwyl die Kontinentale die Latynse woordorde volg, en in latere weergawes die woord "Item" aan die begin van sinne bygevoeg is. Die gebruik van die verwysing na die "ivy" in die teks is in die Kontinentale weergawe van die peperwoude na die kasteel van die Sporeware verplaas (Bennett; 1954: 135 - 46). De Poerck noem ook die verskil in tekste waar daar van Archen en die omliggende streek gepraat word, waar die voorhuid van Jesus veronderstel is om te wees.

Volgens Bennett is die beste weergawe van die teks, die Insulêre. Sy het tot hierdie slotsom gekom na aanleiding van haar ondersoek na die identiteit van die skrywer in haar boek THE REDISCOVERY OF SIR JOHN MANDEVILLE (1954). Deur vergelyking van die eie- en plekname, en die ondersoek in die styl van die tekste, het sy tot die gevolgtrekking gekom dat die Insulêre weergawe (waarvan Harley 4383 en die Cotton-manuskripte verteenwoordigers is) die minste korrup is, en dat die outeur van die oorspronklike in 'n helder, konsekwente en eenvoudige styl moes geskryf het. Die Insulêre weergawes moet daarom naaste aan die holograaf staan. Bennett se gevolgtrekking dat die 1371 manuskrip van 'n redaksie van 'n redaksie gemaak is, lei haar tot die konklusie dat 1356 die waarskynlikste datum van die skryf van die oorspronklike moes gewees het. Deur haar ondersoek van die Chantilly-manuskrip kom sy tot die gevolgtrekking dat d'Outremeuse toegang moes gehad het tot 'n Kontinentale-redaksie, wat voor 1371 in omgang moes gewees het (Bennett; 1954: 106).

Sy stel Engeland as die plek van skryf voor om die volgende redes:

- Kopieë van die Normandies-Franse weergawes is meestal in 'n Engelse hand geskryf;
- van die sewentien Franse tekste te vinde in Engeland, is slegs twee nie in Normandies-Frans nie;
- slegs tien van die vyftien manuskripte te Parys is in



daardie dialek, een is 'n Ogier-redaksie, en die oorblywende vier is Normandies-Frans;

- die verspreiding van die Parys-redaksie skryf sy aan die moon<sup>st</sup>/like teenwoordigheid van 'n groot skriptorium in Parys teen die jaar 1371, toe. Die 1371 manuskrip is alreeds deur haar as van 'n lae gehalte bewys (Bennett; 1954: 140 - 1). Verder is die meeste manuskripte nie ryk versier nie, baie is op papier geskryf.
- brokkies Engelsheid is in die verteltegniek deur haar aangewys (sien 3a hierbo);
- die Franse veroordeel die Frans waarin die teks geskryf is, as barbaars en primitief.

Haar slotsom is dus:

"...enough manuscripts survive to provide ample evidence that the original version was written in the French of Gower and the English court in die mid-fifteenth century, and that it was written in all probability, in England, since the best texts were written in English hands and are still preserved in English libraries.

(Bennett; 1954: 176)

Dat die teks eers in Frans geskryf is, is geen verrassing nie, wanneer mens in ag neem, dat Frans die belangriker taal in

Engeland in die eerste helfte van die eeu was, en dat die gebruik daarvan eers afgeneem het na die Swart Dood.

Verskeie ander toevoegings in die teks kom in enkele weergawes van teksgroepe voor, onder andere,

- in die Engelse weergawes is bygevoeg dat die teks in Rome deur die pous goedgekeur is; maar Gregorius XI het eers in 1377 weer van Avignon na Rome teruggekeer (Moseley; 1983: 26).
- in die Latynse weergawes is daar 'n toewyding aan Eduard III wat in geen Engelse teks voorkom nie (Hamelius; 1923: 13).

Die Franse tekste kan dus soos volg gegroepeer word:

Insulêre

\

Kontinentale

\

Ogier-redaksie

#### 4.2. 'N MIDDELNEDERLANDSE AFTAKKING

In Letts se artikel in THE QUARTERLEY BULLETIN OF THE SOUTH AFRICAN LIBRARY kategoriseer hy die Kaapstadse manuskrip as afkomstig van die Kontinentale weergawe, deur te bewys dat dit inhoudelik dieselfde elemente vertoon (1949; 111 - 112). Wat volg, is daarom 'n vlugtige ontleding van die Middelnederlandse weergawes soos uiteengesit in Cramer (1908), Lodewyckx (1910) en Ganser (1985).

Die volgende is die lys van die afkortings van die verskillende Middelnederlandse en -duitse manuskripte wat deur Ganser behandel en geklasifiseer is:

- B = Brussel, Koninklike Biblioteek, cod. 720 - 22.
- Be = Berlyn, Staatsbiblioteek Pruisiese Kultuurbesit,  
Ms. germ.fol. 550
- Bi = Berlyn, Staatsbiblioteek Pruisiese Kultuurbesit,  
Ms. germ.fol. 204
- Bl = Berlyn, Staatsbiblioteek Pruisiese Kultuurbesit,  
Ms. germ.qu. 322
- Br = Berlyn, Staatsbiblioteek Pruisiese Kultuurbesit,  
Ms. germ.qu. 271
- d = Düsseldorf, Universiteitsbiblioteek, Ms. K20;  
Fragment Z15/4
- G = Göttingen, Universiteitsbiblioteek, Ms. histor. 823 b


- H = Den Haag, Koninklike Biblioteek, Ms. 131 B 14  
K = Kaapstad, Suid-Afrikaanse Biblioteek, Ms. G 4 B 17  
L = Leiden, Universiteitsbiblioteek, Ms. BPL 14 F  
La = L, tweede vertaling  
Lb = L, eerste vertaling  
Le = Leiden, Universiteitsbiblioteek, Ms. BPL 1983  
Lu = Lüneburg, Ratsbücherei, Ms. hist. C 29 8  
M = Marberg, Universiteitsbiblioteek, Mscr. 76  
N = Schoerner se samestelling uit BiLu  
S = Soest, Wetenskaplike Stadsbiblioteek, Ms. 28

Deur vergelyking van die alfabette, hoofstukindelings, plasing van opskrifte, opskrifte en inhoudsopgawes, invoegings en weglatings, en die taalkundige fasette van die verskillende manuskripte, is Ganser in staat om die volgende generiese stamboom van die Middelnederlandse en -duitse manuskripte op te stel:

Franse holograaf

Oorspronklike

Standaardteks



(Ganser; 1985: 276)

Die plasing van die Kaapstadse manuskrip berus op die volgende grondslae:

#### 4.2.1. Die Alfabette:

Oor die algemeen kom daar ses alfabette voor, naamlik die Griekse, Egiptiese, Joodse, Saraseense, Persiese en Chaldese. Die alfabette se groot- en kleinletters word meegedeel asook die name daarvan. In geen enkele manuskrip kom die name van die Chaldese letters voor nie. Daarnaas, is daarvan weggelaat of is talle alfabette by die teks bygevoeg. Die twee uiterste groepe in hierdie opsig is BiLü wat agtien en sewentien alfabette (waarvan sestien met mekaar ooreenstem) bevat, en MSG wat onderskeidelik drie, twee en geen alfabette bevat nie (Ganser; 1985: 121 - 5). Die Kaapstadse manuskrip bevat slegs die ses standaard-alfabette, wat Ganser aan die holograaf toeken. Daarvan ontbreek die Egiptiese kleinletters se name en daar is geensins van die grootletters melding gemaak nie.

#### 4.2.2. Hoofstukindelings en die plasing van opskrifte:

Die hoofstukindelings is in die teks waargeneem op grond van die gebruik van lombarde, opskrifte en nummering. Veertien indelings blyk gemeensaam te wees onder al die manuskripte. Ganser se gevolgtrekking is dat daar in die oorspronklike, waarvan hier weergawes gemaak is, 'n teksindeling moes gewees het. Tot 'n klein mate is hierdie verder in K, Lb en Br aangevul, maar die drie het niks in gemeen met mekaar nie. Daarnaas bevat BlBiLüSM die meeste indelings. Bl is onafhanklik van die ander vier. S

en M is waarskynlik op dieselfde indeling gebou, alhoewel in S 'n nuwe ordening van die teks dit soms versteek (Ganser; 1985: 126 - 40).

#### 4.2.3. Opskrifte en inhoudsopgawes:

Die enigste gevolgtrekking wat hieruit spruit is dat Bi en Lü baie titels en inhouds<sup>sds</sup>opgawes in gemeen het. Al die ander tekste wys op 'n uiteenloop van weë. In BeBlGLE kom daar geen opskrifte voor nie. Daar is min in HB en in LbSM word hulle al hoe meer, met de verloop van die teks. In K en Br kom daar nummering in die teks voor, maar hulle is van mekaar onafhanklik: slegs ses van die hoofstuknommers stem ooreen. In K is die breuk ook deur middel van lombarde aangedui. Br tel tot vier-en-sestig, terwyl K slegs een-en-sestig van die nege-en-sestig kerwe nommer. Verder is die inhoudsopgawes heeltemal anders (Ganser; 1985: 141 - 6). Die indelings in die teks van K is meer as wat in die inhoudsopgawe weergegee word, vandaar dat dieselfde Romeinse syfer dikwels meer as een keer in die teks gebruik word (Lodewyckx; 1910: 11). Tussen die drie-en-dertigste en vier-en-dertigste indeling kom daar 'n enkele opskrif in K voor:  
Lamori.

#### 4.2.4. Interpolasies en Weglatings:

In Be en K is daar byna geen interpolasies nie. Dat daar 'n gedeelte van K kort, is toegeskryf aan 'n oogspringfout van die kopiïis, en is nie 'n bewustelike weglating soos dit by ander manuskripte voorkom nie: die laaste woord van die vermiste gedeelte kom voor in die teks, en die gedeelte kom vooraf in die teks voor (Ganser; 1985: 154).

#### 4.2.5. Taalkundige ontleding:

Sintakties staan Be, KBl en H na aan 'n woord vir woord vertaling uit 'n Franse teks. In teenstelling met BeKHGBLb (b is die tweede helfte van die manuskrip) vertoon BlBiLüBrLeSM leksikale streekvariante. Volgens Cramer het die oorspronklike skrywer deur middel van herhaling (toutologieë) sy teks verstaanbaarder gemaak. Hierdie herhalings het verlore gegaan deur die verkorting van latere bewerkers. Die afwykings binne die tekste verklaar hy op dieselfde manier. In sy sinoniemelys gee hy 177 voorbeelde en Schoerner voeg twaalf uit Bi noch daarby.

Lodewyckx het dertien daarvan uitgegooi as slegs hipoteties, en van die 181 oorblywende voorbeelde, bied K in vier-en-vyftig gevalle slegs een woord aan. Drie van die voorbeelde ontbreek in die manuskrip deur teksverlies. Deur bestudering van die sinoniemelyste bemerk Ganser dat 'n deel van die toutologieë wys dat die vertaler die oorspronklike Franse woord oorgeneem het en



daarnaas 'n vertaling bygevoeg het. Le gaan die meeste terug op die Franse woord, en net soos K, bevat dit nie baie van die toutologieë nie (Ganser; 1985: 159 - 166).

Die opmerkings wat Lodewyckx alreeds in sy artikel gemaak het, word deur Ganser op 'n meer uitvoerige wyse uiteengesit. Hy het ook die afwesigheid van die toutologieë en die vloeiende en minder langdradige bewerking daarvan opgemerk. Die beter Nederlandse vertalings wat daarin voorkom, word deur hom aan die hand van enkele voorbeelde opgenoem, byvoorbeeld, dat in K Jesus "gheanxtenneert" word, in plaas van Kramer se teks se "gheexamineert" (1910; 11).


Opsommend is daar tot die gevolgtrekking gekom, dat BiLu een vertaling verteenwoordig omdat hulle grotendeels met mekaar ooreenstem. Nieteenstaande die groot verskil in tale en die interpolasies in die teks, is BeKHBBr se teksinhoud identies. Ander groeperings kom in die vorm van SM en BLb voor. Dit wys dat daar verskillende onafhanklike ontwikkelinge moes plaasgevind het.

Deur vergelyking met kontinentale Franse tekste, en Cramer se geïdentifiseerde probleemareas, kom Ganser tot die gevolgtrekking dat Be, K en Bl onderskeidelik 'n vooraanstaande posisie binne die generiese boom inneem. Op vier plekke kan die drie tekste die Franse tekste aanvul. Be en K gee die volmaakte teks weer, Bl

nie. Die twee grootste foute wat in K voorkom, wat veroorsaak dat dit die voorste posisie aan Be moet afstaan, is die driewoordelike "mit groisser blijtschaf" wat in die lewensverhaal van Samuel kort, en die fout in die geskiedenis van die namegewing van Jerusalem (Ganser; 1985: 219). K kort ook, teenoor Be die grootletters en name van die Egiptiese alfabet. In vergelyking met P13 (Parys, Nationalebiblioteek, nouv.acq.fr. 4515), gee slegs Be die volledige teks in vyf plekke aan; maar p13 is nie die weergawe waarvan die drie vertalings gemaak is nie omdat in al die drie manuskripte daar aanvullings in die teks voorkom wat nie in die spesifieke manuskrip (p13) voorkom nie (Ganser; 1985: 229). In B1 is daar 'n bladsy weg, die oorskrywer het inkorrek gewerk, daar is gedeeltelike weglatings van belangrike gedeeltes en slegs die grootletters van die alfabette word weergegee. Die name van die letters van die Griekse en Saraseense alfabette ontbreek ook.

#### 4.3. Samevatting

Die generiese boom van die Kaapstadse manuskrip kan dus soos volg geteken word:



Wat hier voorafgaan, is 'n baie vereenvoudigde oorsig van 'n diep ingewikkelde navorsingsgebied. Noudat die teks binne die generiese boom geplaas is, bly daar net oor om dit nader te beskryf en dit deur middel van die diplomatiese transkripsie aan die leser beskikbaar te stel.

## 5. BESKRYWING VAN DIE MANUSKRIP

### 5.1. HERKOMS

1861 het die aftredende goeweneur van die Kaapkolonie Sir George Grey, 'n waardevolle versameling manuskripte aan die Suid-Afrikaanse Biblioteek geskenk. Hierdie versameling het, onder 'n twaalfstal Middelnederlandse manuskripte, die teks van DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE bevat (Lodewyckx; 1910: 1).

'n Leidraad aangaande die herkoms van die manuskrip voordat dit aan die Kaap beland het, is te vinde geplak op die binnekant van die voorblad. Dit is 'n uitknipsel uit die katalogus van die boekverkopers, opgeplak deur Grey self, wat soos volg lui:

"A decidedly high critical value is also to be attributed to a Flemish translation of Sir John de Mandeville's travels - a manuscript in quarto (No. 21., fol. 82) - which was seemingly written under the personal superintendence of the author, whose portrait, as voyaging in the middle of the world, forms the frontispiece. A comparison of the readings of this manuscript has been commenced with those of Halliwell's English edition (London, 1836) a copy of which is in the library of Mr Charles A. Fairbridge, and with those of a reprint of the Dutch edition of 1550, in the possession of Mr. Justice Watermeyer."

Hierdie uitknipsel is herlei tot die oorspronklike katalogus deur middel van vergelykings met ander kopieë van die dieselfde weergawe van die katalogus ter Messrs Quaritch in Londen (Casson; 1910: 4).

Bogenoemde meneer Watermeyer is dieselfde persoon aan wie Sir George Grey geskryf het, om sy geskenk aan die biblioteek aan te kondig (Casson; 1959: 3). Die manuskrip het twee keer in die manuskrip-katalogus van Quaritch verskyn, die eerste keer in deel 154, gedateer 15 Desember 1859, op bladsy 42. Die nommer was 2289 en is vir £10 geadverteer. Die volgende jaar het dit weer in die Algemene Katalogus van 1860 op bladsy 136 verskyn. Gedurende hierdie tydperk, was Grey self in Engeland waar hy baie van sy manuskripte aangeskaf het van die drie katalogusse van Quaritch, naamlik April 15, Desember 15, 1859 en Februarie 15, 1860.

Die dialek van die manuskrip is sedertdien op 'n wetenskaplike wyse deur Ganser (1985 ;54 - 56) as suidwes-Brabants bevestig.

## 5.2. BESKRYWING VAN DIE MANUSKRIP

### 5.2.1. Die kodeks

Die teks van DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE is op perkament, dit wil sê skaapvel, geskryf. Op vier plekke is die perkament


geskeur. Dit is toe weer toegenaai voordat die teks daarop  
geskryf is:

1. Folio 1 Verso, kolom a, reëls 35 - 38:

Hier is die gaatjies wat vir die naaiwerk gemaak is,  
duidelik sigbaar:

¶ Jtem vander stat van Jherusalem  
¶ Ende vanden wondre dat daer es . xi.  
¶ Jtem vander doden zee. xij.  
¶ Jtem van. Sinte. Jans hoede ende

2. Heel onder op folio 65, verso, kolom b, net links van  
die bladwagter:

 daermen tper

3. Op folio 70, recto, kolom b, reëls 7 - 10:

een poel ware die meeste  
vander werelt. Ende al waert  
dat si hem in dese zee setten  
si en souden niegerincs mogen  
landen want si en connen ge-


Daar is gerubriseer rondom dieselfde naaiwerk op die

keersy van die bladsy, folio 70, verso, kolom a,  
reëls 5 - 10:

sprake noch tan seitmen datsi  
wtcomen selen inden tide van  
antkerste ende selen herde vele  
kerstene doden. En de daer om-  
me al die Joden vander werelt

4. Onder op folio 78, recto, kolom b:

bsoden mach . want ic segge



Die kodeks bestaan uit elf kwartos, waarvan die eerste, sewende en laaste onvolledig is. Die enkele kwartos is vasgenaai en vasgebind aan twee eikomslae deur middel van vyf kalfsleerbande deur vierkantige gaatjies in die eikomslag. Op albei omslae was daar eens vyf koperknoppe. Hulle was bedoel om die manuskrip op te laat rus as dit oopgemaak word. Daar is nou slegs drie op die voorste omslag. Op die agterste omslag is nog die twee koperplate waarmee die agterblad bevestig was.

Moderne syfers kom voor bo in die regterkantse hoek van die bladsye, waarvolgens geen waarneembare aandag gegee is aan die

ontbrekende bladsye nie. Daarvolgens bestaan die manuskrip uit 83 folios.

Die eerste kwarto bestaan slegs uit vier bladsye; die res is uitgeknip en daar bly slegs 'n smal *onglet* by die naat. Die omsluitende dubbelblad se eerste helfte was vroeër teen die omslag geplak, maar is nou daarvan afgeskeur. Die ander helfte van die dubbele bladsy sou tussen F. 1 en 2 verskyn het, maar is weggeskeur, en van die gerubriseerde stukkies van paragraaftekens daarop, sou dit wou lyk asof dit die opvolg van die inhoudsopgawe sou gewees het, wat op folio 1 verskyn. Folio 1 is die enigste oorblywende bladsy van die eerste helfte van die kwarto. Tussen folio 2, waarop die miniatuur verskyn en folio 3, is daar ook bladsye weggeknip. Tussen folios 64 en 65 kort daar ook weer 'n blad.

Slegs die laaste helfte van die laaste kwarto bestaan. Die binneste twee dubbelblaaië is uitgeskeur, en die blad wat teen die omslag vasgeplak was, is nou heeltemal daarvan weggeskeur, gedeeltelik verniel en verknip. Dit is amper regdeur van bo na onder gesny en op plekke is onreëlmatige vorms daaruit gesny.

Op enkele nie-tekstuele folios, kom daar skryf uit die sestien~~de~~ of sewentiende eeu voor:

Op folio 1, recto, staan drie reëls wat uitgewis is. Lodewyckx stel voor dat die eerste woord Vader kon gewees het, en die



laaste woord van die eerste reël hemelryk (1910: 6). Hierdie kon miskien die eerste paar reëls van die Onse Vader voorgestel het. Nog laer staan in sewentiende-eeuse handskrif:

Edel vnde ernt ueste jn sunders vnde bysunders.

Bo links, op folio 2, recto, in 'n ander hand uit die sestiede of sewentiende eeu, staan volgens Lodewyckx (1908: 6):

ick rop ... yuw Heuss

en laer, omtrent in die middel van die bladsy in 'n hand uit die middel van die sestiede eeu:

Ni        robur        in armis        N        vae tibi

(geen/nog/nie sterkte in wapens?) (nog/nie?)(wee u?)

Bo regs staan, volgens Lodewyckx,

Deme eib

(jy/u/hulle gaan onder?)

en hy stel voor dat dit waarskynlik reeds daarop gestaan het voor die bladsy vir die handskrip gebruik is.

Op folio 82, verso, is die eerste kolom nie vol geskryf nie en die tweede is geheel en al leeg, behalwe vir 'n paar penmerke. In

kolom b heel bo, staan weer Vad, soos in die eerste reël van folio 1.

Op folio 83 staan bo in 'n sestiende of sewentiende-eeuse hand:

Fransz van dem loe (gevolg deur 'n krulletjie).

### 5.2.2. Bladwagters

Bladwagters kom voor in die regterhandse hoek op die verso kant van die laaste bladsy van elke kwarto. Hulle bestaan uit die eerste paar woorde wat op die beginreël van die eerste bladsy van die volgende kwarto verskyn. Sodoende het dit gehelp om die regte volgorde tydens die bindproses te verkry. Hulle is:

- F. 10 Diemen saffia
- F. 18 des geens
- F. 26 onse here verwecte
- F. 34 die dueren
- F. 42 ende hilt dit
- F. 50 te gane
- F. 58 no int palys
- F. 65 daermen tpert
- F. 73 ende sulkentijt
- F. 81 niemen

### 5.2.3. Signature

Signature kom gereeld voor op die eerste vier bladsye van die kwartos. Hulle verskyn in die regter onderkantse hoek op die recto van elke bladsy. Elke kwarto is met Romeinse klein letters gemerk, en die eerste vier bladsye van die kwarto, daarnaas, gemerk met die Romeinse syfers j, ij, iij, iiij. Die letters i en j is uitgelaat in die belettering van die kwartos om verwarring met die Romeinse syfers te vermy. Die negende en tiende kwartos is dus k en l geletter. Die volgende is onreëlmatighede in die nummering van die bladsye:

In die eerste kwarto ontbreek hierdie signature, maar folio 11.. begin met bj.

In die derde kwarto, is slegs cj en cij genommer.

In die vierde kwarto, is slegs dj en dij op folios 27 en 28 genommer. Daar is niks te sien op folio 29 nie en die hoekie van folio 30 is weg.

Weer, in die sesde kwarto, verskyn gj en gij op folios 51 en 52, maar die hoek van folio 53 is weg en folio 54 gaan voort met die telling: giiij.

Op die vyfde bladsy van elke kwarto, is daar 'n kruisie in die regter onderkantse hoek; behalwe in die eerste kwarto (soos alreeds hierbo aangemeld) en op die negende kwarto, folio 70, waar die rand van die bladsy tot vier milimeter van die teks self, weggesnoei is.

Op plekke waar gaatjies in die bladsy voorkom in die middel van die teks, is melding daarvan gemaak in die aantekeninge wat op die transkripsie volg.

Die bladsye self is 262 tot 265 mm hoog by 185 mm breed. Die recto kant van die eerste bladsy is leeg. Hierdie verskynsel was 'n algemene voorsorgsmaatreeël teen normale slytasie (Kleinhenz; 1976: 33). Elke bladsy bestaan uit twee kolomme van twee- en veertig reëls elk. Reëlmatigheid tussen die reëls word versorg deur middel van horisontale lyne, eers geprik (die gaatjies is nog in die rande te sien) en dan in loodpotlood getrek; en vier vertikale lyne sorg vir die bepaling van die breedte van elke kolom: 197 - 202 x 61 - 65 mm.

#### 5.2.4. Die miniatuur

Naas die vooruitstrewende wetenskaplike arabiese wêreldkaart, het die Middeleeue ook die OT-kaart geken. Dit is gebaseer op die Bybel se kennis wat letterlik deur die Kerk opgeneem, verdedig en voortgesit is. (Sien ook 2c) Op die verso kant van folio 2 kom daar 'n vyfkleurige pentekening (180 x 140 mm), die enigste in die manuskrip, voor. Die primêre gebruikte kleure, naamlik goud, rooi en blou, en die minder gebruikte groen vir die oseaan en see en bruin vir die aardoppervlak is daarvoor benut. Dit stel 'n

alleenreisende Mandeville in die middel van 'n OT-kaart se horisontale see voor. Voor en agter hom is twee kleiner lee skuite. Daar is ook een varende opwaarts uit die Middellandse see na waar Mandeville s'n staan. Die posisie van die outeur, met 'n oop boek op sy skoot, illustreer wat self in die teks voorkom:

"Want die.i. dinc wilt con  
dich ende openbaer maken. In dien  
dat een yghelije wete hi doet  
roepen ende becondegen in midden  
der stat ..."

(reëls 150 -154),

en hang saam met die doel van die skryf van die teks. Hierdie woorde kan 'n aanduiding wees, dat die boekmaker of daarvan bewus was dat Mandeville se werk hoofsaaklik 'n bewerking van ander boeke moes gewees het, of dit so geteken het om die waarheidsgetrouheid van die boek te ondersteun. Die reisiger bevind hom by die kruispunt van die Middellandse see, die Nyl en die Don. Ten noorde van hom (die Middeleeuse ooste), is die vasteland Asië, deur twee rivierspruite van die binnedringende oseaan, in drie verdeel. Hierdie twee kon wel die Tigris en die Eufraat gewees het, wat geglo is, afkomstig van die aardse paradys te wees. (Op ander OT-kaarte, is die paradys ten Middeleeuse ooste gesitueer.)

Die uitbeelding van die illustrasies van die stede en woude op die aardoppervlak dui duidelik aan dat dit rond is. Op die

noord-westelike (Middelleeuse oos-noordelike) gedeelte van Asië, is daar van agter na voor, 'n woud, 'n kasteel of stad, 'n woud aan die anderkant van die bol, 'n bees en heel wes (Middelleeuse noord), nog 'n woud. Die landskap ten noord-oos (Middelleeuse oos-suid) bevat in die agtergrond 'n kerk en 'n woud, in die middel 'n digte woud en stad, en in die voorgrond 'n kasteel en 'n woud. Langs die rivier staan ook 'n kameel. Die middelste gedeelte van die kontinent is oningeteken.

Suid-oos (Middelleeuse wes-noord) van die reisiger, is Europa geleë, wat in twee gedeeltes is deur water wat van die Middellandse see tot in die omringende see loop. Op die noordelike (Middelleeuse oostelike) gedeelte, is daar 'n stad met twee woude aan die linkerkant en een aan die regterkant daarvan geteken. Op die suidelike (Middelleeuse westelike) deel, is in die agtergrond twee woude, met 'n stad tussen hulle en die woud aan die Middellandse see se oewer.

Aan die anderkant van die Middellandse see, is Afrika (of Ethiopië) met in die agtergrond twee stede met 'n woud tussen hulle in die middel, en op die voorgrond 'n stad wat van die res van die land amper afgesonder is deur een van die twee smal riviere wat saamloop uit 'n woud langs die Middellandse see tot in die omringende oseaan.

Die lande is omring deur 'n oseaan wat die kaart sy OT-vorm gee. Waar die oseaan die landmassa op vier plekke binnedring, is die

vier winde vermenslik, elkeen met 'n blaashoring voorsien. Hul posisies kom ooreen met die vier kardinale van die kompas. Die (Middeliese) oos en wes winde is 'n rooi geklee, die noord en suid in groen. Die oostelike (suidelike) figuur is 'n klassieke voorstelling van die wind, en die ander drie figure kom voor as Middeliese aanpassings daarvan.

Daar rondom, is 'n gekartelde band van blou en wit wolke waarin tien goudbruin voëltjies voorkom. Dit is omring deur 'n sfeer van drie-en-twintig goue sterre, die STELLATUM (Lewis; 1964: 96), in beweging gehou deur vier engele. Volgens Clemens van Alexandrië, is <sup>van</sup> die engele die werk van die beweging van die sterreband toegeken, asook as die kontroleerders van die vier elemente, naamlik die aarde, lug, vuur en water aangestel. Hierdie vier gekroonde engele kan wel ook 'n voorstelling van die vier bekende aartsengele uit die Bybel wees, naamlik:

Michael, die Krygsman van God, uit die Ou Testament;

Gabriël, die BoodsAPPER van God, ook uit die Ou Testament;

Rafael, die Geneser en Helper, uit die Apokriewe boek van Tobit; en

Uriël, die Vuur van God, uit die Apokriewe boek van II Esdras.

In kontras met die figure wat onder die wolke, dit wil sê, op die aarde voorkom en wat in Middeliese kleredrag geklee is, is die engele in lang, vloeiende tabberds en skouer mantels van rooi en

blou geklee. Elkeen is met 'n paar groot verevlerke toegerus. Die engel in die onderste regterkantse hoek is nog nie ingekleur nie. Slegs die buitelyne daarvan is geskets. Hulle kom voor teen 'n agtergrond van gepolyste goud, 'n voorstelling van die hemel.

Vir die Middeleeuers was rooi die mooiste van alle kleure; derhalwe hul gebruik daarvan vir die rubrikasie om lof te bring. Bruin is die lelikste (Huizinga; 1963: 337), en in hierdie miniatuur, is dit die aarde wat daarmee gekleur is. Die getroue engele wat daarvoor sorg dat die sterreband altyd aan die beweeg is, is in die kleur wat daarvoor simbolies was, naamlik, blou, geklee. Die Middeleeuse mens het met verwondering bo na die heelal gekyk, na daar waar die harmonie van liefde en deug oral en altyd seëvier. Volgens hulle siening was die aarde slegs 'n kosmiese vullisblik en die gebruik van die kleure in hierdie miniatuur is 'n voorstelling van daardie siening.

#### 5.2.5. Die inisiaal

Op folio 3 reël 3, na die openinggebed van die teks, die kruisteken, is daar 'n versierde agtreëlige inisiaal, wat die eerste helfte van die letter W uitmaak in "WAnt". Dit is 35 mm hoog en 40 mm breed. Die letter self is in blou teen 'n agtergrond van goud. Daarbinne is 'n gekrulde rooi tak met blou



en rooi blomme daarop. Die inisiaal loop oor in die linker kantlyn met deurvlegte rooi en blou blare en eindig onder in 'n vyfhoekige goue ster. Daarnaas staan dan "VAnt" waarvan die V, maar nie die A nie, gerubriseer is.

#### 5.2.6. Rubrikasie

Rubrikasie en Latyn is in die Middeleeue gebruik om 'n sekere tema of onderwerp te huldig (Lewis; 1964: 208). Dit verklaar die skrywer se oënskynlike voorliefde vir aanhalings. Die rubrikasie word ook saam met hoofletters aan die begin van sinne en vir opvultekens op die indeksbladsy gebruik. Die rooi stof bestaan uit kwiksulfide, wat ook sinnaber genoem is, en wat al vroeër deur die Egiptenare gebruik is vir dieselfde dekoratiewe funksie (Jackson; 1981: 89).

Die rubrikasie verskyn in drie verskillende vorme: horisontale en vertikale strepe, en die paragraaftekens. Horisontale rubrikasie word vir lang aanhalings en nummering gebruik, terwyl die vertikale lyne slegs deur enkele letters getrek is. Behalwe vir die drie paragraaftekens in reëls 29, 4 880 en 12 339 onderskeidelik, is al die paragraaftekens in die teks in rubrikasiestof weergegee.

Omdat die funksie daarvan enersyds dekoratief is en andersyds saamval met die funksie van die hoofletters aan die begin van die

reëls, word daar in die teks wat volg, nie 'n onderskeid gemaak tussen die drie tipes nie. Rubrikasie word deur middel van vetgedrukte letters aangedui.

### 5.3. DIE PALEOGRAFIE VAN DIE TEKS

#### 5.3.1. Wat is 'n diplomatiëse afskrif?

'n Diplomatiëse afskrif van 'n teks is 'n transkripsie wat so na moontlik aan die diplomatiëse prinsipe voldoen. Teoreties eis die diplomatiëse beginsel 'n noukeurige weergawe van die oorspronklike tekens, soos hulle in die bron voorkom deur middel van die moderne skryfsistiem. Daarnaas moet die vervangende tekens aan dieselfde funksies voldoen sodat dieselfde onveranderde boodskap oorgedra word. 'n Diplomatiëse edisie vergemaklik dus die studie van die teks, deur nie net die inhoud beskikbaar te stel nie, maar ook tekskritici in staat te stel om na sekere teksgedeeltes op en in die manuskrip self te verwys. 'n Diplomatiëse afskrif is dus 'n noukeurige weergawe, deur middel van moderne skryftekens van die teks *net soos dit in die bron voorkom* ( Truwanten; 1978: 20 -1).

Prakties is dit onmoontlik om geheel en al aan bostaande prinsipe te voldoen, omdat die menslike faktor 'n groot rol in albei die produk en die transkripsie speel. Dat dit moeilik is om as 'n suiwer objektiewe wetenskaplike te werk te gaan, getuig

- a) die verskillende foute gemaak deur die skriba, en
- b) die talle verskillende diplomatieuse weergawes gemaak van enkele manuskripte byvoorbeeld, die TRUWANTEN-manuskrip (Brussel. K.B., hs, 15. 589 - 623, F. 235) wat alreeds sewe keer uitgegee is. (Truwanten; 1978: 27).

Enkele probleme wat hierdie taak bemoeilik, is die insluipende subjektiwiteit van die lees, sodat mens geneig is om die 'mees algemene' spelling in 'n woord te wil inlees, veral wanneer die moegheid oorneem. Ook moet die skryffout of spelfoute (want dit is nie altyd moontlik om die twee te onderskei nie) en spelvariasies so getrou moontlik weergegee word.

Die teks van DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE wat in die Suid-Afrikaanse Biblioteek te vinde is, is in 'n duidelike, vaste en reëlmatige handskrif, in Gotiese letters, die skryfstyl van literêre manuskripte, geskryf (Caroll; 1976: 39). Dit bestaan uit letters wat bestaan uit swaar lyne saangebina deur haarfyn lyne (van der Gouw; 1963: 23). Hierdie soort skrif was gebruik omdat sodoende meer woorde op 'n bladsy kon pas, veral soos in hierdie geval, wanneer dit in twee kolomme geskryf is. Dit het een derde uitgemaak van die spasie op die bladsy, wat die ope Karolingiese letters van dieselfde hoogte opgeneem het (Jackson; 1981: 80 -1). Daar is egter niks in die manuskrip wat enigiets oor die kopiërs of waar of wanneer presies hy die manuskrip uitgeskryf het, meedeel nie. Volgens Jackson (1981: 78) was die

produksie van boeke lankal nie die alleenreg van die kerk teen die einde van die vyftigerjare in die veertiende eeu nie. Die hoofindelings van die ambag is alreeds tot stand gebring en hulle het gildes gevorm om hul waardevolle geheime teen teenstanders te beskerm en om die gemeenskap te kontroleer. Kontrakte is opgestel by die vervaardiging van boeke wat geldsake en tydsbepalings vasgestel het. Die kuns van boekvervaardiging was teen daardie tyd al, 'n neweproduk van die proses.

Omdat die hedendaagse alfabet teruggaan op die Middeleeuse skryftekens (Truwanten; 1978: 21), is daar slegs 'n paar probleme wat in die afskrif daarvan opduik en is op die volgende maniere opgelos:

### 5.3.2. Paragraaftekens

Paragraaftekens in die manuskrip het 'n teksstrukturerende funksie: hulle markeer

- i. teksgedeeltes groter as een sin maar kleiner as die deur die lombarde aangegee;
- ii. Latynse en Griekse aanhalings;
- iii. die oorgang van een reël in die volgende as gevolg van gebrek aan ruimte aan die einde van 'n hoofstuk;
- iv. die opnoem van plek en eiename.

Alhoewel die moderne skryfsisteem oor nog 'n gelykwaardige teken naamlik die oorslaan van reëls beskik, word alle paragraaftekens as ¶ weergegee omdat van die paragraaftekens in die teks aan die einde van die eerste reël van die volgende afdeling voorkom. Om reëls daar oor te slaan sou dus ondiplomaties wees, soos die volgende voorbeeld wys:

"DEse stat van ¶ .xv.  
tyberien en es niet herde..."

(reëls 5 124 -5)

In die teks kom ook gerubriseerde opvultekens aan die einde van die laaste reël van 'n afdeling voor: ~

### 5.3.3. Die letters

Hoofletters word weergegee soos hulle in die bron voorkom. Lombarde , dit is, ekstra groot letters van ongeveer drie tot vier reëls in hoogte, word weergegee deur middel van hoofletters saam met die inspringing van die betrokke reëls, omdat hulle aan dieselfde funksie voldoen as die inspringende reël aan die begin van 'n nuwe alinea in moderne drukwerk. Die inisiaal wat voorkom op folio 3, recto, kolom a, word weergegee deur middel van vetgedrukte hoofletters, gepaardgaande met die inspringing van die betrokke reëls.

#### 5.3.4. Interpunksie

Die interpunksie in die transkripsie, is net so oorgeneem uit die bron: alle pousetekens (/) en punte, asook die punte aan weerskante van die Romeinse syfers en plekname, word net so oorgeskryf. Romeinse letters wat getalle aandui, is tussen punte gesit om dit van die res van die teks te onderskei. Die Romeinse syfer 'iv' word telkens as 'iiij' in die teks weergegee. 'n Koppelteken kom voor aan die einde van reëls om oorlopende woorde se lettergrepe te verbind en Lodewyckx (1910: 7) wys op die eienaardigheid dat by die afbreking van dubbele medeklinkers, die medeklinker een keer aan die einde van die eerste reël en dan twee keer aan die begin van die tweede reël herhaal word, byvoorbeeld, folio 82, recto, kolom b, 7 -8. Woorde wat in die bron aaneengeskryf of apart voorkom, word op dieselfde wyse weergegee. Soms was dit moeilik gewees om te onderskei of twee woorde of woordegedeeltes bymekaar staan of nie. Daar is dan geprobeer om dit so objektief moontlik weer te gee.

#### 5.3.5. Spellingsvorme

In die teks kom daar verskillende spellingsvorme van die volgende letters voor:

- i. die s word weergegee deur 'n lang ʃ of die s letter soos ons hom nou gebruik. Die verskillende gebruik van die twee

variante blyk af te hang van die posisie wat dit opneem in die woord waarin dit voorkom: so kom die gewone geronde s slegs aan die einde van 'n woord voor, en die lang s, [ʃ], in alle ander posisies. In die transkripsie word hulle in die een vorm: s weergegee omdat hulle aan dieselfde funksie voldoen.

ii. Die verskillende gebruik van r en ʒ word as r in die transkripsie weergegee. (Geen verskil in funksie is merkbaar nie.)

iii. die u - klank word normaalweg op dieselfde wyse gebruik, byvoorbeeld in "ongefigureert, cussen, cruce" maar by woorde soos byvoorbeeld, "nv," word van 'n v gebruik gemaak. Die gebruik van die v - klank kom normaalweg voor aan die begin van 'n woord, byvoorbeeld, "van, voglen, vremder", maar in woorde soos "duuels," word 'n dubbele uu gebruik en in "wiue, graue, hauene" word dit deur middel van 'n u voorgestel. Die uu klank word ook deur middel van 'n w voorgestel, soos in "wt". Hieruit blyk dit dat die spellingkonvensies van hierdie letters anders moes gewees het (Truwanten, 1978: 17). Daar word daarom by die oorspronklike spelling gehou.

iv. die i word van ander letters onderskei deur middel van 'n strepie op die letter. Die klein i en j wissel in funksie, sodat die verlengde i:j, gewoonlik die einde van die klank of getal aandui, byvoorbeeld "sijn", "iiiij". Die gebruik van die i en j

wissel ook wanneer dit aan die funksie van die moderne j voldoen, byvoorbeeld "jaer, iaer, jherusalem". Die letters word dus net soos hulle in die teks voorkom, weergegee.

v. twee variante van die kleinletters m en n kom voor in die teks, naamlik die gewone m en n en die met 'n addisionele stertjie:

ᵐ en ᵑ

Daar is egter geen funksionele verskil nie en hulle word deur middel van die gewone m en n weergegee.

#### 5.3.6. Leesprobleme

By die lees van die manuskrip word enkele leesprobleme (wat byvoorbeeld saamhang met die skryfkonvensies) ondervind. Onder hulle is die volgende:

die onderskeide tussen die volgende twee paar letters soos volg getrek:

b (6) en v (ʋ)

Laasgenoemde word onderskei deur die regte<sup>st</sup>handse seraf.

c en t

Die c is gewoonlik onderskeibaar deur 'n van links na regs aflopende streep, terwyl die dwarsstreep van die t altyd links van die letter uitloop en meer horisontaal



voorkom.

Nogtans is sommige letters soms moeilik van mekaar te onderskei, naamlik die koppelletters

ff, fi, fl, ffi en ft

Na nadere inspeksie van die teks, is dit moontlik om hulle van mekaar te onderskei, maar daar bestaan egter ook die lokval om die gepaste letter in die teks in te lees, veral wanneer daar ook 'n tweede teks as kontrole gebruik word.

In sommige plekke word op die teks verbeter soos die skrywer uitkrap. Hierdie gevalle word in die aantekeninge aan die einde van die transkripsie weergegee saam met enige eienaardighede of skryffoute wat voorkom.

### 5.3.7. Afkortings

Afkortings het die kopiërs in staat gestel om gouer te skryf en ruimte te bespaar. Lodewyckx maak melding van slegs die hoofsaaklikes, naamlik, die streep vir m, n en de; die ' vir er, aer; .co. vir coninc; p vir per; en .S' vir Sinte (1910: 7). Wat volg is 'n meer gedetailleerde ondersoek van die afkortings wat sover moontlik volgens die variante in die manuskrip opgelos is. Die indelings volg die van van der Gouw (1963).

## A. Afkappings

1. by die normale afbreking van 'n paar letters, byvoorbeeld

a. .cō. vir coninc

datm̄ vir datmen

ihē vir ihesus

b. ' vir ine in sarrasine

' vir inte in Sinte

' vir ert in opwert

W vir Waer

2. vir besondere gevalle, byvoorbeeld

a. vir die eind -m of -n ('n oeroue afkorting)

mē vir men

vā vir van

b. vir -m of -n waar hulle in die middel van 'n woord voorkom, byvoorbeeld

dīgaen vir dingaen

cōt vir comt

gaēde vir gaende

lāt vir lant

c. die wegval van een van die dubbele medeklinkers in die middel van 'n woord, byvoorbeeld

su<sup>h</sup>am vir sunnam  
ne<sup>h</sup>mer vir nemmer  
zo<sup>h</sup>ne vir zonne

d. na analogie van die Latyn un vir unde, die  
e<sup>h</sup>n vir ende

## B. Sametrekking

1. met die bogeskrewe streep, byvoorbeeld

d<sup>h</sup>ne vir domine  
d<sup>h</sup>ns vir dominus  
J<sup>h</sup>s vir Jhesu  
tab<sup>h</sup>nacula vir tabernacula

2. met bogeskrewe letters

a. vir die saamtrek van die lettergreep in, byvoorbeeld

stont<sup>t</sup> vir stontin

b. vir die saamtrek van die lettergreep wat eindig op t,  
byvoorbeeld

onrechtich<sup>t</sup> vir onrechticheit

c. vir die inkrimping van 'n letter, byvoorbeeld

v<sup>e</sup>rouwe vir verouwe

wa<sup>f</sup> vir was (veral aan die einde van 'n reël)

d. waarna 'n a ontbreek, byvoorbeeld

q<sup>u</sup>et vir quaet

e. waarvoor 'n r ontbreek, byvoorbeeld

g<sup>o</sup>et vir groet

v<sup>o</sup>uwe vir vrouwe

f. waarna 'n e ontbreek, byvoorbeeld

wa<sup>r</sup> vir ware

g. met klinkerverandering waar ook 'n r voor die bogeskrewe letter ontbreek, byvoorbeeld

c<sup>u</sup>cht vir cracht

sp<sup>u</sup>c vir sprac

3. met 'n ,byvoorbeeld

ᶜ jhrlm vir jherusalem

C. Die toepassing van konvensionele Latynse tekens

1. Die onveranderde toepassing van

p vir pro in prouinchen

9 vir con/m in conversus  
complaciu

vir ne in omnes

2. Die onveranderde toepassing die er afkorting, byvoorbeeld

p in periunt  
super

' in kerste,  
doder  
datter  
here

9 in der

3. Die veranderde toepassing van die er afkorting

a. met klinkerverandering, byvoorbeeld

9 vir ae in ysrael

, vir aer in waert

p vir aert in paert

b. met omkering, byvoorbeeld

' vir re in sire

9 vir re in mindere

p vir re in prelaet

c. met inkrimping van enkele letters, byvoorbeeld

' vir e in vadere

' vir r in sire

4. Die onveranderde toepassing van die et teken, byvoorbeeld

3 vir et in niet

5. Die veranderde toepassing van die et teken, byvoorbeeld

3 vir us in domin~~us~~

3 vir iet in niet

6. Die onveranderde toepassing van die us teken, byvoorbeeld

4 vir us in alpheus

7. Die onveranderde toepassing van vir rum, byvoorbeeld

7 vir rum in ortorum

Alle oplossings van afkortings in die teks word onderstreep.

#### 5.3.8. By die lees van die transkripsie

In die transkripsie kom twee tipes nummering voor: dié aan die linkerkant van die teks verwys na die eintlike posisie van die gedeelte van die teks soos dit op die manuskrip geskryf staan. R dui die recto kant van die bladsy aan, V die verso, a die linkerkolom, b die regterkolom. Daarnaas word die reëls per kolom ook genommer waarvan die folio nommers die nommers in die

regterkantse hoek van die rectos in potlood volg. Die deurlopende nummering aan die regterkant volg dié van die teks en is om praktiese redes verskaf, om die verwysing na teksgedeeltes en spesifieke woorde te vergemaklik. Hierdie reëltelling is gebruik by die opstelling van die indeks.

Onduidelike en onleesbare letters word soos volg in die teks aangedui:

- ( ) ronde hakies word vir onduidelike letters of twyfelagtige lees, gebruik.
- (....) Ronde hakies met stippels word gebruik waar daar onsekerheid is oor die aantal letters wat voorkom.
- [ ] Vierkantige hakies word gebruik om letters aan te dui wat onleesbaar geword het, maar wat op grond van die konteks aangevul kon word.

Aan die einde van die transkripsie, is aantekeninge oor moeilik leesbare en uitgekrapte letters en woorde, asook enige eienaardighede oor die opskryf van die letters, verskaf. Dat die teks goed versorg is blyk uit die groot aantal korreksies in die teks waar letters verander is. Die werk van 'n korrigeerder is deur Lodewyckx op twee plekke in die manuskrip aangewys waar hy self aan die manuskrip verander het (1910: 8).

Omdat daar geen ander volledige weergawes van die spesifieke teks bestaan het nie, is daar van fotokopieë van 'n mikrofilm, die mikrofilm self, vergelyking met die manuskrip en Cramer se edisie

van 'n nastaaende Middelnederlandse teks, as kontroles gebruik  
gemaak.

Bewus van die moontlikhede van transkripsie-foute, die menslike  
faktor en oplossingsfoute van die afkortings, is die transkripsie  
tot die beste van my wete, foutloos. Daar bly nog oor om die  
teks in besonderheid te kontroleer deur vergelyking met ander  
edisiës van dieselfde verhaal en sodoende 'n kritiese edisie  
daarvan te produseer.



### 5.3.9. Opsomming

Opsommend, kan die manuskrip dus soos volg wetenskaplik beskryf word:

Kaapstad, Suid-Afrikaanse Biblioteek, Rak nr. G 4 b 17 (voorheen Grey Versameling I, 361 - 363).

1390 - 1430; perkament; 262 tot 265 x 185 mm, 2 kolomme van 42 reëls elk per bladsy, littera textualis; 83 folios; 1 miniatuur; 8-reëlige inisiaal; lombarde 3 -4 reëls hoog; kalfsleerband; Oorspronklik.

Vertaling in suidwes-Brabants van die Kontinentale Frans. 6 alfabette. Voorheen eiendom van Sir George Grey, goewerneur van die Kaapse kolonie.

## BIBLIOGRAFIE

1. Bennett, Josephine Waters  
1954  
THE REDISCOVERY OF SIR JOHN MANDEVILLE  
(Modern Language Association of  
America, Monograph Series 19), New  
York.
2. Bennett, Josephine Waters  
1973  
"Mandeville, Sir John" in ENCYCLOPAEDIA  
BRITANNICA, Vol 14, p. 772 f.
3. Carroll, Carleton, W.  
1976  
"Medieval Romance paleography: a brief  
introduction" in MEDIEVAL MANUSCRIPTS AND  
TEXTUAL CRITICISM, Kleinhenz, Christopher  
(red.) North Carolina Studies in the  
Romance Languages and Literatures  
Symposia Nr. 4.
4. Casson, L. F.  
1959  
"The Mediaeval manuscripts of the Grey  
Collection in saleroom and bookshop" in  
QUARTERLY BULLETIN OF THE SOUTH AFRICAN  
LIBRARY Deel 14, nr. 1, September.
5. Clark, D. L.  
1957  
"Immitation" in RHETORIC IN GRECO-ROMAN  
EDUCATION, New York, Columbia University  
Press.
6. Cramer, Nicolaas Adrianus (red.)  
1908  
DE REIS VAN JAN VAN MANDEVILLE, NAAR DE  
MIDDELNEDERLANDSCHE HANDSCHRIFTEN EN  
INCUNABELEN, Leiden, Boekhandel en  
Drukkerij.
7. De Kock, W.J.  
(hoofred.)  
1968  
DICTIONARY OF S. A. BIOGRAPHY Kaapstad,  
Nasionale Boekhandel Beperk.

8. De Poerck, Guy  
1955  
"La traditon manuscrite des 'Voyages' de  
Jean de Mandeville" in ROMANICA GANDENSIA  
deel 4.
9. Dixon, P.  
1971  
"The rules of Rhetoric" in  
RHETORIC, Londen, Methuen en Kie..
10. Du Toit, A. E.  
1968  
"Grey, Sir George" in  
DICTIONARY OF SOUTH AFRICAN BIOGRAPHY,  
deel 1, Kaapstad, Nasionale Boekhandel.
11. Fuson, R. H. (red.)  
1987  
THE LOG OF CHRISTOPHER COLOMBUS  
Ashford Press Publishing.
12. Ganser, Walter Gunther  
1985  
DIE NIEDERLÄNDISCHE VERSION DER  
REISEBESCHREIBUNG JOHANNIS VON  
MANDEVILLE: UNTERSUCHUNGEN ZUR  
HANDSCHRIFTLICHEN UBERLIEFERUNG,  
Amsterdam, Rodopi B.V.
13. Gerritsen, W. P.  
1983  
"Mandeville en het astrolabium" in  
DE NIEUWE TAALGIDS, deel 76,  
bl 481 - 495.
14. Grant, John Cameron (red.)  
1895  
THE MARVELLOUS ADVENTURES OF SIR JOHN  
MAUNDEVILE KT.,  
Westminster, Archibald Constable en Kie.
15. Hamelius, Paul  
1923  
MANDEVILLE'S TRAVELS. TRANSLATED FROM  
THE FRENCH OF JEAN D'OUTREMEUSE, Vol. 2,  
(Early English Text Society, Original  
Series 154), Londen, Oxford University  
Press.

16. Harrison, Frederick  
1943  
A BOOK ABOUT BOOKS  
Londen, John Murray.
17. Howard, Donald, R.  
1971  
"The world of Mandeville's travels" in  
THE YEARBOOK OF ENGLISH STUDIES, deel 1.
18. Howard, Donald, R.  
1980  
WRITERS AND PILGRIMS  
California, University of California  
Press.
19. Huizinga, John  
1963  
HERFSTIJ DER MIDDELEEUWEN  
Haarlem, Tjeenk Willink.
20. Huygens van Beeck, Pieta  
1988  
SYLLABUS MIDDELNEDERLANDSE LETTERKUNDE  
Interne publikasie, Universiteit Kaapstad
21. Jackson, Donald  
1981  
"The Middle Ages" in  
THE STORY OF WRITING,  
Londen, Studio Vista en Parker Pen.
22. Jackson, Isaac  
1928  
"Who was Sir John Mandeville? A fresh  
clue." in MODERN LANGUAGE REVIEW,  
bl. 466 - 468.
23. Janssens, J  
(hoofred.)  
1990  
EN TOCH WAS ZE ROND... MIDDELEEUWS MENS-  
EN WERELDBEELD,  
Gent, Snoeck-Ducaju.
24. Lee, S.  
1893  
"Mandeville" in  
NATIONAL BIOGRAPHY, vil XXXVI  
Londen, Smith, Elder and Co..

25. Letts, Malcolm  
1949a  
SIR JOHN MANDEVILLE, the man and his book  
Londen, Batchworth Press.
26. Letts, Malcolm<sup>if</sup>  
1949b  
"Sir John Mandeville's Travels" in  
QUARTERLY BULLETIN OF THE SOUTH AFRICAN  
LIBRARY, deel 3, nr. 4, Junie.
27. Letts, Malcolm (red.)  
1953  
MANDEVILLE'S TRAVELS. TEXTS AND TRANSLA-  
TIONS, Deel 1, Londen, Hakluyt Society.
28. Lewis, C. S.  
1964  
THE DISCARDED IMAGE.  
Londen, Cambridge University Press.
29. Lodewyckx, A.  
1908  
"Een nieuw Mandeville-handschrift" in  
TIJDSCHRIFT VOOR NEDERLANDSCHE TAAL- EN  
LETTERKUNDE, Deel XXX, Stellenbosch.
30. Madan, Falconer  
1893  
BOOKS IN MANUSCRIPT.  
Londen, Kegan Paul.
31. Moseley, C.W.R.D.  
1974  
"The metamorphoses of Sir John  
Mandeville" in  
YEARBOOK OF ENGLISH STUDIES, 4.
32. Moseley, C.W.R.D. (red.)  
1983  
"Introduction" in  
THE TRAVELS OF SIR JOHN MANDEVILLE.  
Great Britain, Penguin Books.
33. Nicholson, E.B. en Yule, Sir H.  
1883  
"Mandeville, Jehan de" in  
ENCYCLOPAEDIA BRITANNICA

34. Pirenne, H. 1894 - 5  
 "Mandeville, Jehan de" in  
BIOGRAPHIE NATIONALE, deel 13,  
 Brussels, Bruylant-Christophe en Kie.
35. Pleij, H. 1984  
HET LITERAIRE LEVEN IN DE MIDDELEEUWEN  
 Martinus Nijhoff, Leiden.
36. Southern, R. W. 1953  
THE MAKING OF THE MIDDLE AGES  
 London, Hutchinson and Co..
37. Taylor, E. G. R. 1953  
 "The cosmographical ideas of Mandeville's  
 day." in  
MANDEVILLE'S TRAVELS, (red.) M. Letts,  
 bl. li - lix.
38. "Wat staat er in het handschrift?" in  
TRUWANTEN, Nieuwe Taalgids Cahiers 6,  
 Die Nederlande, Wolters-Noordhoff.
39. Van der Gouw, J. L. 1963  
OUDE SCHRIFT (Archivistica: Publikasies  
 van die Argiefskool. Nr. 3) Zwolle,  
 N.V. Uitgewers-Maatskappy.
40. Van Heerden, E.H. 1969  
 "Die reisverhaal" in  
DIE ANDER WERKLIKHEID,  
 Kaapstad, Nasionale Boekhandel Bpk..
41. Warner, George Frederick,  
 1893  
 "Mandeville, Sir John" in  
DICTIONARY OF NATIONAL BIOGRAPHY,  
 deel xxxvi, Londen, Smith, Elder en Kie.

\*\*\*\*\*